# DIE AANWENDING VAN TOERISME, OPELUGONTSPANNING EN NATUURBEWARING AS STIMULUS VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N AGTERGEBLEWE GEBIED MET SPESIALE TOEPASSING OP MAPUTALAND

deur

L. JOUBERT

Die verhandeling is voorgelê
ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
wat neergelê is deur die
Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys vir die Graad
Magister Artuim Et Scientiae (Beplanning)

Studieleier:
Prof. F. Potgieter

Februarie 1979

## VOORWOORD

Die versameling van die feite wat in hierdie verslag en kaarte weergegee word is teen die einde van 1974 afgesluit. Hieruit spruit twee aspekte wat onder die aandag van voornemende lesers gebring moet word.

Eerstens het toestande sedert 1974 aansienlik verander, wat gevolglik nie in aanmerking geneem is nie. Hier kan veral die ekonomiese, asook die politieke toestande onderskei word.

Tweedens is daar ondertussen 'n ontwikkelingsplan vir KwaZulu tot stand gebring, maar aangesien hierdie studie toe reeds in 'n gevorderde stadium was, is die ontwikkelingsplan nie in aanmerking geneem nie.

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bl. |
|---|---|---|
| Kaarte | | |
| Tabelle | | |
| DEEL I | | 1 |
| HOOFSTUK | | 1 |
| 1. | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | OPDRAG EN DOEL | 1 |
| 1.2 | BEPLANNING AS MIDDEL TOT DIE DOEL | 1 |
| 1.3 | AFBAKENING VAN DIE STUDIEGEBIED | 3 |
| 1.3.1 | Definisies | 3 |
| HOOFSTUK II | | |
| 2. | DIE EKONOMIE VAN TOERISME | 6 |
| 2.1 | ALGEMEEN | 6 |
| 2.2 | TOERISME AS FAKTOR IN DIE WÊRELDEKONOMIE | 6 |
| 2.3 | TOERISME EN DIE NASIONALE EKONOMIE | 7 |
| 2.3.1 | Toerisme as 'n bron van Buitelandse Valuta | 7 |
| 2.3.2 | Toerisme as Bron van Inkome en Werkgeleentheid | 11 |
| 2.3.2.1 | Toerisme as bron van inkome | 11 |
| 2.3.2.2 | Toerisme as bron van werkgeleentheid | 12 |
| 2.3.2.3 | Die vermenigvuldiger effek van toerisme | 13 |
| 2.3.2.3.1 | Toerisme as Afsetter van die Vermenigvuldigerproses | 14 |
| 2.3.2.3.2 | Praktiese implikasies van die Vermenigvuldiger | 18 |
| 2.4 | DIE ROL VAN TOERISME IN DIE ONTWIKKELING VAN AGTERGEBLEWE GEBIEDE | 19 |
| 2.4.1 | Moontlike bydrae van toerisme tot ontwikkeling van agtergeblewe gebiede | 25 |
| 2.4.1.1 | Positiewe bydraes van toerisme in agtergeblewe gebiede | 25 |
| 2.4.2.2 | Nadele van toerisme in agtergeblewe gebiede | 28 |
| HOOFSTUK III | | 30 |
| 3. | ONTLEDING VAN DIE FAKTORE WAT TOERISME BEÏNVLOED | 30 |
| 3.1 | BEVOLKINGSGROEI | 31 |
| 3.2 | VERSTEDELIKING | 31 |
| 3.3 | VRYETYD | 33 |
| 3.4 | INKOMSTE | 34 |
| 3.5 | MOBILITEIT | 35 |
| 3.6 | ONDERWYSPEIL | 36 |

HOOFSTUK IV 37

4. TENDENSE IN TOERISME 37
4.1 VERBLYFSTENDENSE VAN TOERISME 38
4.2 TOERISTEVERVOERPATRONE 41
4.3 TOERISTENEIGINGS BY BUITELUGONTSPANNINGSDEELNAME 46

HOOFSTUK V

5. TOERISMEHULPBRONNE 53
5.1 NADERE BESKOUING VAN TOERISMEHULPBRONNE 53
5.1.1 Kenia 54
5.1.2 Tunisië 55
5.1.3 Ethiopië 56
5.2 BEWARING VAN TOERISMEHULPBRONNE 58

61

HOOFSTUK VI 61

6. BEPLANNING TER BENUTTING VAN TOERISMEHULPBRONNE 61
6.1 ONTWIKKELINGSRIGLYNE 61
6.1.1 Grondbenuttingsbeplanning 63

DEEL II
HOOGSTUK VII

7. BESKRYWING VAN MAPUTALAND 73
7.1 FISIESE TOESTANDE 74
(a) Ligging en grootte 74
(b) Topografie 75
(c) Geologie 75
(d) Grondgesteldheid 76
(e) Dreinering 77
(f) Klimaat 80
(g) Plantegroei 81
(h) Dierelewe 89
7.2 BEVOLKING 93
(a) Bevolkingsgetalle 93
(b) Bevolkingsamestelling 93
(c) Historiese agtergrond 94
(d) Bevolkingsverspreiding 94

7.3 EKONOMIESE TOESTANDE 95
7.3.1 Ekonomiese Aktiwiteite 95
(a) Landbou 95
(b) Bosbou 96
(c) Visvang 97
7.3.2 Grondbesit 98
7.4 INFRASTRUKTUUR EN DIENSTE 98
(a) Paaie 98
(b) Vliegveld 98
(c) Winkels 99
(d) Hospitale 99
(e) Skole 99
(f) Ander dienste 99
7.5 BEOOGDE ONTWIKKELING IN MAPUTALAND 99

HOOFSTUK VIII 101

8. ANALISE VAN DIE TOERISMEMOONTLIKHEDE VAN MAPUTALAND 101
8.1 EVALUASIE VAN DIE TOERISMEMOONTLIKHEDE VAN DIE GEBIED 101
8.1.1 Evaluering van die natuurlike hulpbronne 101
(a) Swem- en strandaktiwiteite 103
(b) Hengel 105
(c) Besigtiging 108
(d) Bootaktiwiteite 113
8.1.2 Evaluering van die vervoerstelsels in en om die gebied 116
8.1.3 Evaluering van die verblyfsgeleenthede in die gebied 118
8.2 TOERISME EN DIE EKONOMIE VAN DIE GEBIED 118
8.3 TOERISME EN DIE INWONERS VAN DIE GEBIED 119
8.4 IDENTIFIKASIE VAN POTENSIËLE TOERISMEGEBIEDE IN MAPUTALAND 121
8.5 BELEID TER ONTWIKKELING VAN MAPUTALAND SE TOERISMEHULPBRONNE 123

8.5.1 Bevorderlike faktore vir die ontwikkeling van toerisme in Maputaland 123

8.5.2 Beperkende faktore op die ontwikkeling van toerisme in Maputaland 124

8.5.3 Kompromis 126

8.5.3.1 Ontwikkelingsriglyne 126

(a) Beperkte ontwikkeling 126

(b) Algemene ontwikkeling 128

(c) Beskermingsriglyne 128

(d) Finansiering 129

(e) Slotsom 131

DEEL III 133

HOOFSTUK IX 133

9. BEPLANNING 133

9.1 VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKSPLAN VIR DIE MAPUTALANDSE KUSGEBIED 134

9.2 TOERISMEONTWIKKELINGSPLAN VIR DIE MAPUTALANDSE KUSGEBIED 142

A. Gebied van beperkte ontwikkeling 144

B. Algemene ontwikkelingsgebied 145

9.2.1 Die Plan 146

9.2.1.1 Gebied van beperkte ontwikkeling 146

(i) Ontwikkeling 147

(i) (i) Kompleksontwikkeling 147

(i) (ii) Paaie 150

(i) (iii) Lughawens 151

(i) (iv) Spore 152

(ii) Buitelugontspanning 152

(ii) (i) Swem- en strandaktiwiteite 153

(ii) (ii) Hengel 154

(ii) (iii) Besigtiging 154

(ii) (iv) Bootaktiwiteite 157

| | | |
|---|---|---|
| 9.2.1.2 | Ontwikkelingsgebied | 157 |
| (i) | Ontwikkeling | 158 |
| (i) (i) | Kompleksontwikkeling | 158 |
| (i) (ii) | Paaie | 161 |
| (i) (iii) | Lughawens | 161 |
| (i) (iv) | Spore | 162 |
| (ii) | Buitelugontspanning | 162 |
| (ii) (i) | Swem- en strandaktiwiteite | 163 |
| (ii) (ii) | Hengel | 163 |
| (ii) (iii) | Besigtiging | 164 |
| (ii) (iv) | Bootaktiwiteite | 165 |

HOOFSTUK X

| | | |
|---|---|---|
| 10. | GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS | 167 |
| 10.1 | GEVOLGTREKKINGS | 167 |
| 10.2 | AANBEVELINGS | 169 |

BRONNELYS 171

# TABELLE


| NO. | | Bl. |
|---|---|---|
| 2.1 | Groei van internasionale toerisme en wêreld uitvoere 1958-1950 | 8 |
| 2.2 | Daaglikse besoekersbestedingspatroon in Skotland | 12 |
| 2.3 | Gemiddelde indiensname in sektore naaste verwant aan toerisme | 19 |
| 2.4 | Internasionale toerisme en wêreld uitvoere, 1960-1968 | 21 |
| 2.5 | Geselekteerde Afrikalande se verdienste uit toerisme, 1968 en 1969 | 22 |
| 2.6 | Ontvangste uit toerisme in verhouding tot ander kredietitems in die betalingsbalans van Kenia | 23 |
| 2.7 | Ontvangste uit toerisme in verhouding tot ander kredietitems in die betalingsbalans van Tunisië | 24 |
| 3.1 | Bevolkingsgroei van lande wat as toeristebronne beskou kan word | 31 |
| 3.2 | Toename in vryetyd in Swede 1958-1972 | 33 |
| 4.1 | Huidige akkommodasie van vakansiegangers, 1970 | 38 |
| 4.2 | Voorkeur-akkommodasie van vakansiegangers, 1970 | 39 |
| 4.3 | Bestaande toeriste verblyfstruktuur in S.A. 1973 | 40 |
| 4.4 | Voorkeurneigings in internasionale toeristevervoer, 1965 | 41 |
| 4.5 | Vervoervoorkeure by inkomende toeriste in S.A. 1960-1970 | 43 |
| 4.6 | Die gemiddelde jaarlikse toename van die getal toeriste na S.A. vanaf die vyf vastelande gedurende die tydperk 1965-1970 | 44 |
| 4.7 | Voorkeur aan ontspanningsaktiwiteite in die V.S.A. | 47 |
| 4.8 | Deelname aan selektiewe buitelugontspanningsaktiwiteite in die V.S.A. in 1965 | 48 |
| 4.9 | Buitelugontspanningspatrone in die Pretoria - Witwatersrand - Vereeniginggebied | 49 |
| 4.10 | Buitelugontspanningspatrone in die Hoër Oranjestreek 1970 | 49 |
| 4.11 | Buitelugontspanningspatrone in die Suid-Kaapland streek | 50 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.12 | Verwagte buitelugontspanningspatrone in die Drakensbergstreek en omgewing 1980 | 50 |
| 4.13 | Verwagte toename in buitelugontspanningsdeelname tussen 1965-2000 in die V.S.A. | 52 |
| 6.1 | Waarderingskriteria ter bepaling van die verskillende potensiële grondgebruike | 71 |
| 7.1 | Benaderde afstand vanaf Maputaland na ander belangrike sentra | 74 |
| 7.2 | Die jaarlikse reënvalverspreiding van Maputaland soos waargeneem by verskeie stasies | 82 |

# KAARTE

KAART NO.

1. Ligging
2. Topografie
3. Geologie
4. Bioklimatologie
5. Plantegroei
6. Infrastruktuur
7. Grondgebruike vir Maputaland soos voorgestel in die "Maputaland Guide Plan"
8. Potensiële toerismegebiede
9. Onderverdeling van die kusgebied
10. Voorgestelde toerisme ontwikkelingsgebiede

# PLANNE

PLAN NO.

1. Voorgestelde grondbenuttingspatroon vir die Noordelike kusgebied
2. Voorgestelde grondbenuttingspatroon vir die Suidelike kusgebied
3. Voorgestelde grondbenuttingspatroon vir die Sibayemeer en omgewing
4. Voorgestelde grondbenuttingspatroon vir die Kosimere en omgewing
5. Toerisme ontwikkelingsplan vir die Maputalandse kusgebied

# HOOFSTUK 1

## 1. INLEIDING

### 1.1 OPDRAG EN DOEL

In 'n gidsplan waarin riglyne aangedui is vir die ontwikkeling van Maputaland is die volgende aanbeveling gemaak:

"An intensive investigation should be carried out into the possibilities of tourism, especially at Kosi Bay and along the coastline" (Maputaland Guide Plan. p. 150).

X Na aanleiding van hierdie aabeveling is die volgende opdrag deur die KwaZuluregering opgedra aan die Afdeling Beplanning van die destydse Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling:

(i) Om 'n intensiewe ondersoek te doen na die verskillende aspekte van toerisme in die algemeen.

(ii) Om die toeristepotensiaal van die gebied te ondersoek.

(iii) Om, indien bogenoemde ondersoek positiewe resultate lewer, te kom met konkrete aanbevelings en voorstelle ten opsigte van 'n ontwikkelingsbeleid, wat sal insluit grondbenuttingspatrone, en met inagneming van die rol wat toerisme kan speel by die ontwikkeling van die gebied.

Die doel van die studie is om hierdie opdrag so bevredigend moontlik uit te voer deur middel van die nodige navorsing, opnames en vergelykende studies. Verder is die doel ook om 'n plan op te stel vir toerisme wat alle aspekte van die bedryf in aanmerking sal neem sodat die bedryf sy regmatige plek kan inneem as inkomstebron en sal bydra tot 'n goed gebalanseerde ekonomiese stelsel vir die gebied.

### 1.2 BEPLANNING AS MIDDEL TOT DIE DOEL

Dit spreek uit baie voorbeelde dat beplanning 'n onontbeerlike faktor geword het by die ontwikkeling van toeristebedrywe. So word daar geskryf, "It has taken a long time for the importance of tourism to be fully appreciated and for the value of planning as a means of stream-

lining investments, improving profitability and avoiding undesirable effects to be generally accepted." (World Travel Special Issue no. 103, Okt. 1971, p. 25). In 'n ander tydskrif word verder daarop gewys dat ontwikkelde sowel as ontwikkelende lande gevaar loop om hulle toeristebronne by gebrek aan beplanningsbeleid te vernietig. (I.U.O.T.O.* Technical Bulletin. March 1972.) Praktiese voorbeelde van die noodsaaklikheid van beplanning in toerisme kan in Afrika gevind word: Twee buurlande soos Tanzanië en Kenia wat basies oor vergelykbare hulpbronne beskik se benutting van hierdie bedryf verskil hemelsbreed. Laasgenoemde het 'n noemenswaardige bedryf ontwikkel met behulp van die onontbeerlike beplanningsriglyne. (Hill A. p. 71, Popovic. p. 107).

Wat däär geld, geld ook tot 'n groot mate in Suid-Afrika. Bischoff sê in 'n artikel dat "die Republiek se toerisme onderontwikkeld is. Aktiewe beplanning is nodig indien Suid-Afrika 'n regmatige aandeel in die belangrike wêreldbedryf wil verower". (Bischoff. p. 31). Die South African Financial Mail beweer dat die Suid-Afrikaanse toeristebedryf stagnant was tussen 1950 en 1960, en voer as rede aan dat daar te veel staat gemaak word op die toeriste-aantreklikhede van die land om toeriste te lok (Financial Mail, 14th June 1963, p. 335). Die tydskrif erken ook in dieselfde artikel dat daar op daardie tydstip (1963) reeds meer gedoen (beplan word) vir toerisme en dat verwag word dat die bedryf weer sal opbloei. Voeg nou nog hierby die mening wat deur Harvey uitgespreek is: "Tourism is so extensive, involves so much investment, requires such sophisticated publicity, employs such a great number of workers, representing so many different levels of ability and diversity of skills that its fate can no longer be left to transportation and hotel enterprises alone" (Harvey, p. 64).

Hierdie enkele voorbeelde wat aangehaal is, is nie bo alle kritiek nie, maar gee tog 'n aanduiding van die noodsaaklikheid van 'n beplande toeristebedryf, asook die bestaande gebrek daaraan. Die toeristebedryf is so omvattend dat die ordelike ontwikkeling daarvan deur beplanningsriglyne verseker moet word. Dit is nie alleen noodsaaklik vir die suksesvolle aanvang en ontwikkeling van die bedryf nie, maar ook vir sinvolle benutting van die hulpbronne. Daar kan nou volstaan word deur te sê dat die doel van hierdie studie is om so 'n plan tot stand te bring.

---

*International Union of Travel Organizations.

## 1.3 AFBAKENING VAN DIE STUDIEGEBIED

Toerisme is 'n omvattende begrip wat op verskeie maniere geïnterpreteer kan word. Om hierdie rede is dit nodig dat eers duidelikheid verkry word oor watter interpretasie van toepassing is vir die ondersoek, en om ook die apsekte van toerisme wat deur die ondersoek gedek gaan word af te baken.

### 1.3.1 Definisies

Die Association International d'Experts Scientifiques du Tourisme (AIEST) sien in toerisme die samevoeging van verbintenisse en verskynsels wat ontstaan as gevolg van reise en verblyf van vreemdelinge in 'n plek, sonder dat hulle deel vorm van 'n permanente of tydelike vestingspatroon as gevolg van arbeidsmoontlikhede wat daar bestaan. Schadlbauer (Schadlbauer, p. 4) merk oor hierdie definisie heeltemal tereg op dat "hierdie sowel as ander definisies (Golden 1939, Hanzinger en Krapf 1942, en Bernecker 1962) sluit uitdruklik die beroepsreise as deel van die omgang uit", en besluit dan dat hy nie daarmee saamstem nie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat "toerisme die interaksie is van mense met mense en omgewing(s) wat hulle hoofverblyfplek, sowel as hulle hoofbron van inkomste op 'n ander plek het" en in beginsel stem dit ooreen met Steyn se siening. (Steyn, Doktorale Verhandeling). Bogenoemde definisies dui daarop dat toerisme 'n menslike aktiwiteit is, maar dit neem nie in aanmerking dat toerisme ook 'n bedryfsaktiwiteit is nie en laasgenoemde aspek is van groot belang vir hierdie studie. "Tourism involves modern transportation , housing and recreation facilities that were quite unknown before the industrial revolution" (Eckbo, p. 29). Hierby sluit aan: "It (tourism) includes not only transportation, hotels, hostels, food dispensers and whatever other services travellers and tourists require but also the materials and services demanded by the newer and more numerous groups of visitors such as business executives, delegates to international conferences, participants and audiences at outstanding sport events, music and art festivals. It also includes those who visit certain places for a favourite sport or hobby or just to enjoy a special climate at certain times of the year." (Harvey, p. 62). In hierdie gevalle word die klem weer op toerisme as 'n bedryf gelê, wat ook nie heeltemal waar is nie. Muller het miskien die beste gebalanseerde verklaring, naamlik: "Toerisme word as 'n reis heen en terug gesien, as sport of ont-

spanning met die doel om verskillende besienswaardige plekke te besoek. Dit moet gesien word 'as the business of serving tourists', sowel as 'the guidance or management of tourists as a business or a governmental function, ... the economic activities, associated with and dependent on tourists'. "Dit blyk dus dat toerisme drie dominante eienskappe bevat:

(i) Dit is 'n menslike aktiwiteit, oftewel interaksie tussen mense en mense en omgewing(s).

(ii) Dit is aksies wat plaasvind buite die plek waar hulle hoofverblyf en hoofinkomstes is.

(iii) Dit is 'n bedryfsaktiwiteit wat sowel die owerheids- as die privaatsektor raak.

Voordat daar finaal besluit kan word op 'n definisie vir toerisme moet daar egter eers besluit word wie as toeriste beskou kan word. Die International Union of Travel Organizations se amptelike omskrywing van 'n toeris is die volgende: (Peters, p. 14) "Temporary visitors staying at least 24 hours in the country visited and the purpose of whose journey can be classified under one of the following headings:

(a) Leisure (Recreation, holiday, health, study, religion, sport)

(b) Business, family, friends, meetings, mission."

Hierdie definisie stem grootliks ooreen met dié wat deur die destydse Volkerebond aanvaar is. (Peters, p. 14). Hier moet bygevoeg word dat ook landsburgers wat ander landstreke buite hulle permanente verblyfplek besoek, as toeriste beskou moet word. Dit kan 'n belangrike deel van die totale toeristeverkeer in 'n land uitmaak soos in Suid-Afrika waar dit gedurende 1971 so hoog as 75% was. (Nedbank, p. 64)

Uit paragraaf 1.1 het dit gelyk asof die klem van hierdie studie gaan val op die fisiese beplanning van die toeristehulpbronne, en dan sou alleenlik punt (a) hierbo geld. Maar die opdrag het ook verder gelui dat toerisme in die algemeen ondersoek moet word, asook die wyses waarop dit die gebied se ekonomie kan stimuleer, en in so 'n geval geld (b) ook. Schultz onderskryf dit deur daarop te wys dat toeriste nie net

vakansiehouers is nie, maar alle reisigers insluit, '... who having to return, travel in the capacity of consumers rather than of producers'." (Schultz, (Lesing)).

Alhoewel dit moeilik is om fisies te beplan vir besoekers anders as vakansiegangers, bly hulle steeds 'n element wat 'n positieweuitwerking op die gebied se ekonomie sal hê. Die definisie van toerisme wat vir hierdie studie sal geld bestaan dan uit twee komponente:

(i) Dit is die gesamentlike aktiwiteite van toeriste (soos hierbo uiteengesit) wat tot gevolg het die interaksie tussen mense, en tussen mense en omgewings.

(ii) Dit is ook die daarstelling, beskikbaarheid en funksionering van fasiliteite en bronne wat noodsaaklik is voordat die aktiwiteite in (i) kan plaasvind.

# HOOFSTUK II

## 2. DIE EKONOMIE VAN TOERISME

### 2.1 ALGEMEEN

Oor die belangrikheid van toerisme as faktor in die ekonomie van ontwikkelende sowel as ontwikkelde gebiede kan daar min twyfel bestaan: "Both the United Nations Conference on International Travel and Tourism (held at Rome in 1963) and the United Nations Conference on Trade and Development at its first session recognized that international tourism, as an important invisible export, can and does make a vital contribution to the economic growth of developing countries and was 'an important factor in economic development and international trade.'" (United Nations Conference on Trade and Development, p. 1) Vervolgens sal daar nou kortliks ingegaan word op die rol wat toerisme in die wêreldekonomie speel en later na wat dit inhou vir die ontwikkeling van agtergeblewe gebiede.

### 2.2 TOERISME AS FAKTOR IN DIE WÊRELDEKONOMIE

Waar toerisme vroeër 'n onbenullige komponent van die wêreldekonomie verteenwoordig het, het dit nou 'n belangrike faktor geword wat nie sonder meer buite rekening gelaat kan word nie. Dit word tans beskou as die grootste enkele buitelandse handelsaktiwiteit, en vir sommige lande dien dit as hoofverdiener van buitelandse valuta: "For some countries tourism already represents a major (in a few countries the most important) export industry and earner of foreign exchange." (Peters, p. 4, Nedbank) Om die werklike omvang daarvan te besef kan Suid-Afrika se goudproduksie (1971) vergelyk word met Spanje se inkome uit toerisme: Laasgenoemde het in daardie stadium sowat R2 000 000 000 uit toerisme verdien - sowat drie maal Suid-Afrika se verdienste uit goud. (Stads- en Streeksbeplanningskommissie, p. 51)

Ontvangste uit internasionale toerisme oor die hele wêreld het in 1970 17,4 biljoen Amerikaanse dollar beloop, oftewel 5,6% van die totale handelsuitvoere. (United Nations Conference on Trade and Development, p. 5). Dit het oor die tydperk 1958 - 1970 ook 'n sneller gemiddelde groeikoers gehandhaaf as die totale uitvoere, alhoewel die groeikoers gedurende 1968

'n laagtepunt bereik het, naamlik 3%.(United Nations Conference on Trade and Development, p. 5) Die tabel op die volgende bladsy gee 'n geheelbeeld van die posisie van toerisme in die wêreldekonomie.

Die syfers dui op 'n gemiddelde groeikoers van ontvangste uit toerisme vir die tydperk 1958 - 1970 van 10,2% per jaar terwyl handelsuitvoer met 9,2% per jaar gestyg het in dieselfde tydperk.

## 2.3 TOERISME EN DIE NASIONALE EKONOMIE

Die totale effek van toerisme op die nasionale ekonomie van 'n land is so omvangryk dat dit bykans onbepaalbaar is. In die tydskrif "World Travel" word geskryf: "Tourism is a multi-faceted activity which permeates nearly all sectors of national life. It attracts many activities with which it is not always coterminous". (World Travel no. 89, p. 13) Voeg hierby Peters se stelling dat die aktiwiteite waaruit die toeristebedryf saamgestel is, so uiteenlopend is dat dit 'n raming van die ekonomiese invloed van die bedryf baie bemoeilik, (Peters, p.2) en dit is duidelik dat berekenings buite die kwessie is. Dit sal meer sinvol wees om die bespreking te mik op 'n duidelike uiteensetting van die ekonomiese werking en uitwerking van toerisme, eerder as om 'n raming van die omvang daarvan te probeer maak.

### 2.3.1 <u>Toerisme as 'n bron van Buitelandse Valuta</u>

Telkens wanneer onderskeie navorsers die ekonomiese aspekte van toerisme beskryf, tree hierdie faktor as een van die belangrikste na vore. (I.A.N.U.S., p. 12; World Travel no. 83, p. 20; International Tourism Quarterly no. 2; 1973, p. 59; United Nations Conference on Trade and Development, p. 11) Dit moet egter in gedagte gehou word dat toerisme as verdiener van buitelandse valuta alleenlik betrekking het op internasionale toerisme en dat die belangrikheid van binnelandse toerisme nie misken moet word nie.

Die effek van toerisme op die betalingsbalans van 'n land het baie dieperliggende implikasies wat oppervlakkig beskou nie waarneembaar is nie. Die konvensionele hantering van 'n land se toerismerekening in die betalingsbalans is om besoekersbesteding op te weeg teenoor buitelandse besteding deur die reisende inwoners van die land self. (United Nations

TABEL 2.1 GROEI VAN INTERNASIONALE TOERISME EN WÊRELDUITVOERE 1958 - 1970

| INTERNASIONALE TOERISTE-AANKOMSTE | | | INTERNASIONALE TOERISTE-ONTVANGSTE | | WÊRELDUITVOERHANDEL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | Aantal (miljoen) | Toename bo vorige jaar | Biljoen dollar | Toename bo vorige jaar | Biljoen dollar | Toename bo vorige jaar |
| 1958 | 55,3 | - | 5,4 | - | 108,1 | - |
| 1959 | 63,0 | 13,9 | 5,8 | 7,3 | 115,7 | 7,0 |
| 1960 | 71,2 | 13,0 | 6,8 | 17,0 | 128,0 | 10,6 |
| 1961 | 75,3 | 5,8 | 7,3 | 7,3 | 134,0 | 4,7 |
| 1962 | 81,4 | 8,1 | 7,8 | 6,8 | 141,4 | 5,5 |
| 1963 | 93,0 | 14,3 | 8,3 | 6,4 | 154,1 | 9,0 |
| 1964 | 108,0 | 16,2 | 9,6 | 15,7 | 172,4 | 11,9 |
| 1965 | 115,5 | 6,9 | 11,0 | 14,6 | 186,4 | 8,1 |
| 1966 | 130,8 | 13,2 | 12,5 | 13,6 | 203,6 | 9,2 |
| 1967 | 139,5 | 6,6 | 13,4 | 7,2 | 214,6 | 5,4 |
| 1968 | 139,7 | 0,1 | 13,8 | 3,0 | 239,6 | 11,6 |
| 1969 | 154,9 | 9,4 | 15,5 | 12,3 | 273,2 | 14,0 |
| 1970 | 168,0 | 8,4 | 17,4 | 11,2 | 312,4 | 14,3 |

BRON: United Nations Conference on Trade and Development, p. 5.

Conference on Trade and Development, p. 11) Dit is egter baie oppervlakkig beskou en die effek op die nasionale ekonomie kan in werklikheid veel dieper gevoer word. Volgens 'n toeriste-ontwikkelingsplan opgestel vir Ethiopië, geld die volgende aspekte wanneer die netto effek van toerisme op die betalingsbalans bepaal moet word: (I.A.N.U.S., p. 13)

$$BP = S - ({}^{H}/n + R + P + C)^3$$

Waar BP = Betalingsbalans

S = Besteding deur besoekers

H = Koste van konstruksiemateriaal wat ingevoer moet word

n = Jare van delging

R = Die geld wat die land verlaat ter delging van rente, wins en aandele wat plaaslik belê is.

P = Bevorderings- en advertensiekoste.

C = Koste van goedere in die buiteland gekoop en ander bedryfskoste.

Die meeste van hierdie aspekte is egter te vaag om werklik toepasbaar te kan wees, met die grootste tekortkoming die feit dat buitelandse besteding deur Ethiopiese toeriste glad nie in aanmerking geneem word nie. Vervolgens is dit nodig om hierdie lekkasies van naderby te beskou; dit sal geskied aan die hand van die bespreking wat gevoer is in die Verenigde Volke se Konferensie insake Handel en Ontwikkeling in Geneve in 1973. (United Nations Conference on Trade and Development, p. 12-13) Daardeur behoort 'n duidelike beeld verkry te kan word van hoe omvattend die bogenoemde aspekte in werklikheid is. Dit moet ook duidelik gestel word dat die faktore wat hier genoem word slegs die belangrikstes is, omdat dit bykans onmoontlik is om al die kleiner lekkasies op te spoor, en ook omdat dit die bespreking onnodig lank sal maak.

(i) <u>Ingevoerde goedere en dienste wat verbruik word deur besoekende toeriste</u>

Omdat die plaaslike produksie nie altyd voldoende is om te voorsien in die behoeftes van buitelandse besoekers nie, gebeur dit dikwels dat sekere produkte ingevoer moet word. (Dit geld net vir ontwikkelende lande.) Selfs wanneer die nodige produkte plaaslik vervaardig kan word gebeur dit nog dat on-

verwerkte of half verwerkte grondstowwe ingevoer moet word, byvoorbeeld saad of kunsmis in die geval van die landbou. Dit is dus belangrik dat direkte sowel as indirekte invoere in berekening gebring word, met ander woorde, intermediêre goedere wat ingevoer word deur plaaslike produsente vir gebruik in hulle produksieprosesse vir die vervaardiging van goedere met die oog op verkope aan die toeristesektor, wat dit weer beskikbaar stel vir verbruik deur buitelandse besoekers.

(ii) Buitelandse faktorbetalings

Dit hou verband met die uitvloei van buitelandse valuta in die vorm van bestuursgelde aan buitelandse belange, winste en ander inkome verdien deur buitelandse beleggers, ens. Ten minste 'n gedeelte van hierdie inkomste verlaat die land eerder as om teruggeploeg te word in die ondernemings.

(iii) Nie-kommersiële bestedings op bevorderings- en advertensieaktiwiteite

Hierdie is gewoonlik bestedings deur die owerhede en sluit in publieke inligtingsmedia, verspreiding van literatuur, die instandhouding van buitelandse toeristekantore en in die algemeen die publisiteit om reise na die land te bevorder.

(iv) Invoer van kapitaalgoedere

Dit sluit nie net die direkte invoere in nie, maar ook indirekte invoere wat betrek word wanneer dieselfde goedere plaaslik vervaardig word.

(v) Verhoogde verbruik deur die inwoners van die land self

Inkome ontvang deur die mense wat te doen het met die produksie van goedere en dienste vir buitelandse besoekers word gedeeltelik bestee op ingevoerde goedere, of op goedere wat plaaslik vervaardig is met 'n ingevoerde inhoud.

Ten spyte van al hierdie lekkasies blyk toerisme egter steeds 'n waardige verdiener van buitelandse valuta te wees. Al die geraadpleegde bronne in hierdie verband (o.a. I.A.N.U.S., p.13,

International Tourism Quarterly no. 2, 1973, p. 59) is dit eens dat toerisme groot voordeel kan inhou vir 'n land se betalingsbalans. In studies gedoen in Joegoeslawië, Israel en Kenia, (United Nations Conference on Trade and Development, p. 17) het dit geblyk dat toerisme 'n uitvoerbedryf is met 'n groot voordeel bo ander uitvoerbedrywe wat die verdien van buitelandse valuta betref. Nadat die resultate van bogenoemde studies ontleed is word daar tot die gevolgtrekking gekom dat "... The evidence from the few countries cited above suggests that tourism can be not only an important, but perhaps also, in terms of the resources that need to be devoted to it, a relatively efficient earner of foreign exchange." (United Nations Conference on Trade and Development, p. 18)

### 2.3.2 Toerisme as Bron van Inkome en Werkgeleentheid

'n Verdere rol wat toerisme speel in die nasionale ekonomie van 'n land is om te dien as opwekker van inkome en verskaffer van werkgeleentheid. "The tourist industry can (therefore) contribute not only to foreign exchange earnings but also to increasing the national income considerably." (Peters, p. 32). Hierdie twee aspekte van die ekonomie is so nou verwant aan mekaar dat dit baie moeilik is om hulle te skei vir ontledingsdoeleindes. In die proses van stygende of dalende inkomes ontstaan daar per slot van rekening dienooreenkomstig veranderings in werkgeleenthede. Sekere basiese aspekte kan egter tog hier afsonderlik beskou word.

#### 2.3.2.1 Toerisme as bron van inkome

Die handelsbedrywighede van die besoeker (en dit geld nie net vir internasionale besoekers nie) het 'n wye invloed op die inkomestruktuur van 'n land of gebied. "Visitor expenditure generates wage and other factor income, and because the tourist sector itself is composed of several branches, the immediate impact of this expenditure is usually more widespread than is that of exports of many other goods or services. Exports of mineral products, for example, create income in the first place for persons engaged in mineral processing, whereas tourism creates income for persons working in hotels, restaurants, cafes, travel agencies, transport enterprises, places of entertainment, sport and recreation,

specialized or general retail outlets - in fact, wherever the tourist spends his money". (United Nations Conference on Trade and Development, p. 18) Om by die laasgenoemde punt aan te sluit kan verwys word na 'n opname gedoen in Skotland met die doel om die toeristebestedingspatroon daar te bepaal:

TABEL 2.2 DAAGLIKSE BESOEKERSBESTEDINGSPATROON IN SKOTLAND

| Goedere en Dienste | Persentasie van Totale Daaglikse Besteding |
|---|---|
| Skoene en klere | 20 |
| Aandenkings | 10 |
| Vervoer (insluitende brandstof) | 12 |
| Vermaaklikhede | 3 |
| Briewe, seëls, poskaarte | 3 |
| Verskeidenheid inkopies | 4 |
| Verblyf | 40 |

BRON: Butler, p. 317

Hierdie bestedingspatroon is natuurlik geensins 'n vasgelegde patroon nie, en kan aansienlik verskil van land tot land en ook tussen gebiede (kyk bv. Peters, p. 32). Dit bewys egter die wye veld van handelsaktiwiteite wat toerisme direk raak en beïnvloed.

Die indirekte invloed van toerisme op die binnelandse inkomestruktuur strek egter nog veel wyer, soos blyk uit die volgende: "... income is also created at a number of preceding stages as other sectors produce goods or services part of which become inputs of the tourist sector and those tourist supplying sectors in turn purchase inputs from yet other sectors." (United Nations Conference on Trade and Development, p. 18) Die primêre toeristebestedings gaan dus deur 'n onbepaalde aantal kringlope, rakende sektore wat direk sowel as indirek met die toeristesektor skakel, en in die proses vind die voortdurende stimulasie van inkomes plaas.

#### 2.3.2.2 Toerisme as Bron van Werkgeleentheid

In die proses waardeur toerisme verhoogde inkomes tot gevolg het, volg

dit vanselfsprekend dat nuwe werkgeleenthede ook tot stand sal kom. Net soos in die vorige geval is die omvang daarvan verreikend en byna onbepaalbaar. Dit blyk egter uit die Verenigde Volkeverslag (United Nations Conference on Trade and Development, p. 22-23) dat die verband wat tussen inkome en werkgeleentheid bestaan as aanduiding kan dien van watter rol toerisme speel in die verskaffing van werkgeleentheid: "Thus, where the domestic product due to tourism is relatively small (as in Israel, Greece and Yugoslavia) employment in the tourist sector is likewise only a small share of total employment, whereas in islands as those in the Caribbean a high dependence on tourism for income goes hand in hand with a similar degree of dependence with respect to employment." (United Nations Conference on Trade and Development, p. 22) Dit is hier belangrik om op te merk dat toerisme klaarblyklik 'n belangrike rol kan speel in gebiede wat om een of ander rede ongeskik is vir ontwikkeling deur die gewone metodes.

In bogenoemde verslag word tot die gevolgtrekking gekom dat die toeriste-industrie nie uitsonderlik arbeidsintensief is nie. (United Nations Conference on Trade and Development, p. 22) Vir die doel van so 'n berekening is egter net gebruik gemaak van gegewens wat beskikbaar was oor die direkte werkgeleenthede in die nywerheid, naamlik onder andere in die hotelbedryf. Indien die indirekte implikasies van toerisme nagegaan word op die arbeidsmark sal die prentjie heelwaarskynlik verander. Aan die ander kant bestaan daar ook ander bronne wat beweer dat die bedryf wel arbeidsintensief is. (Kyk byvoorbeeld Peters, p. 27; Nedbank, p. 8).

Laasgenoemde bron sê dat: "The tourist industry is a service industry and is mainly labour intensive in character. Development of domestic and inward tourism, therefore, could raise employment levels in countries with surplus labour, notably through the hotel, catering, recreation and transport industries." (Nedbank, p. 8) In Switserland is sowat 140 000 mense, oftewel 5% van die werkende bevolking, direk verbonde aan die toeristebedryf. (Peters, p. 27).

2.3.2.3 Die Vermenigvuldiger-effek van Toerisme

Toeristebesteding het 'n wye invloed op die nasionale ekonomie van 'n land, insluitende die direkte effekte soos skepping van werkgeleentheid en verdiening van valuta wat reeds genoem is. Daar bestaan egter ook dieperliggende indirekte implikasies omdat toerisme, net soos enige an-

der sektor in die ekonomie, die vermenigvulder in werking kan stel. "The flow of money generated by tourist spendings multiplies as it passes through various sections of the economy through the operation of the multiplier effect." (World Travel no. 89, p. 14) Daardeur kring die invloed wat toerisme op die nasionale ekonomie het na ver buite die direkte effek.

Oor die totale vermenigvuldiger-effek van 'n bepaalde bestede bedrag bestaan daar heelwat verskil. Clement bevind dat "... for every dollar consumed by the tourist while living in the country, the economy subsequently is able to consume more than two dollars". (Clement, p. 26) Daar is ook al bereken dat die besteding deur toerisme "... generates further up to four or five times in economic activity as it changes from one hand to another ... In other words, for every dollar spent by a visitor, it multiplies four or five times in economic activity". (Board of Travel and Tourist Industries (Philippines)) Daar is twee opmerkings wat gemaak kan word oor die bogenoemde stellings:

(i) Alhoewel die belangrikheid van toeristebeteding duidelik blyk uit bogenoemde, moet dit nie oorbeklemtoon word nie, omdat dit slegs een element verteenwoordig van 'n hele versameling van bestedings wat voortvloei uit toerisme en wat dieselfde effek op die vermenigvuldiger het as eersgenoemde ("... such as expenditure on investment exports and government consumption.") (United Nations Conference on Trade and Development, p. 19)

(ii) Die tweede punt is dat die toerismevermenigvuldiger in belang van hierdie bespreking nie net draai om die vermenigvuldiging van 'n eenheid geld nie, maar ook om die implikasies wat dit vir die nasionale ekonomie as sulks meebring.

2.3.2.3.1 Toerisme as Afsetter van die Vermenigvuldigerproses

Die beginsel van die vermenigvuldiger berus op die veranderings in inkomes en bestedings. "Any initial change in spending can set off a multiplier impact." (Schultze C.L., p. 62) Met hierdie stelling in gedagte is dit moontlik om die potensiële bydrae van toerisme tot die

vermenigvuldigerproses in te sien uit Harvey se woorde: "Tourism makes contributions to a country's economy beyond the usual supplies and services consumed by foreign travellers and whatever taxes are paid directly or indirectly on these supplies and services. Tourism creates a demand for commodities over and above these items generally sold in the local market." (Harvey, p. 64) Peters sê verder dat "... interest from tourism from the receiving country's point of view has been generated by the recognition that the industry can provide income from sale of goods and services, and that the income flows quickly, and is distributed widely throughout the economy." (Peters, p. 32) Die moontlikhede van toerisme as afsetter van die vermenigvuldigerwerking word moontlik nog die duidelikste weerspieël in die volgende stelling: "The development of the tertiary sector of services through tourism is directly beneficial to the primary and secondary sectors by reason of the increased demand stimulated by tourism for the goods and services of these sectors". (World Travel no. 89, p. 14) Daar kan dus nie twyfel bestaan dat toerisme so 'n faktor is wat 'n "change in spending" teweeg kan bring nie. Toeriste is 'n bron buite 'n land of gebied waardeur geld binnekom wat nie voorheen daar was nie; deur hulle word die gesamentlike vraag na produkte verhoog en daardeur word die vermenigvuldiger aan die gang gesit.

Nasionale ekonomie neig na 'n ewewigsposisie waar totale vraag gelyk is aan totale produksie, en waar die besparings van huishoudings en sakeondernemings gelyk is aan investerings. (Schultze C.L., p. 43-60) Hierdie ewewigsposisie word versteur wanneer toeriste 'n land besoek en die gesamentlike vraag na goedere en dienste styg, of ook wanneer investerings in die bedryf gedoen word. (Sien United Nations Conference on Trade and Development, p. 19.) Die uiteindelike gevolg is dat die aanvanklike verhoogde vraag al wyer en wyer uitkring deur die nasionale ekonomie wat weer neig na 'n ewewigsposisie. (Vir illustrasie van hierdie kringloop, sien fig. 2-4.) Aan die hand van 'n eenvoudige model kan die uitwerking van toerisme op hierdie ewewigsposisie geïllustreer word. (Gebaseer op 'n model ontwikkel deur Peters, p. 235.) Die basiese kringloop van geld binne 'n nasionale ekonomie is die volgende:

(i) Vanaf sakeondernemings na huishoudings, hoofsaaklik in die vorm van salarisse, dividende en winste.

(ii) Vanaf huishoudings na sakeondernemings, hoofsaaklik in die vorm van verbruiksbesteding.

(iii) Vanaf sakeondernemings na die owerheid in die vorm van belasting.


(iv) Vanaf die owerhede na die sakeondernemings in die vorm van verbruiksbesteding.

(v) Vanaf huishouding na die owerhede in die vorm van belasting.

(vi) Vanaf die owerhede na huishoudings in die vorm van salarisse.


Hierdie situasie kan as volg voorgestel word.

Figuur 2-1




Huishoudelike en sakebesparings verteenwoordig egter 'n lekkasie uit hierdie kringloop uit, en hierdie lekkasie moet gebalanseer word deur geldinvesterings om 'n ewewigsposisie te handhaaf. Dit beteken 'n vloei van geld vanaf huishoudings en sakeondernemings terug na die sakesektor.

Figuur 2-2



Uit hierdie figuur blyk dit ook dat die owerheid, alhoewel nie direk betrokke by die besparings-investeringskringloop nie, die situasie kan beheer deur middel van belastingsheffings en -toegewings. Die bespreking tot dusver het nog altyd 'n ewewigsposisie geïllustreer. Die vraag ontstaan nou: wat sal gebeur as toeriste die land besoek?

(i) Die vraag na goedere en dienste sal styg omdat die potensiële mark vergroot word.


(ii) Omdat die totale vraag nou hoër is as totale produksie, moet die produksie dienooreenkomstig weer toeneem, omdat, soos daar alreeds vasgestel is, die ekonomie altyd na 'n ewewigsposisie sal terugneig.

(iii) Hierdie verhoogde produksie sal verreikende gevolge hê, vanaf die primêre sektore tot by die uiteindelike verkoper.

Toeristebesteding is natuurlik nie die enigste afsetter van die vermenigvuldiger wat toerisme betref nie. Enige "inspuitings" in die toeristebedryf, byvoorbeeld nuwe investerings vanuit die buiteland, of inkomes van werknemers in die toeristebedryf wat vanaf die buiteland gefinansier word, sal dieselfde direkte effek as in die eersgenoemde geval hê.

In Kenia is byvoorbeeld verwag "that by 1974, the new investment will bring the total number of jobs in tourism and supporting industries to 40 000, as against 20 000 in 1970". (Popovic, p. 108-110) Die model kan nou so voorgestel word:


Figuur 2-3




In paragraaf 2.3.1 is die "lekkasies" uit die toeristebedryf kortliks uiteengesit, en hierdie lekkasies oefen gesamentlik 'n negatiewe invloed

op die vermenigvuldigerwerking uit, wat verstaanbaar is omdat geld die ekonomiese kringloop verlaat, en dus die gesamentlike vraag na goedere en dienste verlaag. Om nou die totale uitwerking van toerisme op die land se ekonomie te bepaal, moet die geld wat die ekonomie binnekom deur middel van toeriste of die toeristebedryf vergelyk word met die lekkasies, en die verskil sal dan die ware prentjie weerspieël.

Figuur 2-4




As voorbeeld van hierdie lekkasies kan 'n uittreksel geneem word uit 'n artikel wat in "World Travel" verskyn het: "The economy of the Bahamas has benefited tremendously since the discovery of mass tourism about 20 years ago. A study of the second and third round spending and respending of the tourist dollar would probably show, however, that Florida benefited as much or more than the Bahamas. A large share of everything needed for consumption by the tourists and by the tourist industry is imported from the nearest big market area, which in this case is Florida." (World Travel no. 89, p.30) Indien die ingevoerde produkte plaaslik vervaardig sou word sou die Bahamas dubbel soveel baat by toerisme gevind het as wat die geval tans is.

2.3.2.3.2 Praktiese implikasies van die Vermenigvuldiger

Om die praktiese implikasies van die vermenigvuldiger in syfers uit te druk is baie moeilik vanweë die wye veld wat dit beïnvloed.

Galleoti het 'n poging aangewend om te bereken watter implikasies toerisme vir aanverwante sektore inhou. Sy ondersoek is gedoen in die onder-

ontwikkelde gebiede in Italië en sy bevindings was die volgende: Gedurende die aanvangsfase van 'n toeristebedryf met 'n kapasiteit van 10 000 beddens sal die arbeidsmag ongeveer uit 3 000 eenhede in die toeristebedryf en landbou wees. Die addisionele landbou benut sal ongeveer 1 000 ha. besproeibare en 2 500 ha. onbesproeibare grond wees. Die konstruksie van geboue behoort ongeveer 1 miljoen werksure te beslaan en 700 arbeidsmageenhede per jaar vir vyf jaar in diens te hê. (Galleoti, p. 37) Saamgevat word sy bevindings in tabel 2.3 uiteengesit:

TABEL 2.3 GEMIDDELDE INDIENSNAME IN SEKTORE NAASTE VERWANT AAN TOERISME

| Sektore | Arbeidsmag-eenhede | % indiensname per jaar | Aantal arbeidsmag-eenhede per jaar |
|---|---|---|---|
| 1. Landbou | 450 | 100 | 450 |
| 2. Geboue | 700 | 100 | 700 |
| 3. Seisoendienste | 2 500 | 50 | 1 250 |
| 4. Aantal eenhede effektief indiensneembaar | 3 650 | | |
| 100% jaarlikse indiensneembare eenhede | | | 2 400 |

BRON: Galleoti, p. 37.

Die bogenoemde syfers neem nie in ag die personeel in diens van diensnywerhede en produksiesektore wat komplimentêr is tot toerisme nie.

Hierdie syfers gee 'n aanduiding van hoe toerisme die ekonomie beïnvloed, maar is natuurlik nie naastenby volledig nie. Die Metra International Group het ook bepaal deur middel van opnames dat daar 'n noemenswaardige groei in Wes-Europa in toeristebestedings is, wat dui op 'n al groter vermenigvuldigereffek in die toekoms. (Metra International Group, p.2)

## 2.4 DIE ROL VAN TOERISME IN DIE ONTWIKKELING VAN AGTERGEBLEWE GEBIEDE

'n Gebied bly normaalweg onderontwikkeld omdat dit vanweë bepaalde faktore nie op ekonomiese gebied kan meeding met ander gebiede nie. Vandat

toerisme 'n noemenswaardige faktor geword het in die wêreld- sowel as nasionale ekonomie is met nuwe oë na sulke gebiede gekyk. (Kyk byvoorbeeld Hill, A., p. 77 en Bustros, p. 61). Daar moet dus bepaalde omstandighede bestaan wat toerisme bevoordeel wanneer die ontwikkelingsmoontlikhede van hierdie gebiede oorweeg word, aangesien nywerheidsontwikkeling skynbaar tot dusver nie hier lewensvatbaar was nie. "The expansion of tourism can play a fundamental role in the development process of the more backward region of a country. Facts show that regions with substantial sources of power or with rich mineral deposits or a privileged geographical position are launched economically by starting with industrialization which soon becomes highly developed and to which is added agricultural production because of the proximity of large markets with a parallel increase in production or in services in the tertiary sector. Nevertheless the less favoured regions remain underdeveloped, their active population emigrates to richer areas which gives a false impression of equalization of per capita income, but beyond a certain limit, the phenomenon of stretching of the separation of per capita income appears.

"Regional development may be applied through various methods or strategies, among which are industrial and tourism development. The choice of the best strategy depends on a series of basic data. Nevertheless if the region in question has an appropriate climate and geographical conditions the most profitable way of boosting the economy is through tourism because as it requires minimum investment beforehand, it provokes a snowball action of increasing incomes thus creating its own means of financing for later stages in development." (World Travel no. 83, p. 23)

Alhoewel hierdie uittreksel sekerlik slegs betrekking het op geïsoleerde gevalle, omdat dit onwaarskynlik is dat klein beleggings altyd voldoende sal wees om 'n toeristebedryf op die been te bring, en omdat klimaat en ligging voldoende is om toeriste te lok, illustreer dit tog die feit dat 'n agtergeblewe gebied somtyds meer vatbaar is vir die ontwikkeling van 'n toeristebedryf as vir ander soorte ontwikkelings.

Dit sou wenslik wees om in hierdie stadium van die bespreking na 'n paar praktiese gevalle te kyk ten einde te kan vasstel watter rol toerisme speel in die ekonomie van sekere agtergeblewe gebiede. Die probleem bestaan egter dat dit bykans onmoontlik is om die nodige inligting te be-

kom om so 'n bespreking sinvol te maak. Hierdie vermoede word bevestig deur ondersoeke gedoen deur die Verenigde Volke se Ekonomiese Kommissie vir Afrika, (United Nations, Tourism in Africa, p. 8) en Popovic wat onderskeidelik navorsing gedoen het oor sekere ekonomiese aspekte van toerisme in Afrika en Oos-Afrika. Popovic kla byvoorbeeld dat " ... tourism statistics in Eastern African countries are far from satisfactory, and in some countries they are non-existent." (Popovic, p. 65) Verder is Suid-Afrika se posisie ten opsigte van die meeste ontwikkelende lande sodanig dat inligting baie moeilik bekombaar is, aldus amptenare van die Afrika Instituut te Pretoria. Die inligting wat wel bekombaar is is stukkies en brokkies waaruit moeilik gevolgtrekkings gemaak kan word. Daar sal nogtans 'n poging aangewend word om te probeer bepaal watter rol toerisme in die ontwikkelende wêreld speel.

Statistieke dui daarop dat ontwikkelende lande die voordeel betreffende toerisme stadig maar seker begin benut. Onderstaande tabel illustreer die feit dat toerisme skynbaar in 'n beter mededingende posisie vir ontwikkelende lande in die wêreldhandel verkeer as ander nywerhede.

TABEL 2.4 INTERNASIONALE TOERISME EN WÊRELDUITVOERE, 1960-1968: DEEL VAN ONTWIKKELENDE LANDE (PERSENTASIES)

| | Deel van wêreldtotaal | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1960 | 1965 | 1966 | 1967 | 1968 |
| Ontvangste uit toerisme | 17,6 | 18,4 | 18,5 | 15,6 | 20,0 |
| Uitvoere | 15,4 | 13,5 | 13,2 | 12,6 | 12,2 |

BRON: United Nations Conference on Trade and Development, p. 6.

Die syfers dui op 'n stygende gedeelte van totale toerisme aan ontwikkelende lande, ten spyte van die feit dat dië lande se aandeel aan totale uitvoere daal. Gedurende die periode 1965 tot 1971 het ontwikkelende lande ook 'n groeikoers van 13,0% gehandhaaf betreffende toerisme, teenoor die 9,8% van die ontwikkelde wêreld. (International Tourism Quarterly no. 2, 1973, p. 56)

Van die agtergeblewe gebiede in Afrika is daar heelwat wat reeds 'n begin gemaak het aan 'n toeristebedryf, maar veral twee, naamlik Kenia en Tunisië het klaarblyklik 'n redelik suksesvolle aanvangsfase beleef. Die onderstaande tabel toon die lande aan in Afrika wat noemenswaardige verdienstes uit toerisme het.

TABEL 2.5 GESELEKTEERDE AFRIKALANDE SE VERDIENSTE UIT TOERISME (V.S.A. dollars)

| LAND | 1968 (Miljoene) | 1969 (Miljoene) |
|---|---|---|
| Ethiopië | 5,32 | 5,89 |
| Kenia | 48,57 | 46,73 |
| Tunisië | 44,0 | 52,0 |
| Kongo | 1,88 | 1,91 |
| Ghana | 1,01 | 1,03 |
| Marokko | 90,0 | 122,8 |
| Uganda | 12,9 | 17,9 |

BRON: Hill, A., p. 71.

Dieselfde bron maak ook melding daarvan dat lande soos Tanzanië en Nigerië byvoorbeeld nog geen verdienste uit toerisme het nie.

Uit die bogenoemde groep lande is twee, naamlik Kenia en Tunisië gekies om van naderby te beskou. Dit is beide lande waar die toeristepotensiaal in werklikheid eers onlangs begin ontwikkel het, en waar toerisme 'n dinamiese invloed op die ekonomie het. (Fortune June 1971, p. 86, en Bustros, p. 61) Die rol van toerisme in die ontwikkeling van die twee lande sal vervolgens kortliks beskou word.

Die toeristebedryf in Kenia het die afgelope dekade vertiendubbel (Fortune, June 1971, p. 86) en was oor dié tydperk die snelste groeiende nywerheid in die land. Dit is op hierdie stadium naas landbou die land se grootste verdiener van buitelandse valuta. (Hill, A., p. 77) Die omvang van toerisme in Kenia se ontwikkelende ekonomie spreek uit die tabel op die volgende bladsy.

TABEL 2.6 ONTVANGSTE UIT TOERISME IN VERHOUDING TOT ANDER KREDIET-ITEMS IN DIE BETALINGSBALANS VAN KENIA

| ONTVANGSTE UIT TOERISME AS PERSENTASIE VAN: | JAARTAL | |
|---|---|---|
| | 1964 | 1968 |
| Totale ontvangste op betalingsbalans | 6,2% | 9,9% |
| Uitvoer van goedere en dienste | 7,5% | 11,2% |
| Uitvoer van handelsware | 12,0% | 19,5% |

BRON: United Nations Conference on Trade and Development, p. 8

Uit die tabel kan gesien word dat toerisme in 1964 reeds 'n noemenswaardige invloed op die betalingsbalans gehad het. Die werklike afmetings spreek egter nie so duidelik uit die tabel nie. Popovic skryf dat "The gross foreign exchange earnings from tourism of K.£ 15 million has to be compared with K.£ 90 million resulting from visible exports of goods from Kenya in the same year (1968). The foreign exchange earnings from tourism covered 67% of the visible trade deficit". (Popovic, p. 104)

'n Ander belangrike aspek wat hier opgemerk word is dat die klem hoofsaaklik op buitelandse (hoofsaaklik oorsese) toeriste val, en dat landsburgers wat in die land toer 'n minderwaardige rol speel. Dit is in teenstelling met die gevolgtrekking wat in hoofstuk 3 gemaak is dat die toestand normaalweg omgekeer behoort te wees. Daar word ook van melding gemaak dat alhoewel toerisme uit die naburige lande (Tanzanië, Uganda ens.) baie belangrik vir die land is, oorsese toerisme baie vinniger ontwikkel het en in 1971 het dit reeds streekstoerisme oortref. (United Nations, Tourism in Africa, p. 10)

Wat die toekoms van die toeristebedryf in Kenia betref word daar groot verwagting gekoester en uitbreidings beoog. Daar is naamlik 'n plan opgestel wat bevat word in 'n nasionale ontwikkelingsplan vir die periode 1970-1974. (Popovic, p. 107) Daarin word voorsiening gemaak vir grootskaalse uitbreidings wat byvoorbeeld na verwagting oor hierdie periode die werkgeleentheid in die bedryf sal laat verdubbel. (Popovic, p. 108)

In Tunisië het die toeristebedryf die afgelope dekade ook 'n uitsonderlike groeitydperk beleef (vir sommige periodes tot 30%). (International Tourism Quarterly no. 4, 1972, p. 31) Bustros skryf dat "accounting for the structural shift in the national economy are two activities virtually non-existent 15 years ago - petroleum and tourism". (Bustros, p. 61) Die strukturele verandering in die ekonomie waarna hy hier verwys is 'n verskuiwing vanaf die landbou, wat, alhoewel dit nog baie mense van 'n bestaan voorsien, nie meer die belangrikste ekonomiese aktiwiteit in die land is nie. Die toenemende belangrikheid van toerisme in die nasionale ekonomie van Tunisië word in die onderstaande tabel 2.7 uiteengesit:

TABEL 2.7 ONTVANGSTE UIT TOERISME IN VERHOUDING TOT ANDER KREDIETITEMS IN DIE BETALINGSBALANS VAN TUNISIË

| ONTVANGSTE UIT TOERISME AS PERSENTASIE VAN: | JAARTAL | | |
|---|---|---|---|
| | 1961 | 1964 | 1968 |
| Totale ontvangste op betalingsbalans | 1,5% | 5,5% | 13,9% |
| Uitvoere van goedere en dienste | 2,0% | 6,1% | 16,0% |
| Uitvoere van handelsware | 3,3% | 9,5% | 28,5% |

<u>BRON</u>: United Nations Conference on Trade and Development, p. 8

Een van die grootste dryfvere agter die buitengewone snelle groeikoers wat die bedryf in Tunisië ondervind het was die sogenaamde alles-insluitende groeptoere. (International Tourism Quarterly no. 4, 1972, p. 31) Dit word natuurlik verder ook moontlik gemaak deur die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne wat deeglik benut word. (Kyk Bustros en Africa 69/70, p. 94.)

Aanvanklik is die bedryf grootliks aangevoor deur die owerhede (90% van totale beleggings tussen 1962 en 1964, veral in die vorm van infrastruktuur) maar private beleggings het gaandeweg toegeneem totdat dit in 1971 reeds sowat 30% van die totale beleggings uitgemaak het. (Bustros, p. 61) Die Tunisiërs volg 'n meer besadigde beleid ten opsigte van die ontwikkeling van die toeristebedryf as wat die geval in Kenia is. Om redes wat meer breedvoerig in paragraaf 2.4.1 bespreek sal word, word 'n streng beleid van beperkte groei gevoer, wat nie alleen insluit die beskerming van die

hulpbronne nie, maar ook sekere sosio-ekonomiese redes.

### 2.4.1 Moontlike bydrae van Toerisme tot Ontwikkeling van Agtergeblewe gebiede

In paragraaf 2.3 is die bydrae van toerisme tot die nasionale ekonomie bespreek, en vanselfsprekend geld al die faktore wat daar genoem is ook in die ekonomie van agtergeblewe gebiede. Daar bestaan egter 'n aantal fynere punte wat nie daar so duidelik na vore gekom het nie wat ook hier van belang is en kortliks beskou moet word, omdat dit 'n bevorderlike, of selfs soms 'n stremmende, effek op die ontwikkeling van sulke gebiede mag hê.

#### 2.4.1.1 Positiewe bydraes van toerisme in agtergeblewe gebiede

"An OECD seminar on tourism development concluded that 'for countries at the intermediate stage of economic development characterised by relatively rapid growth and constantly mounting requirements for foreign exchange, tourism provides a major opportunity for growth.'" (International Tourism Quarterly no. 2, 1973, p. 56) Saamgevat is die potensiële bydrae van toerisme tot die groei van 'n gebied die volgende:

(i) Bydrae tot die betalingsbalans

As voorbeeld van die belangrike rol wat toerisme in die betalingsbalans van 'n ontwikkelende gebied kan speel is daar Kenia (kyk tabel 2.6), waar "foreign exchange earnings from tourism covered 67% of the visible trade deficit". (Popovic, p. 104) Ook in Ethiopië speel toerisme 'n belangrike rol in die betalingsbalans: Ethiopië se hoofuitvoerproduk, naamlik koffie, lewer 'n gemiddelde inkome per jaar van 100 miljoen Ethiopiese dollars. Teen die jaar 1972 sou toerisme 'n konserwatiewe 29 miljoen dollars aan buitelandse valuta lewer, en in 1977 is 68 miljoen Ethiopiese dollars verwag. (I.A.N.U.S., p. 13) Indien dit in aanmerking geneem word dat Ethiopië nie oor 'n noemenswaardige toeristebedryf beskik nie, (Hill, A., p. 71) dan is hierdie syfers inderdaad indrukwekkend.

(ii) Skepper van inkome en werkgeleentheid. (World Travel no. 83, p. 20, United Nations Conference on Trade and Development, p. 11)

"It is an advantage of modern tourism that professional and

managerial skills required in the hotel industry and other tourist service industries can be more easily developed than in many other productive activities, but on the other hand being service industries they required a large number of trained staff which cannot be replaced by mechanical devices." (Popovic, p. 65) Popovic het hierdie stelling gemaak na aanleiding van 'n ondersoek wat hy gedoen het na die toeristebedryf in Ethiopië. In Kenia bevind hy die volgende: "Van die 20 000 nuwe werkgeleenthede sal 5 000 geskep word in hotelle en restaurante, 1 500 in toerbesighede en 3 000 in ander aktiwiteite wat direk te doen het met toerisme. Dit word ook bereken dat 7 000 nuwe werkgeleenthede geskep sal word in die bedrywe wat toerisme direk ondersteun, in besonder die landbou en distribueerders- en dat beleggings in die bou- en konstruksiebedrywe rakende toerisme 'n verdere 3 500 nuwe werkgeleentthede sal voorsien". (Popovic, p. 108, 110) Bogenoemde illustreer die dieperliggende effek wat toerisme op die inkome- en werkgeleentheidstruktuur van 'n ontwikkelende gebied het.

'n Aspek wat hier meer aandag vereis is die feit dat dit nie alleen internasionale toerisme is wat bogenoemde uitwerking het op die ekonomie van 'n land nie. Ook binnelandse of huishoudelike toerisme kan 'n belangrike rol speel, veral in die ontwikkeling van 'n agtergeblewe streek. O'Conner sê byvoorbeeld dat "tourism is not entirely an export industry and visits by people resident within the region also assist the local economy in particular areas." (O'Conner, p. 189) Vergelyk byvoorbeeld die vermenigvuldigereffek (kyk paragraaf 2.3.2.3.2) wat toerisme op die ekonomie van 'n gebied kan hê. Die vermenigvuldiger kan net so effektief in 'n streek funksioneer deur middel van binnelandse toerisme as in 'n land as gevolg van internasionale toerisme.

(iii) <u>Bydrae tot die geografiese uitbreiding van ekonomiese ontwikkeling</u> (World Travel no. 83, p. 20, I.A.N.U.S., p. 13)

In aansluiting met wat hierbo gesê is, is daar ook die geografiese verspreiding van inkome wat deur toerisme bevorder word. In "World Travel" verskyn daar 'n artikel wat na hierdie aspek

verwys: "Besides the favourable ratio of investment to income provided by tourism in such areas, the influence of development of neighbouring areas should not be forgotten. While an industrial nucleus leads to a concentration of wealth in restricted areas tourist centres transmit their effects to other areas through the distribution of income." (World Travel no. 83, p. 23) Dit is 'n baie belangrike aspek as in gedagte gehou word dat eens agtergeblewe gebiede baie maal later in gewilde toeristesentrums ontwikkel. (Kyk byvoorbeeld die Oos-Transvaalse Laeveld wat tot relatief onlangs onontwikkeld was as gevolg van sekere natuurlike faktore soos klimaat en siektes.)

(iv) Stimulerende effek op ander ekonomiese gebiede. (I.A.N.U.S., p. 13, Peters, p. 24)

Behalwe vir die wye ekonomiese invloed op die nasionale ekonomie wat in paragraaf 2.3 genoem is, ondersteun toerisme die binnelandse ekonomie ook op ander wyses. Peters noem byvoorbeeld dat "one special aspect of income from international tourism is the assistance it can bring in absorbing some of the price fluctuations in the prices of primary material produced by developing countries. Tourist receipts have grown not only continuously, but, also at a substantial rate of increase, while commodity prices have often fluctuated, sometimes dramatically... Thus, the stabilizing effect of international tourism on the level of national wealth in countries where annual per capita national income is 200 pounds or less per head is of crucial importance." (Peters, p. 24) 'n Land moet natuurlik oor 'n aansienlike toeristebedryf beskik om bogenoemde voordeel ten volle te kan benut, maar dat daar wel moontlikhede in steek is sekerlik ook waar.

(v) Gunstige verhouding tussen investering en inkome

Daar bestaan klaarblyklik 'n gunstige verhouding tussen investering in die toeristebedryf en die inkome en werkgeleentheid wat dit tot gevolg het. (World Travel no. 83, p. 23) In studies gedoen in Israel, Kenia en Joegoeslawië is hierdie vermoede eenparig bevestig. (United Nations Conference on Trade and Development, p. 17)

'n Ander voordeel wat hiermee in verband gebring kan word is die feit dat toerisme ook put uit investerings wat in ander sektore van die ekonomie gemaak word, byvoorbeeld die aanleg van infrastruktuur. In die nasionale ontwikkelingsplan van Ethiopië is daar byvoorbeeld voorsiening voor gemaak dat 18,7% van die totale begroting na vervoer en kommunikasie gaan en by die opstel van 'n toeristeontwikkelingsplan is dit ingereken by die totale werklike belegging in toerisme. (I.A.N.U.S., p. 12)

2.4.2.2 Nadele van toerisme in agtergeblewe gebiede

Ten spyte van die groot bydrae wat toerisme klaarblyklik kan lewer tot ontwikkeling bestaan daar ook 'n aantal faktore wat daarteenoor opgeweeg moet word ten einde te kan bepaal of 'n toeristebedryf in 'n gebied wenslik is aldan nie.

(i) Invoer van verbruiks- en kapitaalgoedere. (Peters, p. 33; United Nations Conference on Trade and Development, p. 11)

Hierdie faktor kan beskou word as 'n negatiewe bydrae in die begalingsbalans, en moet voortdurend in gedagte gehou word wanneer die bydrae van toerisme tot die betalingsbalans in die gedrang kom.

Dit is veral in agtergeblewe gebiede waar hierdie faktor 'n baie belangrike rol speel, aangesien sulke gebiede normaalweg nie ingerig is om al die kapitaal- en verbruiksgoedere plaaslik te vervaardig nie. Peters sê, "Some of the developing countries will have to import products for re-sale to tourists for a considerable period, until the products can be produced locally." (Peters, p. 33)

Dit is nie alleen die betalingsbalans wat onder invoere ly nie, maar ook die effek wat die vermenigvuldiger op die binnelandse ekonomie het neem af. "A city will be more self-sufficient and thus require fewer imports of goods or services than a village. Thus it will have a higher income multiplier." (World Travel no. 89, p. 30) Hierdie word aangevoer as een van die redes hoekom die toeristebedryf in Tuni-

sië beperk gaan word, omdat die land te veel afhanklik is van ingevoerde goedere in sy bedryf. (Bustros, p. 62)

(ii) Onstabiliteit van die toeristebedryf

Verder beperk Tunisië ook sy toeristebedryf omdat die gevoel is dat toerisme onderworpe is aan die toestand waarin die wêreldekonomie verkeer, en dus onstabiel is. (Bustros, p. 62) Hier moet egter eerder na 'n verskeidenheid ekonomiese steunpilare gestreef word, in plaas daarvan dat die ekonomie net op toerisme gebaseer word. As verdieners van buitelandse valuta geld hierdie probleem vir al die sektore in die ekonomie, indien hulle individueel beskou word.

(iii) Inmenging met ander ekonomiese aktiwiteite

Dit is natuurlik ook so dat toerisme sommige natuurlike hulpbronne beset wat moontlik vir ander doeleindes aangewend kon gewees het. So is daar gevind dat gedurende die toeristeseisoen (somer) meer water gebruik word vir die toeristebedryf, byvoorbeeld in swembaddens, en dit terwyl meer water gedurende hierdie tydperk in die landbou benodig word. (Bustros, p. 62)

# HOOFSTUK III

## 3. ONTLEDING VAN DIE FAKTORE WAT TOERISME BEÏNVLOED

Die aard van die definisie van toerisme (kyk 1.3.1) dui op die moontlikheid dat daar 'n sterk onderlinge verband tussen die invloedsfaktore van toerisme en buitelugontspanning bestaan. Deur die bevindings te vergelyk van navorsers wat die invloedsfaktore van toerisme en buitelugontspanning onderskeidelik ondersoek het, word hierdie vermoede bevestig. Dit blyk dat al die belangrikste faktore wat geld vir buitelugontspanning ook geld vir toerisme, alhoewel die omgekeerde nie noodwendig waar is nie. (Vergelyk byvoorbeeld Norval, p. 153; Peters p. 114; Nedbank, p. 11; Hugo, p. 55 en Clawson, p. 1.) Die belangrikste gemeenskaplike faktore is die volgende:

Bevolkingsgroei
Verstedeliking
Vryetyd
Inkomste
Motorbesit
Onderwyspeil

Faktore wat byvoorbeeld 'n invloed uitoefen op toerisme, maar nie op buitelugontspanning nie, is reise vir besigheids- en vergaderingsdoeleindes. Selfs dit kan 'n gemeenskaplike invloed hê, daar mense besigheids- en vergaderingsreise soms met plesierreise kombineer.

Indien die opdrag in paragraaf 1.1 nagekom moet word is dit egter duidelik dat eersgenoemde faktore by verreweg die belangrikstes is. Besigheids- en ander soorte reise speel 'n relatiewe klein rol in vergelyking met vakansiereise. "Recreation, health and adventure are the chief motivations of mass travel." (World Travel no. 96, p. 21) Klem sal dus gelê word op reise wat vir ontspanningsdoeleindes aangepak word.

In die studie gedoen deur Hugo vir die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling is hierdie faktore volledig ondersoek en bespreek. (Hugo, p. 55-147) Dit sal geen doel dien om hierdie navorsing te herhaal nie en daarom sal sy bevindings net kortliks hier bespreek word, met uitbreiding waar volledigheidshalwe nodig geag.

## 3.1 BEVOLKINGSGROEI

Bevolkingsgroei is volgens Hugo die grootste enkele faktor wat voortdurende beplanning van fasiliteite noodsaaklik maak. "Indien daar op 'n gegewe stadium voldoende fasiliteite sou wees, kon redelikerwys aanvaar word dat verdere voorsiening van akkommodasie by ontspanningsplekke (toeristebronne) minstens in verhouding met bevolkingsgroei moet toeneem". (Hugo, p. 55) Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding van bevolkingsgroei in lande wat as toeristebronne beskou word.

TABEL 3.1 BEVOLKINGSGROEI VAN LANDE WAT AS TOERISTEBRONNE BESKOU KAN WORD (in miljoene)

| LANDE | 1960 | 1961 | 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | 1966 | 1967 | 1968 | 1969 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Oostenryk | 7,0 | 7,1 | 7,1 | 7,2 | 7,2 | 7,3 | 7,3 | 7,3 | 7,3 | 7,4 |
| Brittanje | 52,4 | 52,8 | 53,3 | 53,7 | 54,1 | 54,4 | 54,7 | 55,1 | 55,3 | 55,5 |
| Frankryk | 45,7 | 46,2 | 47,0 | 47,8 | 48,3 | 48,8 | 49,2 | 49,5 | 50,0 | 50,3 |
| Nederland | 11,5 | 11,6 | 11,8 | 12,0 | 12,1 | 12,3 | 12,5 | 12,6 | 12,7 | 12,9 |
| Switserland | 5,4 | 5,5 | 5,7 | 5,8 | 5,9 | 5,9 | 6,0 | 6,1 | 6,1 | 6,2 |
| V.S.A. | 180,7 | 183,3 | 186,7 | 189,4 | 192,1 | 194,6 | 197,0 | 199,1 | 201,2 | 203,2 |
| Kanada | 19,9 | 18,3 | 18,6 | 18,9 | 19,3 | 19,6 | 20,1 | 20,4 | 20,8 | 21,1 |
| Brasilië | 69,7 | 71,8 | 74,6 | 76,2 | 78,4 | 80,8 | 83,2 | 85,7 | 88,2 | 90,8 |
| Australië | 10,3 | 10,5 | 10,7 | 10,9 | 11,2 | 11,4 | 11,6 | 11,8 | 12,0 | 12,3 |

BRON: Nedbank, p. 20.

Wat die Suid-Afrikaanse bevolking betref word bereken dat dit binne 23 jaar sal verdubbel (teen 'n groeikoers van 3,06% wat aansienlik hoër is as die wêreldgemiddeld van 1,8%).(Hugo, p. 55)

## 3.2 VERSTEDELIKING

"Indien toename in buitelugontspanning 'n eweredige toename met styging in bevolkingsgetalle sou toon, sou die beplanningsprobleem vir Suid-Afrika al

erg genoeg gewees het. Dit is egter welbekend dat die vraag na fasiliteite in ander lande nog altyd vinniger toegeneem het as wat die bevolking gegroei het ... As na die literatuur oor die onderwerp gekyk word is een van die belangrike (ander faktore) verstedeliking". (Hugo, p.58)

Die invloed wat verstedeliking op toerisme uitoefen is die volgende (Hugo, p. 58):

(i) As gevolg van die samedromming van mense ontstaan daar 'n groter vraag na ontspanningsgeleenthede . (Nedbank, p. 13; Hugo, p. 58)

(ii) Die konsentrasie van mense veroorsaak voorts dat daar 'n behoefte aan stilte en rustigheid ontstaan.

(iii) Werksomstandighede dra by tot die stedeling se behoefte aan ontspanningsgeleentheid.

(iv) Saam met die verstedeliking gaan ook gepaard 'n styging in kontantinkomste en verhoogde lewensstandaard.

(v) Kommunikasie is beter in die stede veral wat openbare vervoerdienste, *per capita* motorbesit en ander bevorderingsmedia soos koerante betref.

(vi) Stygende grondwaardes in stede gee ook aanleiding tot behoefte aan ruimte.

(vii) 'n Faktor wat hier geld vir toerisme, maar nie vir buitelugontspanning nie, is die feit dat stede en dorpe ook kan dien as toeriste-aantreklikheid (byvoorbeeld kulturele aantrekkingskragte).

Hugo illustreer verder die situasie in Suid-Afrika deur daarop te wys dat die stedelike bevolking gegroei het teen 'n gemiddelde koers van 4,15% vanaf 1904 to 1970. Die blanke stedelike bevolking maak in 1970 86,8% van die totale blanke bevolking uit, en die totale stedelike bevolking sowat 47,9% van die Suid-Afrikaanse bevolking. (Hugo, p. 63) Hierdie syfers is egter misleidend omdat alle mense wat in dorpsgebiede woon, ook in baie klein dorpies, daarby ingesluit is. (Die amptelike definisie soos deur die Departement van Statistiek aanvaar vir die 1970 sensusopname lui as volg: "Stedelike gebiede word gekenmerk aan 'n stad of dorp, met een of ander vorm van plaaslike owerhede wat kragtens wetgewing tot stand gebring is, soos 'n stadsraad, dorpsbestuur, dorpsraad, gesondheidskomitee of plaaslike en openbare gesondheidsgebiede".) Van

die bogenoemde faktore verflou of geld glad nie meer in die klein dorpies nie, sodat die invloed daarvan op toerisme afneem of verdwyn.

## 3.3 VRYETYD

"'n Mens word getref deur die afname in werksure per week in die afgelope eeu wat deur byna alle bronne oor vryetyd aangetoon word. Daar is egter enkele skrywers wat daarop wys dat die werklike aantal ure wat beskikbaar is vir ontspanning nie so maklik berekenbaar is nie.Baie faktore het verander gedurende die afgelope honderd jaar: afstande na werksplekke as gevolg van groot stede, drukte van verkeer, wat veroorsaak dat die reis na die werk nog verder verleng word in terme van tyd; meer buitemuurse verpligtinge; privaatwonings en tuine het meer algemeen geword." (Hugo, p. 76) Alhoewel hierdie bevindings nie sonder verdienste is nie, moet daar bygevoeg word dat daar sekere positiewe aspekte verbonde is wat hierdie negatiewe aspekte tot 'n groot mate uitskakel. Douglass noem byvoorbeeld dat tyd insoverre dit toerisme raak, uit twee fasette bestaan, naamlik beskikbare tyd en mobiliteit. Laasgenoemde is hier van toepassing op beter en geriefliker vervoermiddels, tydsbesparende reise as gevolg van hoër snelhede, beter paaie ens. (Douglass, p. 20) Dieselfde faktore wat enersyds die vryetyd verminder kan dit dus ook andersyds vermeerder.

Hugo noem ook verder dat ten spyte van die positiewe faktore, dit steeds baie moeilik is om te bepaal wat die werklike kwantitatiewe omvang van die korter werksure op buitelugontspanning is. "Al sou dit egter nie bereken kan word in terme van syfers nie, benodig die argument dat, indien daar meer vryetyd is, daar meer deelname aan buitelugontspanning sal wees, sekerlik nie veel motivering nie." (Hugo, p. 77)

Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding van hoe vryetyd die afgelope aantal jare toegeneem het:

TABEL 3.2 AFNAME IN DUUR VAN WERKSURE IN SWEDE 1958 - 1972

| JAAR | Werksweek |
|---|---|
| 1958 | 48 uur |
| 1960 | 45 uur |
| 1971 | 43 uur |
| 1972 (verwagting) | 40 uur |

BRON: Tobé, p. 50.

In die V.S.A. bevind Clawson en Knetch (Hugo, p. 78) dat daar omtrent 70 maal meer tyd aan buitelugontspanning bestee is in 1960 as wat in 1900 die geval was. "Certain authorities believe that by the year 2000 annual paid holidays in the highly industrialized countries will extend to 13 weeks with a 4 day working week." (Word Travel Special Issue no. 103, Okt. 1971, p. 22) As gevolg van 'n tekort aan gegewens is dit uiters moeilik om te bereken wat die toestand in Suid-Afrika is, maar Hugo bevind dat daar aanduidings is van 'n moontlike drastiese vermindering in werksure in die toekoms. (Hugo, p. 80)

3.4 INKOMSTE

(i) Dit is nie moontlik om te bepaal wat die presiese invloed van die verhoogde inkomste op deelname aan buitelugontspanning is nie, maar daar bestaan goeie rede om te aanvaar dat daar 'n positiewe verband bestaan. (Hugo, p. 83)

(ii) In alle gevalle is deelname van die hoër-inkomstegroep meer as dié van die laer-inkomstegroepe. Dit geld nie alleen vir die duurder ontspanningsoorte (motorbote en seiljagte) nie, maar ook vir die goedkoperes (kampering).

(iii) Dit wil dus voorkom asof daar met die verhoogde inkome ook groter bewuswording van die buitelugontspanningsmoontlikhede ontstaan.

(iv) Dit wil ook voorkom asof daar sekere buitelugontspanningsoorte bestaan waarby die oorwig deelname deur die rykeres groter is as by ander buitelugontspanningsoorte.

Hugo het ongetwyfeld diep genoeg in die onderwerp ingegaan om te kan verklaar dat inkomste 'n uitwerking op buitelugontspanning het. Daar is egter een aspek wat hier verder beklemtoon moet word. Alhoewel dit in die algemeen so is dat die vraag na ontspanning toeneem namate inkome styg, is dit eintlik die deel van die inkome wat beskikbaar is vir toerisme of ontspanning wat hier van belang is. "When once our more urgent and basic needs for food, clothing, shelter and heating have been satisfied, wants of a higher and more refined order begin to emerge and with an increase in the means at his disposal man spends relatively more and more on those things which minister to his higher needs than on those that minister to his more basic wants." (Norval, p. 153) Dit moet dus duidelik wees dat dit die verandering in inkome ook is wat toerisme sal beïnvloed, en nie

net die inkomstepeil nie.

## 3.5 MOBILITEIT

Omdat dit buite die bestek van sy studie val het Hugo mobiliteit nie as invloedsfaktor gereken nie. Daar word wel deeglik rekening gehou met motorbesit, wat, alhoewel dit 'n baie belangrike element van mobiliteit uitmaak, geensins die enigste een is nie. "It is simple to recall those three inventions which have turned the individual voyage, which formerly constituted tourism, into the mass phenomenon of today: the railway, the motor car, meeting the individual's demand and 'being a constant temptation to travel', and the aeroplane, distinguished by its qualities of speed and ever increasing capacity." (Géroudet, p. 29) Verder sê Peters ook, "for the longer-distant, inter-regional tourism, the increasing importance of air-transport is evident. For short-haul, intra-regional tourism, road transport is increasing while the importance of rail transport seems to be diminishing." (Peters, p. 56)

Motorbesit word deur Hugo uitgesonder as die een faktor wat groot invloed uitgeoefen het op buitelugontspanning. Dit het nie alleen 'n verhoging in ontspanningsdeelname teweeg gebring nie, maar ook 'n omwenteling veroorsaak in ontspanningspatrone. (Hugo, p. 103) Hierdie mening word grootliks gestaaf deur Peters en andere wat beweer dat die uitermate vinnige groei van die toeristebedryf tot 'n groot mate toegeskryf kan word aan die snelle toename in private motorbesit. (Peters, p. 58; New Press Agency March 1972, p. 19 en World Travel no. 96, p. 19)

Wat die langer-afstandtoerisme betref is daar alreeds verwys na die rol van verbeterende lugvervoerstelsels. Veral die ontwikkelende lande in Afrika wat almal verafgeleë ten opsigte van die groot toeristemarkte is, voel die invloed van afstand op die ontwikkeling van hulle toeristehulpbronne . "Apart from ensuring that the tourist enjoys himself while he is there another problem for African countries is getting him there first." (New Press Agency March 1972, p. 19) Popovic omskryf hierdie probleem van nader: "Overseas tourism in Eastern Africa depends primarily on bringing tourists from Europe and North America, and practically the only mode of transport for them is by air." (Popovic, p. 27. Vergelyk ook World Travel no. 96, p. 19).

## 3.6 ONDERWYSPEIL

"Die invloed van onderwys op die individu strek baie verder as bloot die vermeerdering van akademiese kennis. Die feit dat mense hierdeur ook meer bewus word van hulself en hulle hele lewenswêreld, speel 'n belangrike rol in buitelugontspanning. Met die toename in onderwyspeil styg buitelugontspanningsdeelname by omtrent alle ontspanningsoorte. (Hugo, p. 111) Schadlbauer brei uit op hierdie bevindings deur daarop te wys dat die opvoedingspeil van mense nou saamhang met toerisme, deurdat die drang om dinge te sien en te ondervind toeneem namate die mens se beskawingspeil styg. (Schadlbauer) Hugo se bevinding dat "bewuswording" 'n faktor van buitelugontspanning is waarmee deeglik rekening gehou moet word sluit ook hierby aan. (Hugo, p. 115)

Dit handel dan kortliks die gemeenskaplike toerisme- en buitelugontspanningsinvloedsfaktore af. Die belangrikheid van die ander elemente moet egter geensins onderskat word nie, alhoewel dit heelwaarskynlik nie so belangrik is as reedsgenoemde faktore nie. Die toestand word as volg saamgevat: "For the world as a whole pleasure travel represents the fastest growing sector of the total air travel market, with the increase in business travel tending to taper off. For South Africa holiday visitors remain overwhelmingly in the majority over business and educational visitors." (Nedbank, p. XXXII) Daar word dan egter verder beklemtoon dat laasgenoemde groep vinniger as vakansiegangers toeneem.

Dit kan dus afgelei word dat buitelandse handelsbetrekkinge hier 'n belangrike rol speel, en namate dit toeneem dit dienooreenkomstig op toerisme sal inwerk. Wat Suid-Afrika betref word daar tot die volgende slotsom gekom: "The development of export drives by both Britain and the United States in these circumstances, has implications as regards the growth of business travel to South Africa and the same applies to other trading partners of the Republic. South Africa can thus look forward to increases in these classes of travel." (Nedbank, p. 18)

## HOOFSTUK IV

## 4. TENDENSE IN TOERISME

Ten einde die doelstellings van hierdie studie te verwesenlik is dit nodig om vas te stel waarheen die toeristebedryf neig. Uit so 'n ondersoek behoort dit moontlik te wees om algemene riglyne te formleer wat rigtinggewend kan wees by verdere navorsing. Daar is veral drie basiese aspekte van toerisme wat hier van belang is, naamlik die verblyfs-, vervoer- en ontspanningsaktiwiteitspatrone.

Wat verder ook belangrik is is dat die klem van so 'n ondersoek moet val op toeristeneigings in Suid-Afrika, wat om redes wat later sal blyk verskil van dié van die res van die wêreld. So 'n stap is nodig omdat:

(i) Huishoudelike of binnelandse* toerisme so 'n belangrike (oorgrote) deel van die totale toeristeverkeer in die Republiek uitmaak dat die klem daarop moet val. "The proportion of total tourist expenditure devoted to domestic tourism varies considerably from country to country depending upon economic, geographical and social circumstances, but is internationally accepted as averaging about 60% of total tourist expenditure. For South Africa the figure is higher, about 75%, due mainly, no doubt, to the country's comparatively isolated position." (Nedbank, p. 64) Ander navorsers beaam ook dat binnelandse toerisme van groot belang vir 'n land is. (Popovic, p. 11 en Rian, A., p. 21)

(ii) In die tweede plek is daar in Suid-Afrika ondervind dat die buitelandse besoekers en in hierdie geval veral ook die oorsese besoekers, gebruik maak van die bestaande fasiliteite. "Many of the facilities used by foreign visitors depend for their existence on regular patronage by domestic tourists. This is especially true of South Africa because the Republic's intake of foreign tourists is not in itself sufficient to make the provision of tourist facilities economic. Thus the domestic tourist provides an established holiday structure

*Suid-Afrikaners wat toeriste binne Suid-Afrika is.

for the foreign tourist". (Nedbank, p. 64) Dit blyk dus dat dit voldoende is om genoeg fasiliteite te skep volgens die smaak van die binnelandse toeris eerder as om spesiale fasiliteite te skep vir buitelandse besoekers.

(iii) Hierdie ondersoek is op die lange duur gemik op 'n gebied (Maputaland) binne Suid-Afrika, en daarom geld die heersende toestande aldaar. Alhoewel Maputaland later (na onafhanklikheid) nie meer deel van die Republiek van Suid-Afrika sal wees nie, sal dit ongeag die konstitusionele verandering steeds deel van Suidelike Afrika bly.

Die genoemde redes beteken nie dat daar glad nie na die wêreldtendense van toerisme gekyk moet word nie, maar alleenlik dat die klem hoofsaaklik op neigings in Suid-Afrika behoort te val.

## 4.1 VERBLYFSTENDENSE VAN TOERISTE

"Tourist attraction (apart from natural attractions such as scenery, beaches etc.) must be provided initially, in order to attract tourists. Once they are established the problem shifts from one of attraction to one of accommodation. The finest attractions in the world will be ineffectual if accommodation is not available." (Nedbank, p. 64) Verblyfstendense is 'n faktor van toerisme waarmee deeglik rekening gehou moet word, en soos reeds uit paragraaf 4 (ii) geblyk het is veral die patroon wat vir die Suid-Afrikaanse toeriste geld hier van belang.

Uit 'n opname gedoen deur Isen* onder toeriste in die Hoër Oranjestreek is die volgende resultate behaal:

TABEL 4.1 HUIDIGE AKKOMMODASIE VAN VAKANSIEGANGERS 1970

| Soort Akkommodasie | % van Steekproef |
|---|---|
| By bekendes | 9,2 |
| Hotel | 10,1 |
| Motel | 1,6 |
| Kamer (sonder bediening) | 5,4 |
| Rondawel | 16,4 |
| Woonwa | 28,4 |
| Tent | 18,4 |
| Vakansiehuise, woonstel | 10,5 |

BRON: Schadlbauer, p. 110

* Instituut vir Sosio-Ekonomiese Navorsing van die Universiteit van die O.V.S.

Uit die tabel lyk dit asof die goedkoper, meer private en selfonderhoudende verblyfsoorte die gewildste is. Daar is egter ook in dieselfde opname gekyk na voorkeurakkommodasie by toeriste, en dit vorm 'n insiggewende vergelyking met die soorte verblyf wat mense inderdaad benut.

TABEL 4.2 VOORKEURAKKOMMODASIE VAN VAKANSIEGANGERS 1970

| Soorte Akkommodasie | % van Steekproef |
|---|---|
| By bekendes | 1,3 |
| Hotel | 24,2 |
| Motel | 3,5 |
| Kamer (sonder bediening) | 2,4 |
| Rondawel | 21,8 |
| Woonwa | 25,1 |
| Tent | 11,1 |
| Vakansiehuis, Woonstel | 10,6 |

BRON: Schadlbauer, p. 109.

Daar bestaan klaarblyklik ander faktore, behalwe voorkeure, wat die vakansieverblyfspatrone bepaal. Die faktore wat toerisme beïnvloed is reeds bespreek en vind baie duidelik toepassing as tabel 4.1 vergelyk word met laasgenoemde tabel. (Vergelyk byvoorbeeld hotelverblyf, wat heelwaarskynlik sterk beïnvloed word deur die rol wat inkome speel by die keuse van verblyf, of die beskikbaarheid van ander soorte verblyf.)

Bogenoemde opname kan natuurlik nie aanvaar word as weerspieëling van die bestaande Suid-Afrikaanse toeristeverblyfspatroon nie, hoofsaaklik weens die klein steekproef wat geneem is en die beperkte gebied wat deur die opname gedek is. Dit is egter een van die weinige ondersoeke wat in hierdie verband gedoen is in Suid-Afrika en moet om dié rede in aanmerking geneem word. In die eerste plek gee dit 'n aanduiding van watter soort verblyf vakansiegangers verkies en in die tweede plek beklemtoon dit 'n belangrike punt, naamlik dat toeriste se voorkeur- en werklike verblyfspatrone verskil.

By gebrek aan verdere inligting en in 'n poging om die tekortkominge van bogenoemde ondersoek aan te vul, kan die bestaande toeristeverblyfsfasiliteitspatroon in Suid-Afrika van naderby beskou word. Ook hierdie metode is nie sonder tekortkominge nie, aangesien daar vir vergelykingsdoeleindes aanvaar is dat die verskillende verblyfsoorte byvoorbeeld 'n hotel en 'n woonwapark uit dieselfde aantal wooneenhede bestaan. Dit was slegs moontlik om syfers te bekom oor die hoeveelhede van elke soort verblyfsfasiliteit en nie ook oor die aantal verblyfseenhede wat dit insluit nie. Die onderstaande tabel gee die resultate van die ondersoek weer.

TABEL 4.3 BESTAANDE TOERISTEVERBLYFSTRUKTUUR IN SUID-AFRIKA 1973

| Soort Verblyf | % van Totaal |
|---|---|
| Hotelle | 54,29 |
| Motelle | 2,90 |
| Botelle | 0,04 |
| Vakansieoorde, -plase, ruskampe | 9,87 |
| Vakansiekamers, hutte, losieshuise | 5,71 |
| Woonwa en Kampeerterreine | 21,48 |
| Vakansiehuise en Woonstelle | 5,71 |
| Totaal | 100,% |

(Tabel saamgestel uit gegewens verkry van die Departement van Toerisme)

Uit die tabel lyk dit asof hotelle die vernaamste vorm van toeristeverblyf is, met woonwaparke en kampteerterreine die sterkste mededingers. Dit toon 'n mate van ooreenkoms met wat in tabel 4.2 bevind is, waar woonwa- en tentverblyf die meeste voorkeur geniet het (+ 36%) en hotelverblyf daaropvolgend met + 24%.

Juis hierdie verskil laat die vraag ontstaan of die beskikbaarheid van hotelle nie sodanig is dat dit die benutting daarvan bevoordeel ten koste van ander (moontlik voorkeur-) verblyfsoorte wat minder geredelik beskikbaar is.

Wat verder bydra tot die verskil in die werklike verblyfspatroon van vakansiegangers (soos in die Hoër Oranjestreek bevind) en die toeristever-

blyfstruktuur in Suid-Afrika is waarskynlik omdat daar 'n verskil is tussen 'n vakansieganger en 'n toeris. (Laasgenoemde gedefinieer in paragraaf 1.3.1.) Besigheids-, sendings- en ander reise maak 'n aansienlike persentasie van die totale toeristeverkeer in Suid-Afrika uit (Nedbank, p. 18) en hierdie reisigers maak waarskynlik meer van hotelverblyf gebruik.

Omdat Suid-Afrika se ekonomie op 'n vrye ekonomiese stelsel gegrond is, en die genoemde verblyfsoorte ekonomies ingestel is, moet aanvaar word dat die patroon in tabel 4.3 vraag en aanbod weerspieël, en dat dit dus tans die verblyfspatroon van toeriste na Suid-Afrika is. Uit tabelle 4.1 en 4.2 is dit egter ook duidelik dat hierdie patroon nie absoluut is nie, en dat gedurige veranderinge in gedagte gehou moet word.

## 4.2 TOERISTEVERVOERPATRONE

Ter inleiding van hoofstuk IV is daar verwys na die omvang en gepaardgaande belangrikheid van huishoudelike toerisme. In Suid-Afrika bestaan daar 'n wesenlike gebrek aan inligting betreffende die vervoerpatrone in hierdie sektor van die toeristebedryf. (Hierdie bevinding word onderskryf deur amptenare van die Departement van Toerisme.) Om enigsins 'n idee te kan vorm van die binnelandse vervoerpatrone sal daar afleidings gemaak moet word van vervoerpatrone elders waar daar wel die nodige inligting bestaan.

Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die internasionale vervoerpatrone in 1965, waarin die algemene tendense duidelik te bespeur is:

TABEL 4.4 VOORKEURNEIGINGS IN INTERNASIONALE TOERISTEVERVOER 1965

| Aankoms in | % per lug | % per pad | % per spoor | % per boot |
|---|---|---|---|---|
| Midde-Ooste | 35,1 | 54,3 | 2,5 | 8,1 |
| Afrika | 38,4 | 23,1 | 16,4 | 22,1 |
| Latyns-Amerika | 50,4 | 37,2 | 1,4 | 10,9 |
| Asië | 84,3 | 2,8 | 0,6 | 12,3 |
| Australië | 87,8 | 0 | 0 | 12,3 |
| Noord-Atlanties | 84,8 | 0 | 0 | 15,2 |

BRON: Peters, p. 56.

Opmerkings:

(i) Laasgenoemde twee gebiede kan vir vergelykende doeleindes buite rekening gelaat word omdat hulle weens hulle ligging nie toeganklik is per pad- en spoorvervoer nie.

(ii) "In the sphere of transportation, air transport is the dominant form for long-haul travel and road transport, particularly the motor car, for short distance travel" (World Travel no. 83, p. 23. Kyk ook World Travel no. 89, p. 14; World Travel no. 96, p. 19; Organisation for Economic Co-operation and Development, 1970, p. 42 en Die Vaderland, 5 Junie 1973, p. 42 wat hierdie stelling beaam.) Nadat hierdie tendens bekend is kan dit ook waargeneem word in tabel 4.4. In die Midde-Ooste byvoorbeeld is padverkeer die dominante vorm van vervoer, in teenstelling met Afrika en Asië. Die rede hiervoor moet in die volgende gesoek word:

(a) Die Midde-Ooste is nader geleë aan potensiële toeristemarkte wat motorverkeer moontlik maak. "Compared to the other African countries North Africa has the advantage of shorter distance from the main tourist generating countries..." (United Nations, Tourism in Africa, p. 26)

(b) Ten tweede is die Midde-Ooste meer toeganklik per pad as die meeste Afrikalande.

Afstand en toeganklikheid speel dus klaarblyklik hier 'n belangrike rol. Dieselfde tendense is in die O.E.C.D.* lande waargeneem waar die sentraalgeleë lidlande (ten opsigte van ander lidlande) soos Oostenryk en Duitsland oorheersend besoek van toeriste uit ander lidlande per pad ontvang het (soveel as 87% en 89% onderskeidelik). In teenstelling hiermee het die afgeleë lidlande soos Spanje en Portugal 'n afname in padvervoer ten gunste van lugvervoer ondervind. (O.E.C.D., 1971, p. 42 en O.E.C.D., 1970, p. 42)

Wat die vervoerpatrone van buitelandse toeriste na Suid-Afrika betref is die volgende waargeneem:

*The Organization for Economic Co-operation and Development.

TABEL 4.5 VERVOERVOORKEURE BY INKOMENDE TOERISTE IN SUID-AFRIKA 1960-1970

| JAAR | PER PAD | PER TREIN | PER SKIP | PER VLIEGTUIG |
|---|---|---|---|---|
| | % van totale vervoer | % van totale vervoer | % van totale vervoer | % van totale vervoer |
| 1960 | 53,1 | 17,5 | 10,4 | 18,9 |
| 1961 | 54,1 | 16,1 | 9,9 | 19,9 |
| 1962 | 54,1 | 14,8 | 9,8 | 21,4 |
| 1963 | 50,7 | 16,2 | 9,6 | 23,4 |
| 1964 | 48,2 | 16,5 | 8,6 | 26,8 |
| 1965 | 45,7 | 14,7 | 7,9 | 31,6 |
| 1966 | 40,8 | 13,7 | 7,9 | 37,5 |
| 1967 | 41,6 | 10,3 | 7,6 | 40,5 |
| 1968 | 41,4 | 6,9 | 7,8 | 44,2 |
| 1969 | 38,6 | 5,7 | 7,4 | 48,3 |
| 1970 | 40,2 | 4,8 | 7,1 | 47,9 |

BRON: Nedbank, p. 41.

Opmerkings:

(i) Uit die tabel blyk dit dat die aantal besoekers per lug toegeneem het ten koste van die ander vorms van vervoer. "This gain was made at the expense of all other forms of transport ... and rail transport suffers most". (Nedbank, p. XXII)

Met behulp van die voorafgaande bespreking kan hierdie verskynsel ook verlaar word: Waar Suid-Afrika se buitelandse besoekers in 1964 76,7% uit Afrikalande afkomstig was, het dit in 1970 reeds om verskeie redes gedaal na 57%. (Nedbank, p. 62 en Die Vaderland, 5 Junie 1973, p. 3) Met ander woorde dit is weer eens 'n geval van afstand en toeganklikheid wat die belangrikste rolle speel.

(ii) Padvervoer speel steeds 'n belangrike rol in Suid-Afrika se toeristebedryf. Die rede hiervoor is die goeie toeganklikheid en die groot aantal besoekers uit Rhodesië en Mosambiek.

(iii) Deur die vervoerpatrone van buitelandse toeriste aan Suid-Afrika gedurende 1965 te vergelyk met dié van die Midde-Ooste (kyk tabel 4.4) kan 'n duidelike ooreenkoms bemerk word. Net soos die Midde-Ooste beskik Suid-Afrika ook oor 'n nabygeleë toeristemark wat grootliks bydra tot hierdie patroon.

Uit die voorafgaande bespreking kan nou 'n redelike duidelike prentjie gevorm word van toeriste se reisvoorkeure in die algemeen. In aansluiting by die inleidende gedeelte van hierdie paragraaf moet daar nou afgelei word wat Suid-Afrika in die toekoms te wagte kan wees, en waarvoor daar dienooreenkomstig voorsien sal moet word. Om so 'n voorspelling te waag moet daar weer eens onderskei word tussen internasionale en binnelandse toeriste.

(i) Internasionale toerisme

Daar afstand klaarblyklik 'n belangrike rol speel by die keuse van vervoermiddele sal dit voordelig wees om eers op die bronverskuiwings van Suid-Afrika se buitelandse besoekers te let alvorens tot enige gevolgtrekking gekom word. Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die moontlike klemverskuiwing in die potensiële toeristemark:

TABEL 4.6 DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE TOENAME VAN DIE GETAL TOERISTE NA SUID-AFRIKA VANAF DIE VYF VASTELANDE GEDURENDE DIE TYDPERK 1965-1970

| Land | % Toename |
|---|---|
| Afrika | 6,1 |
| Europa | 20,9 |
| Asië | 16,1 |
| Amerikas | 21,4 |
| Australasië | 38,4 |

BRON: Nedbank, p. 58.

Hierdie tabel, tesame met die reedsgenoemde feit dat die aantal toeriste uit Afrika steeds veld verloor ten gunste van oorsese besoekers, dui daarop dat Suid-Afrika inderdaad klemverskuiwing ondergaan vanaf relatief kortafstand- na langafstandtoerisme. Dit lyk dus of Suid-Afrika se inkomende toeristevervoerpatrone toenemend as volg daar gaan uitsien:

(a) Toenemende lugvervoer, as gevolg van al hoe meer toeriste wat van oorsee kom. Dit geskied veral ten koste van seereise wat neig om 'n al hoe kleiner gedeelte van die totale aantal oorsese besoekers te vervoer.

(b) 'n Afname in padvervoer, as gevolg van die kleiner persentasie mense uit nabygeleë lande wat Suid-Afrika besoek. Dit bly egter steeds 'n baie belangrike vorm van vervoer.

(ii) Binnelandse toerisme

In hierdie geval is dit veel moeiliker om enige afleidings van toepassing te maak. Die groot vraag hier is wat as langafstandreise gereken kan word vir die doeleindes van binnelandse toerisme. Vir die internasionale toerisme was dit maklik, aangesien afstand en toeganklikheid daar baie beter gedefinieer is. Die volgende afleidings is bloot tentatief en kan nie as absoluut aanvaar word nie:

(a) Uit die verslag van die O.E.C.D. lyk dit asof die lande wat tot ongeveer 600 kilometer vanaf die meeste ander lidlande geleë is oorwegend besoeke per pad ontvang het (van mense uit die ander lidlande). Hiervan getuig Oostenryk en Duitsland wat selde verder as die genoemde afstand vanaf lande soos Holland, Frankryk, Denemarke, ensovoorts is. (O.E.C.D. 1971)

Indien 600 kilometer geneem kan word as norm kan verwag word dat motor- en ander vorme van padverkeer gaan toeneem in die toekoms. Indien die hoofstedelike komplekse met 600 kilometer omstraal word is dit duidelik dat daar

vir almal van hulle talle vakansieoorde bestaan, en dat dit slegs die minderheid sal wees wat verder sal gaan vakansie hou.

(b) As daar nou ook weer gekyk word na die lande wat verder geleë is vanaf ander lidlande (byvoorbeeld Spanje en Portugal) dan kan 'n patroon van toenemende lugvervoer bemerk word. (O.E.C.D. 1970 en O.E.C.D. 1971) Die afstand vanaf Holland na Spanje is ongeveer soveel as vanaf Johannesburg na Kaapstad. Dit lyk dus asof daar verwag kan word dat die lugvervoer ook gaan toeneem vir die "langer" reise.

'n Feit wat nie uit die oog verloor moet word nie is dat hierdie neigings alleenlik dui op vakansiereise en die ander vorms van toerisme soos besigheidsreise, bywoning van simposiums, ensovoorts, totaal buite rekening laat. Afstand speel hier ook 'n rol, maar die gevoel is dat hierdie mense eerder van tydsbesparende vervoermiddels sal wil gebruik maak, en dus ook lugvervoer sal stimuleer.

## 4.3 TOERISTENEIGINGS BY BUITELUGONTSPANNINGSDEELNAME

Die neiging wat by die toeristeverblyfspatrone opgemerk is, naamlik dat toeriste se voorkeur- en werklike verblyf verskil, kom ook voor by ontspanningsdeelname. "Rekords van besoekersgetalle bied (egter) 'n beeld van 'n getal mense wat bereid is om teen 'n bepaalde koste aan 'n bepaalde aktiwiteit deel te neem, maar dit verskaf geen aanduidings van hoe kosteveranderings 'n persoon se bereidwilligheid om deel te neem affekteer nie, met ander woorde dit verskaf geen beeld van latente vraag nie." (Steyn, Doktorale Verhandeling, p. 111) Steyn noem hier een faktor wat die voorkeuraktiwiteite van die werklikheid laat verskil, maar ander faktore soos mobiliteit speel sekerlik ook 'n rol. Daar word selfs so ver gegaan om te sê dat bestaande fasiliteite die ontspanningspatrone bepaal: "Bestaande patrone is tot 'n groot mate slegs die menslike reaksie op bestaande fasiliteite. Waar die fasiliteite ontbreek verander die ontspan-

ningstruktuur dienooreenkomstig." (Van der Merwe, p. 34) Die bevinding kan nie heeltemal waar wees nie, aangesien die omgekeerde net soveel geld, naamlik dat die bestaande fasiliteite 'n reaksie op die menslike behoefte is.

Statistieke gee 'n aanduiding van watter aktiwiteite toeriste kan beoefen eerder as wat hulle wîl beoefen. Dit kan dan ook dien as 'n geredelike beskikbare maatstaf waarvolgens die vraag na sekere ontspanningsoorte bepaal word aangesien die besoekersgetalle geredelik beskikbaar is. Steyn beskou hierdie metode as alternatief by die gebrek aan 'n aanvaarbare geldelike maatstaf. (Steyn, Doktorale Verhandeling, p. 111)

Die V.S.A. is een van die lande waar intensiewe navorsing insake buitelugontspanningsdeelname reeds gedoen is, en waar statistieke dienooreenkomstig maklik bekombaar is. Dit sal dus baat om eers die volledige prentjie daar in oënskou te neem en dit dan te vergelyk met die syfers wat oor Suid-Afrika beskikbaar is, om sodoende tot 'n gevolgtrekking te kan kom. Die onderstaande tabel toon die ontspanningstruktuur in die V.S.A. aan:

TABEL 4.7 VOORKEUR AAN ONTSPANNINGSAKTIWITEITE IN DIE V.S.A.

| | A | B | C |
|---|---|---|---|
| Motorritte vir ontspanning | 61% | 10% | 3% |
| Piekniek | 59 | 7 | 3 |
| Swem of strand | 36 | 9 | 5 |
| Hengel | 25 | 13 | 8 |
| Boot en kano | 23 | 5 | 6 |
| Staptoere | 17 | 5 | 5 |
| Stap en voëlwaarneming | 12 | 2 | 2 |
| Jag | 12 | 5 | 5 |
| Kampeer | 11 | 5 | 5 |
| Perdry | 5 | 2 | 10 |
| Ski en ander wintersport | 5 | 1 | 4 |

Verklaring:

A- Persentasie van ondervraagdes wat aan die onderskeie aktiwiteite deelneem, maar geen behoefte het om meer dikwels deel te neem nie.

B- Persentasie van die ondervraagdes wat aan die onderskeie aktiwiteite deelneem en die behoefte het om nog meer deel te neem.

C- Persentasie van die ondervraagdes wat nie aan die onderskeie aktiwiteite deelneem nie, maar graag sou wou deelneem. (Van der Merwe, p. 16)

Hierdie resultate toon 'n baie nou ooreenkoms met die bevindings van die U.S. Department of the Interior, Bureau of Outdoor Recreation, wat in April 1967 deur middel van 'n opname probeer bepaal het wat die buitelugontspanningsneigings in die V.S.A. is. 'n Mate van ooreenkoms kan met bogenoemde tabel bemerk word.

TABEL 4.8 DEELNAME AAN SELEKTIEWE BUITELUGONTSPANNINGSAKTIWITEITE IN DIE V.S.A. IN 1965

| Aktiwiteit | % van bevolkingsdeelname |
|---|---|
| Piekniek | 57 |
| Plesierritte | 55 |
| Stap vir plesier | 48 |
| Swem | 48 |
| Hengel | 30 |
| Bootsport | 24 |
| Kampeer | 10 |
| Perdry | 8 |
| Staptoere | 7 |
| Waterski | 6 |
| Kanosport | 3 |
| Seilsport | 3 |

BRON: Departement Beplanning. "The Drankesberg Catchment Reserve", p. 48.

In Suid-Afrika is sulke volledige inligting baie minder geredelik beskikbaar. Daar is egter 'n aantal streeksopnames gedoen waarna daar gekyk kan word in 'n poging om 'n geheelbeeld van die buitelugontspanningspatroon te verkry.

TABEL 4.9 BUITELUGONTSPANNINGSPATRONE IN DIE PRETORIA-WITWATERSRAND-VEREENIGING-GEBIED

| Aktiwiteit | % DEELNAME |
|---|---|
| Plesierritte | 37,0 |
| Swem | 18,8 |
| Sport | 17,5 |
| Piekniek | 11,3 |
| Stap | 6,4 |
| Hengel | 3,7 |
| Kampeer | 2,8 |
| Bootsport | 1,6 |
| Voëlwaarneming | 0,5 |
| Bergklim | 0,4 |

BRON: Steyn, Doktorale Verhandeling, p. 165.

TABEL 4.10 BUITELUGONTSPANNINGSPATRONE IN DIE HOËR ORANJESTREEK 1970

| Aktiwiteit | % DEELNAME |
|---|---|
| Swem | 73,4 |
| Ontspan | 62,4 |
| Vermaaklikhede | 38,4 |
| Stap | 38,4 |
| Tennis | 25,5 |
| Hengel | 24,4 |
| Perdry | 22,6 |
| Roei | 14,0 |
| Gholf | 12,4 |
| Waterski | 12,4 |
| Rotsklim | 12,3 |
| Seilboot | 11,5 |
| Jag | 10,7 |
| Seiljag | 9,2 |
| Sneeuski | 6,7 |
| Ander | 17,2 |

BRON: Schadlbauer, p. 115.

TABEL 4.11 BUITELUGONTSPANNINGSPATRONE IN DIE SUID-KAAPLANDSTREEK

| Aktiwiteit | % Gesinshoofde |
|---|---|
| Plesierritte | 37,4 |
| Swem | 23,9 |
| Visvang | 12,2 |
| Stap en bergklim | 10,2 |
| Bootsport en waterski | 6,8 |

BRON: Steyn, Doktorale Verhandeling, p. 119.

TABEL 4.12 VERWAGTE BUITELUGONTSPANNINGSPATRONE IN DIE DRAKENSBERG-STREEK EN OMGEWING 1980

| Rangorde van Gewildheid | % Verwagte Deelname |
|---|---|
| Plesierritte | 39 |
| Piekniek | 19 |
| Visvang | 14 |
| Bootsport | 10 |
| Stap in die natuur | 5 |
| Kampeer | 4 |
| Perdry | 3 |
| Waterski | 2 |
| Seilsport | 0,1 |

BRON: Departement Beplanning, "The Drakensberg Catchment Reserve", p.49.

Die uiteensetting van hierdie gegewens is daarop gemik om met die beskikbare data 'n geheelbeeld van die buitelugontspanningspatroon in Suid-Afrika te vorm, en die resultate dan te vergelyk met die wat in die V.S.A. behaal is. Geografies lyk die opnamegebiede na 'n redelike verteenwoordigende steekproef vir Suid-Afrika, maar ongelukkig het die opnamemetodes sodanig verskil dat die syfers nie altyd vergelykbaar is nie. Dit geld veral vir tabel 4.10 wat, alhoewel insiggewend, nie vir verdere ontledings oorweeg sal word nie vanweë die verskil in samestelling ten opsigte

van die ander opnames. Wat die ander tabelle betref kan daar moontlik wel 'n vergelyking getref word, maar die aktiwiteite wat ingesluit is in die onderskeie opnames verskil sodanig dat dit ook hier baie moeilik sal wees. Die terme wat gebruik word vir die aktiwiteite is ook misleidend omdat dit nie altyd presies dieselfde aktiwiteite aandui nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die sogenaamde bootsport, wat in die verskillende opnames klaarblyklik verskillende betekenisse het. Dit kan byvoorbeeld roei, seil en waterski insluit, terwyl dit aan die ander kant slegs betrekking op snelbote mag hê.

'n Ander faktor is dat die meeste ontspanningsoorte streekneigings sal hê ooreenkomstig met die beskikbaarheid van bronne. 'n Verband sal sekerlik gevind kan word tussen die beskikbaarheid van water in 'n gebied en swem, of natuurskoon en besigtiging. Dit kom weer daarop neer dat werklike deelname en voorkeure nie noodwendig dieselfde hoef te wees nie. Die ander invloedsfaktore van toerisme soos inkomste en beskikbare vryetyd oefen ook 'n invloed uit op laasgenoemde verskynsel.

Dit is nogtans insiggewend dat ongeag die opnamemetodes, daar tog tot 'n mate 'n voorkeurneiging bemerk kan word. Plesierritte, swem, hengel, piekniek, stap en perdry kom in dié volgorde baie prominent voor, en indien die verskillende bootsporte saamgevoeg sou word sou dit ook moontlik meer in die opname na vore getree het.

Hierdie waarneming toon ook 'n mate van ooreenkoms met wat in die V.S.A. waargeneem is (kyk tabel 4.7) betreffende die huidige ontspanningspatroon. Daar was die ses gewildste aktiwiteite plesierritte, piekniek, swem, hengel, boot en kano, en stap.

In breë trekke kan daar 'n ooreenkoms bemerk word, en weens die gebrek aan basiese inligting vir Suid-Afrikaanse toestande mag dit dalk insiggewend wees om na verwagte toestande in die V.S.A. te kyk.

TABEL 4.13 VERWAGTE TOENAME IN BUITELUGONTSPANNINGSDEELNAME TUSSEN 1965 en 2000 IN DIE V.S.A.

| Aktiwiteit | 1980 | 2000 |
|---|---|---|
| | % toename bo 1960 | % toename bo 1960 |
| Stap vir plesier | 172 | 356 |
| Swem | 149 | 344 |
| Waterski | 121 | 362 |
| Kampeer | 78 | 238 |
| Bootry (nie kano of seiljag nie) | 76 | 215 |
| Plesierritte | 63 | 146 |
| Piekniek | 48 | 127 |
| Perdry | 44 | 132 |
| Hengel | 31 | 78 |

BRON: Hugo, p. viii.

Opmerkings uit tabelle 4.7 tot 4.13:

(i) Die aktiwiteite wat tans 'n hoë aanhang in die V.S.A. geniet, met die uitsondering van swem, gaan na verwagting in die toekoms veld verloor ten gunste van die tans minder gewilde aktiwiteite. Plesierritte wat nou hoog aangeskrewe is het byvoorbeeld 'n baie laer verwagte groeikoers as stap.

(ii) Daar word verwag dat die groeikoerse tussen 1960 tot 1980 en 1980 tot 2000 verskillend gaan wees, soos blyk uit die tabel.

Alhoewel hierdie syfers nie direk van toepassing is op Suid-Afrika nie, en ook nie van soveel belang as die syfers insake bestaande toestande is nie, kan dit tog in gedagte gehou word by die keuse van voorsiening van buitelugontspanningsbebiede en -fasiliteite.

# HOOFSTUK V

## 5. TOERISMEHULPBRONNE

Waar toerismehulpbronne onder bespreking kom maak navorsers deurgaans onderskeid tussen natuurlike en mensgemaakte hulpbronne. Daar word geskryf, "The natural resources of a country that can be put to economic use are essentially of two kinds: products, such as minerals, water, forests and fish, which can be bought, sold and transported; and amenities or situations, such as waterfalls, natural harbours, scenic mountains and sandy beaches, which cannot be transported or sold but which can be exploited for different purposes. It is the latter resources, including such natural factors as climate, which generally constitute the essential basis for tourism, but a country may in addition possess other tourist assets (not necessarily physical ones) such as those of a historical, social and cultural nature ..." (United Nations Conference on Trade and Development, p. 34). Dit is in die breë gesien: Milliman het die toestand van nader beskryf deur 'n onderskeid te maak tussen primêre (natuurlike) en sekondêre (mensgemaakte) hulpbronne. Volgens hom kan primêre hulpbronne, wat elemente uit die fisiese omgewing is, in totaal nie vermeerder nie. Omdat die totale natuurlike hulpbronvoorraad egter nog nie benut word nie kan die probleem voorlopig voorkom word deur voorheen ontoeganklike gebiede vir benuttingsdoeleindes oop te stel. Enige vermeerdering of selfs verbetering sal dus van sekondêre aard moet wees. (Milliman) Ook Müller maak 'n onderskeid tussen die fisiese en kulturele invloedspatrone van toerisme.

Dit is dus duidelik dat die hulpbronne vir toerisme-ontwikkeling basies in twee kategorieë geplaas kan word, naamlik kulturele en mensgemaakte bronne enersyds en fisiese of natuurlike bronne andersyds. Vir toepassing in hierdie studie is laasgenoemde van oorheersende belang alhoewel eersgenoemde nie heeltemal buite rekening gelaat kan word nie.

### 5.1 NADERE BESKOUING VAN TOERISMEHULPBRONNE

Dit val buite die bestek van hierdie studie om "waardes" te probeer koppel aan die verskillende potensiële hulpbronne om sodoende vas te stel watter bydrae 'n bepaalde bron kan lewer ter ontwikkeling van 'n toeristebedryf. Dit sal 'n studie op sy eie verg om te kan bepaal dat een hulp-

bron verkieslik is bo 'n ander, want die bronne verskil nie net van gebied tot gebied nie, maar ook onderling. Maunders stel hierdie probleem as volg: "The tourist poster and travel guide will without hesitation praise the lovely climate of a particular area, but how does one, or how do the authorities know how lovely the climate really is?" (Weather vol. 17, 1962, p. 3)

Ten einde hierdie probleem van identifikasie van potensiële hulpbronne te bowe te kom sal daar na 'n ander oplossing gesoek moet word. Voorlopig sal daar volstaan word deur te let op wat by toeristeoorde as hulpbronne benut en beskou word, en dan daaruit gevolgtrekkings te maak. Dit sal egter nog geen oplossing bied van hoe "aantreklik" die klimaat werklik is nie, maar wat dit wel kan bewys is of die klimaat aanvaarbaar is vir toeriste al dan nie. Vervolgens sal daar kortliks gekyk word na wat as toeristebronne beskou word in ander lande en gebiede, met 'n kort beskrywing van elk van die bronne.

5.1.1 Kenia

Kenia beskik oor 'n snel ontwikkelende toeristebedryf (kyk paragraaf 2.4) wat klaarblyklik op sy natuurlike hulpbronne gebaseer is. Die land se belangrikste toeriste-aantrekkingskragte is die volgende:

(i) Plantegroei. (Africa 69/70, p. 106; Popovic, p. 98)

Kenia beskik oor 'n redelike verskeidenheid van plante wat wissel van woude op die hooglande tot tropiese woestynplantegroei. Een belangrike kenmerk van die plantegroei daar is die feit dat die menslike aktiwiteit reeds groot inbreuk gemaak het op die natuurlike toestande. (Encyclopaedia Britannica, Vol. 13, p. 301)

(ii) Dierelewe. (Africa 69/70, p. 106; O'Conner, p. 190)

Die meeste van die belangrikste Afrika-wildsoorte word hier aangetref. Van belang is die ongeveer elf natuurreservate wat wissel van 114 vierkante kilometer tot 20 808 vierkante kilometer. (Encyclopaedia Britannica Vol. 13, p. 301)

(iii) Klimaat. (O'Conner, p. 190; Popovic, p. 98)

Die land het 'n redelike warm klimaat (± 26°C gemiddeld per jaar) wat verlig word deur seebriese en (op die hoogland) die hoogte bo seevlak. Die reënval oor groot dele van die land is gemiddeld minder as 750 mm per jaar en baie van die reën word geneutraliseer deur die hoë temperature wat ook 'n hoë relatiewe vogtigheid tot gevolg het. Op die hoogland kom ook heelwat mis voor. (Encyclopaedia Britannica Vol. 13, p. 302-3).

(iv) Strande en see. (Africa 69/70, p. 106; Popovic, p. 98)

Die kuslyn is gebroke met koraalriwwe en sanderige strande. Die duine bo die hoogwatermerk is begroei met palmbome en wortelboomwoude kom ook voor. (Encyclopaedia Britannica Vol. 13, p. 300, Hance, p. 379)

(v) Mere. (Africa 69/70, p. 106)

Die gebied beskik oor 'n verskeidenheid vars- sowel as soutwatermere waarvan sommige beskou word as toeristeaantreklikhede. (Encyclopaedia Britannica, Vol. 13, p. 300)

5.1.2 Tunisië

Alhoewel hierdie land slegs sowat 163 170 vierkant km. beslaan, beskik dit oor 'n aantal bates wat die toeristebedryf bevorder.

(i) Kuslyn. (Bustros, p. 61; Africa 69/70, p. 94)

Die land beskik oor 'n kuslyn wat ongeveer 1 200 km. lank is, en wat beskou word as 'n baie waardevolle bate. Lang sandstrande word hier aangetref en die water is helder en warm. Visvang is klaarblyklik ook 'n aantrekkingskrag, veral langs die dele van die kus wat rotsagtig is. (Africa 69/70, p. 94)

(ii) Klimaat. (Africa 69/70, p. 94)

Hoofsaaklik 'n Middellandse-see-klimaat aan die kus, met droë warm somers, en bykans 'n reënlose en dorre Saharah-klimaat in die woestyngedeelte. Die klimaat word verder beïnvloed deur die hoogte bo seevlak en winde,wat insluit warm winde vanaf

die woestyn wat die toestand vererger, of koel seebriese wat die toestand verlig. Baie sonskyn word ook as 'n voordeel beskou. (Encyclopaedia Britannica Vol. 22, p. 325)

(iii) Algemeen

Ander bronne wat benut word om toerisme te bevorder is 'n goeie paaienetwerk, besigtiging van bouvalle, kunswerke, eikeboom-bedekte berge en oasisse. (Africa 69/70, p. 94)

5.1.3 Ethiopië

Die land se toeristebedryf is nog nie op dieselfde vlak as eersgenoemde twee nie, maar daar is reeds in dië rigting gedink en dienooreenkomstige planne is opgestel waarin die potensiële aantreklikhede aangedui is. (I.A.N.U.S., p. 73-83)

(i) Kuslyn. (Africa 69/70, p. 96)

Ethiopië word begrens deur die Rooi See vir ongeveer 800 km. Dit word beskou as 'n groot potensiële toeriste-aantrekkingskrag.

(ii) Mere

Verskeie mere word hier aangetref waarvan sommige sout- en andere varswatermere is. (Encyclopaedia Britannica, Vol. 8, p. 780) Sommige van die mere beskik oor aantreklikhede weens hulle potensiaal vir besigtiging, watersport, dierelewe en warmwaterbronne. (I.A.N.U.S., p. 73-83)

(iii) Plato's en berge

Die belangrikste fisiese streek in Ethiopië is die westelike plato's waarop ook verskeie bergreekse voorkom. (Encyclopaedia Britannica Vol. 8, p. 780). Die plato's is veral gunstig vir toerisme weens die natuurlike aantreklikheid en die gunstige klimaat as gevolg van die hoogte bo seevlak.

(iv) Wild. (Africa 69/70, p. 96; I.A.N.U.S., p. 73)

'n Groot verskeidenheid wildsoorte kom voor, en word veral in ag geneem weens jag- en besigtigingspotensiaal. (Africa 69/70,

p. 96; Encyclopaedia Britannica Vol. 8, p. 782-3)

Dit moet duidelik gestel word dat, alhoewel die bogenoemde natuurlike toerismehulpbronne individueel beskou is, dit in werklikheid die kombinasies van hierdie bronne is wat as krag b skou moet word. Peters skryf, "Some countries are extremely fortunate in that they have one asset so outstanding and unique that the tourist industry can largely depend on, and be promoted by, this feature. More often the combination of a number of assets is necessary to create a strong enough appeal to secure a viable share of the market." (Peters, p. 147)

Verder moet dit ook duidelik gestel word dat hierdie bronne op sigself nie voldoende is om toeriste te lok nie. Hulle word eers werklik van krag wanneer hulle beskikbaar gemaak word vir benutting deur toeriste. Hieroor word geskryf: "The more sophisticated living habits of tourists from the industrialized countries will limit the number of regions able to offer a tourist product that is:

- unusual enough to be attractive;
- traditional enough to be acceptable;
- tame enough to provide the hygienic and health conditions to which the individual is used." (World Travel Special Issue No. 103, p. 45)

Verder het daar op die eerste multi-nasionale konferensie insake ontwikkeling van Afrikatoerisme te Yaounde, Kameroen, een aspek duidelik na vore gekom: naamlik dat dit nie genoeg is dat die Afrikalande op hulle natuurskoon en strande alleen vertrou om mense daarheen te lok nie. Die nodige aantrekkingskragte en atmosfeer moet ook geskep word. (New Press Agency, March 1972, p. 18) Ten einde toeriste te lok moet daar dus 'n verskeidenheid redelik gekonsentreerde en deur beplanning gekoördineerde toeristeaantreklikhede aangebied word.

## 5.2 BEWARING VAN TOERISMEHULPBRONNE

Daar is in paragraaf 5.1 onderskei tussen twee klasse toerismehulpbronne, naamlik kulturele of mensgemaakte bronne en natuurlike hulpbronne. Waar bewaring ter sprake kom is dit veral laasgenoemde wat van groot belang is, en wat verdere ondersoek verg.

Volgens Heydorn bestaan natuurbewaring in die praktyk uit twee fasette waarvan die een 'n uitvloeisel van die ander vorm. Volgens hom het die natuur bepaalde bronne tot beskikking van die mens gestel, en die eerste konsep van bewaring is dan die bewaring van hierdie bronne vir optimale benutting oor die langtermyn. Dit het byvoorbeeld betrekking op vis uit een of ander waterbron waar daar sekere surplusse bestaan wat afgestaan kan word vir menslike gebruik sonder enige ekologiese versteurings. Alle nywerhede wat van die natuur oes is van hierdie beginsel afhanklik. Wanneer hierdie beginsel nie nagevolg word nie sal die bron nie alleenlik onekonomies raak nie maar ook met uitwissing bedreig word. In die praktyk word hierdie wanbenutting gesien in die uitroeiing van wild, die oorbeweiding van sekere streke en die walviskwessie in Antartika. Wanneer verbruiksbewaring dan nie effektief blyk te wees nie tree die tweede aspek van bewaring, naamlik beskerming, in werking. Vir sekere hulpbronne beteken dit algehele beskerming, terwyl dit vir ander die aantal wat geoes mag word, inhou. (Heydorn)

Bogenoemde uiteensetting van Heydorn geld ook vir toerisme, want "resources are the very life and blood of tourism..." (World Travel Special Issue No. 103, Okt. 1971, p. 26) en verder "... a cursory glance at the experience of the major (tourism) boom countries points up the risk of total and galoping exhaustion of all potential wealth under the combined onslaught of ill-conceived and clumsy development plans." (World Travel Special Issue no. 103, Okt. 1971, p. 26)

Verder is dit ook nie alleen in belang van toerisme dat die bronne bewaar moet word nie, maar ook in die eerste plek in belang van die natuurlike kringloop en daarom regstreeks in belang van die mens. Van Riet skryf dat "The biotic, climatic and organic factors are integrated, and develop together forming an ecosystem. This intervation of the biotic and climatic upon the organic results in the development of a mosaic of stages of equilibrium... During this interaction, one form of life - man - makes use

of and constructs elements to a major extent. These elements he has up to now mostly planned in accordance with principles removed from natural forces and without regard to the natural balance, and overlayed his structures over ecological units, causing destruction to the maintained balance in various ecosystems." (Van Riet, p. 20)

Dorst bevind dat die mens 'n sekere balans het in die lewe, hetsy liggaamlik of geestelik, wat sover moontlik gehandhaaf moet word en daarvoor is hy grootliks afhanklik van die natuur. Om dié rede kan die wette wat vir die voortbestaan van sy lewensbelangrike produkte verantwoordelik is nie verbreek word nie. Die mens het egter in sy omgang op aarde altyd die laaste sê oor die res van die natuur, en daarom is bewaring nodig om die mens teen homself te beskerm. (Dorst, p. 287) Daar word verder geskrywe: "More and more city dwellers seek in nature compensation for the often harmful atmosphere of the urban areas." (World Travel Special Issue no. 103, Okt. 1971, p. 39)

Hierdie aspekte moet dus in aanmerking geneem word by besluitnemings ten opsigte van toerismeontwikkeling. Daar word gesê dat "if not administratively controlled, economically planned and wisely organized, tourism may have disastrous effects on the human environment." (World Travel Special Issue no. 103, Okt. 1971, p. 39) Hierdeur word die bespreking gevoer tot 'n nuwe punt, naamlik dat, alhoewel bewaring en benutting op die oog af na botsende konsepte lyk, dit nogtans nie noodwendig die geval is nie. In sommige gevalle is dit egter wel so dat die twee begrippe nie vereenselwig kon word nie. So beweer Peters dat "In some areas the combined appeal of a wide range of natural and created assets has been recognized too late to prevent unco-ordinated development, thus spoiling these assets." (Peters, p. 147) Veral in ontwikkelde lande soos die Verenigde State het onbeheerde ontwikkeling al 'n groot tol geëis. Die Yosemite Valley natuurreservaat in California is tot so 'n mate bebou dat "reeds 'n punt van verstedeliking bereik is" en die owerhede probeer met groot moeite en koste om die toestand te herstel. (Phiri, p. 7) Die assosiasie tussen die twee begrippe bewaring en benutting word moontlik gemaak deur deeglike beplanning en beheerde ontwikkeling. Dit is veral van groot belang dat ontwikkelende lande dit in gedagte moet hou omdat dit daar meestal nog nie te laat is nie. Daar kan nou volstaan word met

die volgende: "It is essential that steps should be taken to ensure a harmonious utilization of natural tourist resources without harming them. The protection of the environment, which is at the very basis of the development of tourism, has often been neglected in physical planning policies. The real interest of tourism does not lie in the immediate profitability of plant, but in a rational utilization of tourist natural resources which, far from damaging them, contribute to their development. Accordingly, it is essential to base tourist development policies on long-term prospects for the development of tourism and on the deep, basic needs of tourists." (World Travel Special Issue no. 103, Okt. 1971, p. 39)

# HOOFSTUK VI

## 6. BEPLANNING TER BENUTTING VAN TOERISMEHULPBRONNE

Daar is reeds in hoofstuk een verwys na die belangrikheid van beplanning in die toeristebedryf. Onderliggend hieraan gaan natuurlik gepaard die beplanning van die toerismehulpbronne (uiteengesit in die vorige hoofstuk) wat 'n belangrike integrale deel van die bedryf as geheel uitmaak.

### 6.1 ONTWIKKELINGSRIGLYNE

Volgens Patmore val gebiede toegewys aan ontspanning in twee kategorieë, naamlik:

(i) gebaseer op die bron, en
(ii) verbruikersgeoriënteer.

In die eerste geval is dit die kwaliteit van die bron onafhanklik van sy ligging, wat belangrik is. Die inherente kwaliteit van die gebied kan geleë wees in sy mooi landskap, natuurskoon, natuurverskynsels of ander aantrekkingskragte soos goeie viswaters. Diegene wat hierdie soort bron wil benut sal hulle nie soveel steur aan beperkende faktore soos afstand, ligging of toeganklikheid nie. (Patmore, p. 175) Dit is binne hierdie kategorie wat die beplanning van toerismehulpbronne val en waarop voortaan klem gelê sal word.

Soos wat in die vorige hoofstuk beklemtoon is, bestaan daar 'n mate van kwesbaarheid by enige gebied waar ontwikkeling op natuurlike hulpbronne gebaseer word, ongeag die aard van ontwikkeling, en toerisme is geen uitsondering nie. Die ontwikkeling van 'n toeristebedryf sal dus op 'n bewaringsgeoriënteerde grondslag moet berus.

Die vorm wat bewaring of beskerming aanneem, hang af van wat daarmee bereik wil word, en ook van die bepaalde omstandighede. Die een uiterste mag beteken die algehele bewaring van die bron deur streng verbod van toegang of ontwikkeling. Laasgenoemde kom selde voor en dan op grond van wetenskaplike, ekonomiese, of herwinningsredes. Meer algemeen word bewaring toegepas deur middel van ontwikkelingsbeleid in die beplannings-

proses, waar beheer met wisselende strengheid toegepas word. "Dit is 'n negatiewe benadering ter verwesenliking van 'n meer positiewe benutting." (Patmore, p. 175) Die bewaring van die hulpbronne kan in die beplanningsbeleid weerspieël word in die volgende:

(i) Deur middel van oorhoofse beplanning waardeur bewaringsgebiede geïdentifiseer word op grond van kwesbaarheid, natuurlike hoedanighede en wetenskaplike waarde. Gebiede wat in die besonder weens hulle natuurlike eienskappe geskik is vir natuurreservate, word hierby ingesluit.

(ii) Ten tweede, deur middel van detailbeplanning binne die bogenoemde bewaringsgebiede. Indien die gebiede, byvoorbeeld die aangewese natuurreservate, benut gaan word, sal verdere beplanning die benutting voorafgaan ten einde die gebied te beskerm.

Indien die geïdentifiseerde bewaringsgebiede in (i) hierbo van naderby beskou word, is dit duidelik dat daar 'n sterk verband tussen hierdie gebiede en toerismehulpbronne bestaan. Dit geld ook nie alleen vir natuurlike hulpbronne nie, maar selfs historiese en ander besienswaardighede in 'n stedelike opset, of in die natuur, wat ook toerismehulpbronne is, val normaalweg binne een of ander bewaringsopset. Omdat hierdie bewaringsgebiede met ander woorde in sommige gevalle benut en tot 'n mate ontwikkel gaan word, ontstaan die vraag nou op watter wyse hulle in die praktyk beskerm kan word te midde van die benutting.

Beskermingshulpmiddels wat deur middel van die beplanningsproses (soos in (ii) hierbo aangedui) aangewend kan word is die volgende:

(iii) Die sonering van bepaalde gebiede vir bepaalde gebruike waarvoor hulle die beste geskik is. Dit geld vir ontwikkelings soos paaie en komplekse, sowel as vir die verskillende passiewe en aktiewe ontspanningsvorme. 'n Voorbeeld hiervan is om nie mense toe te laat waar die gebiede uiters kwesbaar is nie, of om nie die natuur deur paaie te skend nie.

(iv) Ten einde oorbenutting van die natuurlike hulpbronne te voorkom, moet die gebruikskapasiteit van die gebied vasgestel word. Sodoende kan die aantal mense wat die bron benut binne perke gehou word. Daar bestaan egter geen kitsresep om die gebruikskapasiteit van 'n gebied te bepaal nie, en daarom sal die optimale benuttingspotensiaal heelwaarskynlik eers vasgestel kàn word deur die gebied te benut. Eksperimenteel kan daar gegewe getalle besoekers toegelaat word en dan volgens ondervinding die gebruikskapasiteit bepaal word.

Deur middel van beplanning is daar verskeie metodes waardeur die aantal mense wat 'n gebied besoek beheer kan word, naamlik:

(v) Daar is reeds navorsing gedoen in verband met die beheer van die intensiteit van oordgebruik deur middel van beheer deur toeganklikheid. (Travis, p. X) Veral in 'n ontoeganklike gebied kan mensegetalle beheer word deur kwesbare dele ontoeganklik te hou, terwyl in ander dele wat daarvoor geskik is, aan groter getalle mense toegang verleen kan word.

(vi) Toestroming van mense kan ook beheer word deur die hoeveelheid verblyfsgeleentheid wat voorsien word. Dit is basies die metode wat deur die wildtuine aangewend word om oorbenutting te voorkom.

(vii) Beheer deur middel van die prysstruktuur kan ook effektief toegepas word deur die dele wat kwesbaar is eksklusief te ontwikkel teen hoë verblyfs- of toegangskoste.

### 6.1.1 Grondbenuttingsbeplanning

Te midde van die druk wat deur verskeie grondgebruike op toegewysde toeristegebiede uitgeoefen word, en ook te midde van die bogenoemde beskermingsmaatreëls, moet daar beplan word ten einde optimale benutting van die gebied te bewerkstellig. Die eerste stap in hierdie rigting is om 'n grondbenuttingsplan op te stel wat alle faktore in ag sal neem en dienooreenkomstig die gebiede in verband sal bring met die grondgebruike waarvoor dit die beste geskik is.

Omdat die vraag na grond binne gebiede met beperkte aanbod nie 'n nuwe probleem is nie, is verskeie metodes al aan die hand gedoen waarvolgens 'n grondbenuttingsplan tot stand kan kom. Hierdie metodes sal vervolgens kortliks bespreek word.

(i) 'n Metode wat sterk oorweging geniet het was dié wat gebruik is deur die "Canada Land Inventory" waardeur die klassifikasie van natuurlike ontspanningshulpbronne gedoen is. Die doelwitte van hierdie studie was hoofsaaklik die volgende:

(a) Om 'n betroubare oorsig van kwaliteit, hoeveelheid en verspreiding van natuurlike ontspanningshulpbronne te gee.
(b) Om 'n vergelyking van ontspanningsbevoegdhede van verskillende gebiede op grond van voorkeur weer te gee.
(c) Om aan te toon vir watter soort ontspanning 'n bepaalde stuk grond die beste geskik is.
(d) Om plekke of eienskappe te identifiseer wat beskik oor uitstaande of unieke ontspanningswaarde.
(e) Om 'n kaartraamwerk saam te stel.

Die metode wat hier gebruik is is egter afgekeur op grond van die volgende:

Die doel van hierdie grondbenuttingsplan moet betrekking hê op toerisme as geheel en nie soseer op ontspanning nie. Sulke gebruike soos infrastruktuur, ontwikkeling van komplekse en ook ontspanningsgebiede, is gebruike wat in aanmerking geneem moet word, en eersgenoemde twee val buite die bestek van die bogenoemde ondersoek.

Die metode is wel geskik om ontspanningsgebiede en -gebruike binne die gebied te identifiseer en toe te ken. In dié opsig kan dit dan ook nuttig in samewerking met die metode wat hieronder uiteengesit word gebruik word. Veral doelwitte (iii) en (iv) is hier van waarde.

(ii) Ook Jaakson het 'n metode beskryf waarvolgens die ontspanningsonering op en om wateroppervlaktes vasgestel kan word "vir die beheer van die omgewing". (Jaakson, p. 41) Dit is egter weer eens 'n metode met beperkte toepassing, in hierdie geval slegs tot wateroppervlaktes. Alhoewel die verskillende sones wat hy om en op die wateroppervlaktes voorstel insiggewend is, is die kriteria wat hy gebruik om die gebruike te soneer ook te vaag om van werklike nut te wees.

(iii) 'n Metode wat baie goeie resultate behoort te lewer is dié soos beskryf deur McHarg. Die metode berus op ekologiese beginsels en deur die natuurlike elemente voor te hou as faktore tot daarstelling van 'n grondbenuttingsplan word die tekortkominge van die gebied duidelik in ag geneem. Die metode kan natuurlik ook nie sonder enige voorbehoud aanvaar word nie, en sekere belangrike wysigings moet aangebring word.

Die metode wat hy gebruik, is naamlik van toepassing op enige gebied waar ontwikkeling moet plaasvind, byvoorbeeld waar 'n nuwe snelweg deur 'n gebied gebou, of waar 'n nuwe dorpsgebied aangeleê moet word. Die gevolg is dat die potensiële grondgebruike baie verskil van dié in toeristegebiede, en dienooreenkomstig aangepas moet word. Ook die kriteria waarvolgens die geskikste grondgebruik vir 'n bepaalde gebied vasgestel kan word moet in heroorweging gebring word. (Vergelyk Tabel 6.1.)

Ten einde 'n duidelike uiteensetting van hierdie vry ingewikkelde metode weer te gee, is dit afgebreek tot in die basiese uitgangspunte en kortliks opgesom. Duidelik sal dit heelwaarskynlik eers ten volle wees by die praktiese implementering van die metode. Dit kan ook net in hierdie stadium reeds verduidelik word dat die resultate in hierdie metode behaal word deur kaartoorlegging. Teoreties is die prosedure as volg:

1. <u>Afbakening van die Analitiese Prosedure</u>

Ten einde die gewenste resultaat te verkry, moet die gebied aan die volgende prosedure onderwerp word:

Stap 1. Vasstelling van potensiële grondgebruike in toeristegebiede.

Daar moet ten eerste bepaal word watter aktiwiteite in die gebied gaan plaasvind wat grond sal vereis, met ander woorde watter aktiwiteite aanspraak kan maak op grondoppervlakte.

1.1 Bewaring

In hierdie geval beteken bewaring dat daar dele is wat weens sekere natuurlike redes beperkte of geen publieke toegang sal hê nie. Die belangrikstes hiervan is kwesbaarheid van so 'n gedeelte, byvoorbeeld weens erodering as gevolg van mensevoete, broeiplekke van sekere dieresoorte soos voëls, ensovoorts. Verder is daar ook altyd gevaargebiede wat nie vir publieke toegang oopgestel kan word nie, soos wateroppervlaktes waar haaie of krokodille voorkom. 'n Ander baie belangrike rede hoekom sulke gebiede gesoneer moet word is weens die wetenskaplike waarde daarvan, waar sekere natuurverskynsels in 'n ongeskonde toestand nagevors kan word.

1.2 Aktiewe ontspanning

Sekere dele wat geskik is om mense te verdra en wat hulle daartoe leen, moet gesoneer word vir die gewone aktiewe ontspanningsoorte soos swem, bootry, ensovoorts.

1.3 Passiewe ontspanning

Daar kan altyd 'n mate van oorvleueling tussen die verskillende gebruiksgebiede verwag word, en so 'n geval kom voor by die passiewe ontspanningsoorte wat kan oorvleuel met sowel bewaring as aktiewe ontspanning. Passiewe ontspanning berus hoofsaaklik op sulke aspekte soos natuurbesigtiging en rustige omgewings.

1.4 Ontwikkeling

Huisvesting, handelsaktiwiteite, paaie en dienste vereis ook 'n sekere hoeveelheid grondoppervlak,en dit is duidelik dat die gebied wat die minste geskik is vir die ander gebruike, hiervoor benut sal word.

## 1.5 Herwinning

In die dele waar wanpraktyke en misbruike reeds die natuur geskend het, of waar erosie plaasvind ,moet daar daadwerklike stappe gedoen word om die toestand te herstel. Hierdie dele moet dan ook voorlopig gereserveer word vir herwinning, en later sal dit moontlik as bewaringsgebiede hersoneer word weens die kwesbaarheid daarvan.

## Stap 2. Onderverdeling van die studiegebied

Omdat die studiegebied bestaan uit 'n moeilik hanteerbare groot oppervlakte, is dit nodig dat dit onderverdeel word vir analitiese doeleindes. Fisiografies is die gebied so saamgestel dat dit wel moontlik is om dit voorlopig in verskillende "eenhede" op te deel en dan weer later saam te voeg tot 'n geheel.

## Stap 3. Voorbereiding van die basiese ekologiese data

Die derde stap behels die inwinning van basiese data insake toestande wat in die gebied bestaan. Die hulp van deskundiges word hier benodig om die natuurlike prosesse en kringlope te ontleed en op so 'n wyse weer te gee dat dit aanvaarbaar is vir beplanningsdoeleindes, met ander woorde dat dit geanaliseer en op kaarte aangetoon kan word. Dit kom daarop neer dat hierdie ondersoek antwoorde moet verskaf op vrae rakende aspekte buite die bestek van die beplanner.

Die natuurlike faktore wat toepassing vind in die bepaling van bodembenutting is kortliks die volgende:

(i) Dierelewe.
(ii) Plantegroei.
(iii) Grondgesteldheid.
(iv) Hidrologie.
(v) Fisiografie.
(vi) Geologie.
(vii) Klimaat.

Hierdie faktore hou almal nou verband met potensiële grondgebruike, en sal grootliks verantwoordelik wees vir die totstandkoming van 'n grondbenuttingspatroon.

Stap.4. Herrangskikking van die ingewinde data

Die data wat ingewin is insake bogenoemde faktore is nie vir beplanningsdoeleindes van waarde voordat dit só herrangskik word, dat dit die antwoorde op beplanningsvraagstukke verskaf nie. Die data moet naamlik gekoppel word aan 'n waardesisteeem waarteen die gebiede opgeweeg kan word, ten einde te kan vasstel watter dele geskik is vir watter gebruik.

Die waardesisteem behels dat vir elk van die bogenoemde natuurlike faktore (kyk stap 3) 'n aantal norme uitgesoek word waaraan die gebiede gemeet kan word. Plantegroei se bydrae tot 'n grondbenuttingspatroon kan byvoorbeeld gemeet word aan norme soos die wetenskaplike, besigtigings-, of uniekheidswaarde daarvan, of die afwesigheid daarvan.

Stap 5. Die basiese faktore word in verband gebring met die potensiële grondbenutting

Die potensiële grondgebruike is bepaal, en aan die basiese faktore is daar sekere waardes gekoppel. Die volgende stap is om die gebied onder bespreking op te deel in subgebiede wat homogeen is ten opsigte van die basiese faktore (met ander woorde, waar plantegroei, dierelewe, grondsoorte, ensovoorts, dieselfde is) en deur elkeen van hierdie subgebiede in verband te bring met die potensiële grondgebruike, deur die grondgebruike te meet aan die norme gestel deur die basiese faktore wat in so 'n subgebied bestaan.

Prakties geïllustreer behels dit die volgende: Neem een spesifieke subgebied met die volgende eienskappe:

(i) Unieke plantegroei.
(ii) Redelike dierelewe.
(iii) Stabiele grondoppervlakte.

Weeg dit nou op teen die potensiële grondgebruike.

(i) Ontwikkeling

Die uitstaande plantegroei waaroor die gebied beskik sal teen ontwikkeling tel, en die gebied sal dus 'n lae ontwikkelingstoekenning kry. Die redelike dierelewe, omdat dit nie uitstaande is nie, is miskien nie 'n onoorkomelike struikelblok in die weg van ontwikkeling nie, maar indien moontlik moet ontwikkeling vermy probeer word. Ons het met ander woorde te doen met 'n matige ontwikkelingspotensiaal betreffende dierelewe. Daarteenoor dra 'n stabiele grondoppervlakte, wat baie belangrik is vir ontwikkeling, by tot die ontwikkelingspotensiaal van die gebied.

(ii) Bewaring

Die unieke plantegroei in die gebied maak dit 'n belangrike bewaringsgebied; dit het met ander woorde hoë bewaringspotensiaal. Die dierelewe pas goed hierby in alhoewel dit miskien nie op sigself bewaring sou regverdig nie ('n matige bewaringswaarde). Die grondstabiliteit maak bewaring ook nie essensieel nie en staan neutraal teenoor bewaring - dit dra met ander woorde nie by tot die bewaringswaarde nie.

Bogenoemde voorbeeld is oorvereenvoudig maar dit illustreer die metode. Dit is baie belangrik om daarop te let dat geen een enkele faktor 'n grondgebruik kan bepaal nie, maar die kombinasie van al die faktore dra by tot die uiteindelike resultaat.

Dit is natuurlik ook moontlik dat 'n gebied vir meer as een gebruik ewe geskik is, of dat 'n gebied wat by uitstek geskik is vir een gebruik ook groot potensiaal het vir 'n ander. Dit is geen teenstrydigheid nie, en by die aanduiding van die grondbenuttingspatroon moet dit so weergegee word. In sommige gevalle kan 'n gebied meerdoelig aangewend word by die implementering van die plan.

'n Verdere punt is dat die patroon wat uiteindelik tot stand kom nie onbuigbaar mag wees nie. Dit kan gebeur dat 'n sekere

grondgebruik, byvoorbeeld ontwikkeling, gebruik moet maak van grond wat aan ander gebruike toegeken is. 'n Sprekende voorbeeld is waar 'n pad deur 'n ontspanningsgebied gebou moet word. Dit geld ook vir die ander gebruike en toegewings sal dan noodgedwonge gemaak moet word. Die patroon wat egter op die lange duur die resultaat gaan wees van hierdie metode, behoort 'n duidelike geheelbeeld van die gebruikspotensiaal van hierdie gebied weer te gee.

Stappe 3, 4 en 5 is saamgevat in tabel 6.1 ten einde die toepassing van die prosedure te vergemaklik. Die voorafgaande verduideliking van die prosedure behoort weerspieël te word in die tabel.

TABEL 6.1 WAARDERINGSKRITERIA TER BEPALING VAN DIE VERSKILLENDE POTENSIËLE GRONDGEBRUIKE

| FAKTORE | GRADERINGSKRITERIA | GRADERING VAN VERSKYNSEL | | | WAARDE VIR GRONDGEBRUIK | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | B | P.O | A.O. | O.W. |
| 1. Dierelewe | | | | | | | | |
| i. Bestaande habitat | Skaarsheid | Watergebonde spesies | See- en veld-spesies | Geen | 0 | - | ⊠ | ⊠ |
| ii. Besigtigingswaarde | Uniekheid en skaars-heid | 1 | 2 | 3 | 0 | 0 | - | - |
| iii. Wetenskaplike en opvoed-kundige waarde | Uniekheid en skaars-heid | 1 | 2 | 3 | 0 | 0 | ✖ | ✖ |
| 2. Plantegroei | | | | | | | | |
| i. Bestaande woude | Gehalte | 1 | 2 | 3 | 0 | - | ⊠ | ⊠ |
| ii. Besigtigingswaarde | Uniekheid en skaars-heid | 1 | 2 | 3 | 0 | 0 | - | - |
| iii. Wetenskaplike en opvoed-kundige waarde | Uniekheid en skaars-heid | 1 | 2 | 3 | 0 | 0 | ✖ | ✖ |
| 3. Grondsoorte | | | | | | | | |
| i. Gronddreinering | Deurdringbaarheid | Sanderig | Turf- en klei-agtig | Moerasse | ⊠ | - | 0 | 0 |
| ii. Oppervlaktegesteldheid | Sterkte en stabili-teit | 1 | 2 | 3 | 0 | ✖ | ⊠ | 0 |
| 4. Hidrologie | | | | | | | | |
| i. Sponse | Belangrikheid as voe-dingsbron | 1 | 2 | 3 | ✖ | - | - | - |
| ii. Wateroppervlaktes | Soort | See en mere | Riviere, panne | Moerasse | ⊠ | - | 0 | - |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5. <u>Fisiografie</u> | | | | | | | | |
| i. Besigtigingswaarde | Uniekheid en skaarsheid | 1 | 2 | 3 | ● | 0 | ● | ● |
| ii. Oewergrond | Kwesbaarheid | Moeras | Strome, panne, mere | Strand | 0 | - | ☒ | - |
| iii. Oppervlaktedreinering | Verhouding water tot grond | Moeras | Hoë % water | Lae % water | - | - | ☒ | ☒ |
| iv. Helling | Geskiktheid | $^1/_5$ + | $^1/_5$ - $^1/_{15}$ | 0 - $^1/_5$ | - | - | - | 0 |
| v. Wetenskaplike en opvoedkundige waarde | Skaarsheid en uniekheid | 1 | 2 | 3 | 0 | - | - | - |
| vi. Strande | Geskiktheid vir A.O. | Geskik | Gemiddeld | Ongeskik | - | - | 0 | - |
| 6. <u>Geologie</u> | | | | | | | | |
| i. Ondergrondse gesteldheid | Sterkte en stabiliteit | Diabaas en serpentyn | Krytafsettings | Moeras | - | - | - | 0 |
| 7. <u>Klimaat</u> | | | | | | | | |
| i. Wind | Erosiekrag | Hoog | Gemiddeld | Laag | 0 | ✖ | ☒ | - |
| ii. Algemene klimaatstoestande | Geskiktheid vir A.O. | Matig | Wisselend | Uiterstes | - | - | 0 | - |

VERKLARING VAN SIMBOLE

B - Bewaring
P.O. - Passiewe Ontspanning
A.O. - Aktiewe Ontspanning
O.W. - Ontwikkeling

0 - Belangrik vir grondgebruik Lees graderings van links na regs
● - Minder belangrik vir grondgebruik " " " " " "
- - Onbelangrik vir grondgebruik " " " " " "
☒ - Belangrik vir grondgebruik " " van regs na links
✖ - Minder belangrik vir grondgebruik " " " " " "

# DEEL II

## HOOFSTUK VII

### 7. BESKRYWING VAN MAPUTALAND

Maputaland is 'n afgeleë agtergeblewe gebied wat geleë is in die noordoostelike hoek van Natal. Dit vorm 'n deel van KwaZulu, alhoewel dit fisies nie verbind is met die res van KwaZulu nie. Die gebied is verder ook te onderskei van die res van KwaZulu weens verskeie fisiese eienskappe en kenmerke waaroor dit beskik. Die eerste hiervan is die beperkte natuurlike hulpbronne wat in die gebied bestaan. Dit is juis as gevolg van die gebrek aan dié hulpbronne wat die primêre ekonomiese aktiwiteite soos landbou en mynbou moet bevorder dat die gebied onontwikkeld is.

In die tweede plek, wat moontlik as die mees uitstaande kenmerk van die gebied beskou kan word, beskik die gebied oor 'n uitstaande natuurskoon in sommige dele en rare natuursverskynsels oor feitlik die hele gebied. Laasgenoemde aspek is veral van wetenskaplike belang.

'n Derde kenmerk van die gebied hou verband met die bogenoemde natuurskoon, naamlik 'n meer as gewone kwesbaarheid wanneer die gebied blootgestel word aan menslike aktiwiteite. Wanpraktyke deur die inwoners, aangehelp deur ander faktore soos swak bodemstruktuur en die klimaat (hoofsaaklik die wind), het reeds skade aan die natuurskoon tot gevolg gehad.

'n Laaste uitstaande eienskap van die gebied is die ontoeganklikheid en afgeleënheid wat baie bygedra het tot die huidige relatiewe ongeskondenheid daarvan.

Ten spyte van die feit dat Maputaland oor 'n aantal potensiële toeristeaantreklikhede beskik, speel toerisme tans nog 'n onbenullige rol in die gebied. Slegs by twee plekke, naamlik die Ndumuwildtuin en die groot binnelandse meer (Nhlangameer ) by die Kosimerekompleks, bestaan daar tans fasiliteite om toeriste te ontvang. Beide staan onder bestuur van die Natalse Parkeraad en volgens gegewens, deur hulle beskikbaar gestel,

is daar selde onbespreekte plekke, hoofsaaklik weens die klein kapasiteit en die groot vraag. (Player, p. 4)

7.1 FISIESE TOESTANDE

(a) Ligging en grootte

Kaart 1 toon die ligging van Maputaland aan. Daaruit blyk dit dat die gebied geleë is aan die noordelike kusstreek van Natal en begrens word deur twee ander state, naamlik Mosambiek ten noorde en Swaziland ten weste van die gebied. Die oostelike grens word gevorm deur die Indiese Oseaan.

Die ligging van die gebied ten opsigte van sekere belangrike groeipunte en toeristebronne kan in tabel 7.1 gesien word. Die afstande geneem vanaf Josini is gemeet langs die beste en gerieflikste bestaande roetes.

TABEL 7.1 BENADERDE AFSTAND VANAF MAPUTALAND NA ANDER BELANGRIKE SENTRA

| Plek | Afstand vanaf Josini |
|---|---|
| Johannesburg - Pretoria | 540 km. |
| Durban - Pietermaritzburg | 370 km. |
| Richardsbaai | 176 km. |
| Newcastle | 184 km. |
| Vryheid | 82 km. |
| Ermelo | 288 km. |
| Nongoma | 96 km. |
| Ulundi | 152 km. |

Wat die grootte betref beslaan die gebied ongeveer 5 300 vierkante kilometer, met die gemiddelde deursnee 83 kilometer van oos na wes en 64 kilometer van noord na suid.

(b) Topografie

Basies kan die gebied ingedeel word in drie onderskeie topografiese streke, soos aangedui op kaart 2.

(i) Die westelike bergreeks

Die hoogste gedeelte van Maputaland is geleë in hierdie streek wat bestaan uit die Lebombobergreeks. Die hoogte wissel vanaf byna 800 meter bo seevlak langs die Swazilandse grens tot sowat 170 meter langs die oostelike voetheuwels. (Loxton, kaart 4)

(ii) Die dreineringsvlakte

Aanliggend aan die bergreeks is 'n laagliggende gebied waardeur die Pongolarivier noordwaarts vloei. In hierdie gebied verander die riviere wat van wes na oos deur die berge sny hulle loop na noord, as gevolg van die hoër omliggende gebiede. Die ander riviere in die gebied vloei op hierdie vlakte saam met die Pongolarivier. Die hoogte van die streek wissel vanaf seespieël tot ongeveer 170 meter hoër waar dit aan die bergreeks grens. Die vloedvlakte van die rivier is baie gelyk, terwyl langs die berge golwende berglandskap as gevolg van die hange voorkom. (Loxton, kaart 4)

(iii) Die kusvlakte

Hierdie is die grootste sone en beslaan meer as die helfte van die oppervlakte van die gebied. Die gemiddelde hoogte is ongeveer 100 meter bo seevlak met laagliggende gebiede waarin moerasse en panne voorkom. 'n Kenmerk van hierdie deel is die duine wat eweredig met die see strek en bogenoemde panne omsluit. Verder weg vanaf die see is die gebied relatief plat en gelyk. (Loxton, kaart 4)

(c) Geologie

Kaart 3 illustreer die geologiese gesteldheid van die gebied volledig. Uit die kaart blyk die volgende:

(i) Kalkafsettings kom redelik algemeen in die gebied voor. Op aanvraag is die versekering van die afdeling Geologiese Opname verkry dat dit geen gevaar vir gewone ontwikkeling inhou nie. Indien toringgeboue opgerig moet word, word egter aanbeveel dat 'n spesiale ondersoek eers gedoen word.

(ii) Die res van die gebied is ook geskik vir ontwikkeling. Geen gevaarlike onderlae kom verder voor nie, en daar bestaan geen bekende ontginbare minerale afsettings in die gebied nie.

'n Geologiese verskynsel wat in die gebied voorkom en wat moontlik kan bydra tot die interessantheid van die gebied is die eienaardige vloei van die riviere. King het naamlik 'n teorie beskryf wat die eienaardige loop aan geologiese werking toeskryf. (King, p. 296) Hy beweer dat die hele kusvlakte ontstaan het as gevolg van 'n opheffing van die kuslyn waardeur die riviere inderdaad gedwing is om noordwaarts in plaas van direk in die see te vloei. Dit verklaar ook die sanderige struktuur van die vlakte, wat eers seebodem sou gewees het.

(d) <u>Grondgesteldheid</u>

Die grondgesteldheid van die gebied volg tot 'n groot mate dieselfde patroon as die topografie (vgl. 7.1 (b)). Kenmerkend van die grondsoorte wat voorkom is die swak landboukundige gehalte van die grond oor groot dele van die gebied. 'n Tweede kenmerk is die vatbaarheid vir winderosie, veral op die kusvlakte, ook weens die sanderige aard van die bodem. Kortliks kom die volgende grondsoorte in die gebied voor: (Maputaland Guide Plan, p. 27)

(i) <u>Die bergsone</u>

(a) Litosols wisselend van vlak tot diep op sommige plekke.

(b) Rooigrond en swart klei.
(c) Dieper rooi sanderige klei.
(d) Steil rotsagtige oppervlaktes, wisselend vanaf 5% tot 75% rots.

(ii) Die dreineringsvlakte

(a) Rooigrond, middel tot fyn tekstuur en goed gedreineer.
(b) Alluviale bruingrondafsettings.
(c) Swart klei.
(d) Vaal sand, gemeng met die bruin grond op sommige plekke.

(iii) Kusvlakte

Hierdie gebied is baie homogeen, bestaande uit sand in die een of ander vorm. Dit is veral hier waar die erosieprobleem ondervind word, en in 'n toenemende mate nader aan die see.

(e) Dreinering

Die dreineringspatroon in die gebied hou ook grootliks verband met die topografiese streke, en is ook een van die uitstaande fisiese kenmerke van die gebied. Van wes na oos volg die afwatering 'n patroon van lope en riviere, panne, moerasse en mere.

(i) Riviere

Die westelike gebiede insluitende die bergreeks en riviervlakte word gedreineer deur riviere en lope. Die riviere kom naamlik in 'n wes-oos-rigting deur die berge en word op die vlakte noordwaarts gedeflekteer, waartydens hulle ook inmekaarvloei. Die lope is niestandhoudend en ontstaan in die berge om ook in die riviere uit te mond.

(i)(i) Die Usuturivier

Hierdie rivier vloei nie deur die gebied nie, maar al

op die noordelike grens langs totdat dit die Pongolarivier op die vlakte ontmoet en dan verder noordwaarts vloei. Die Usuturivier is verreweg die grootste rivier in die gebied. (Maputaland Guide Plan, p. 50) Omdat die rivier egter deur Swaziland kom kan die water wat beskikbaar is vir Maputaland later verminder namate die behoefte daaraan in Swaziland toeneem.

(i) (ii) Die Ingwavumarivier

Die Ingwavumarivier vloei ten noorde van Ingwavumadorp deur die berge en is die kleinste rivier in die gebied. Wat veral opvallend van die rivier is is die gepaardgaande natuurskoon waar die rivier deur die berge sny.

(i) (iii) Die Pongolarivier

Dit is die belangrikste rivier in die gebied ten opsigte van toerisme, maar ook om ander redes. In die eerste plek bestaan die Pongolapoortdam in die rivier, wat die gebied grootliks van water vir landboukundige gebruik moet voorsien. 'n Kanalenetwerk vanaf die dam is reeds beplan. Ten tweede is dit die enigste rivier wat werklik deur die gebied vloei, naamlik reg deur van suid na noord. Laastens voorsien die rivier en sy vlakte 'n habitat aan 'n groot verskeidenheid wilde lewe en ook plantegroei, en om dié rede mag dit belangrik word vir toerisme.

'n Verdere kenmerk van die rivier is die panne wat aan sy oewers op die vloedvlakte gevorm is. 'n Hele aantal sulke panne kom naamlik voor en hulle, tesame met die vloedvlakte as sulks, is die direkte gevolg van seisoensvloede. (Coke, p. 2, 7) Vloede is noodsaaklik om die panne te hervul en vorm 'n belangrike skakel in die baie interessante ekologiese kringloop wat op hierdie vloedvlakte bestaan. By die bespreking van die dierelewe en plantegroei sal hierdie aspekte meer volledig na vore kom.

(ii) Mere

Twee groot meresisteme word in die gebied aangetref, naamlik die Kosimeer en die Sibayemeer. Alhoewel die mere digby mekaar geleë is, is daar weinig ooreenkoms in voorkoms sowel as kenmerke te bespeur.

(ii) (i) Die Kosimere

Hierdie sisteem bestaan uit vier mere. Die mere is aaneengeskakel en strek vanaf die Manzamyamameer in die binneland tot by die see waar dit uitmond. Die grootste en belangrikste van die mere is die Nhlangameer met 'n totale oppervlakte van 6 500 hektaar. (Maputaland Guide Plan, p. 11)

Die mere neem in soutgehalte af vanaf die see na die binneland, sodat die Manzamyamameer heeltemal vars is. Hierdie eienskap is die gevolg van syferwater wat die sisteem voed vanaf die binneland. Hierdie gebied beskik naamlik oor 'n besondere hoë watertafel wat waarneembaar is as panne en moerasse, en die eienskap speel 'n baie belangrike rol in die ekologiese kringloop van die sisteem, omdat dit die soutgehalte van die mere kontroleer, en dus 'n sterk invloed op die waterlewe het. (Heydorn en Wallace) Dit is dan ook opvallend dat geen werklike riviere die mere voed nie, maar slegs die lope vanaf die moerasgebiede.

(ii) (ii) Die Sibayemeer

In teenstelling met die Kosimere bestaan hierdie sisteem uit 'n enkele meer wat glad nie met die see verbind is nie en heeltemal vars is. Die meer word ook deur geen riviere gevoed nie en is inderwaarheid 'n sprekende voorbeeld van die hoë watertafel in die gebied. 'n Interessantheid van die meer is dat, alhoewel dit slegs deur 'n enkele duin van die see geskei word, die watervlak van die meer hoër is as die van die see. Sou daar 'n verbinding tussen meer en see ontstaan sal van die meer se water see toe vloei. (Maputaland Guide Plan, p. 11)

Die meer beslaan 65 vierkante kilometer wat dit die grootste natuurlike varswatermeer in Suid-Afrika maak. (Allison, p. 1) Die verhouding tussen oppervlakte en diepte is egter baie oneweredig en daar word beweer dat indien die meer se water met 10% verminder sou word, die totale oppervlakte met 40% sou verminder. (Maputaland Guide Plan, p. 50) Dit is 'n faktor wat in gedagte gehou sal moet word by benutting van die meer se water.

(iii) Moerasse

Op die kusvlakte kom verskeie moerasse voor waarvan die belangrikste die Mosimoeras is. Die moeras vorm 'n smal strook vanaf die Mkuzirivier ten suide van Maputaland tot oor die Mosambiekse grens in die noorde, met slegs 'n enkele onderbreking tussenin. Hierdie moeras dreineer die sentrale gedeelte van die kusvlakte, bogronds sowel as ondergronds. Gedurende die reënseisoen is hierdie gebied onbegaanbaar moerasagtig.

Die ander moerasse wat voorkom dreineer hoofsaaklik in die mere en ook in die kleiner panne in. (Maputaland Guide Plan, p. 11)

(f) Klimaat

X Kaart 4 gee 'n aanduiding van die klimatologiese toestande in die gebied. Dit blyk dat die uitstaande klimatologiese eienskap van die gebied die hoë somertemperature is.

(i) Temperatuur

Die gemiddelde maksimum somertemperature wissel van 26°C tot 33°C met nie veel verskil tussen die streke nie, afhangende van byvoorbeeld die plantegroei, reënval en windvoorkoms, asook die hoogte bo seevlak. Die gemiddelde maksimum wintertemperatuur strek vanaf 17°C tot 21°C, behalwe langs die kus en in die tussensone tussen die kusvlaktestreek en die dreineringsvlakte, waar die temperature so hoog as 30°C word in die winter.

Alhoewel die maksimum temperature in die gebied op sigself nie so hoog is nie, gaan dit gepaard met 'n relatiewe vogtigheid wat wissel van vogtig tot half-droog. (Loxton kaart 2)

(ii) Reënval

Soos op kaart 4 aangedui, wissel die reënval van die gebied van 1 000 mm per jaar tot sowat 600 mm per jaar. Die tabel op die volgende bladsy, 7.2, dui die gemiddelde jaarlikse reënval aan. (Weerburo: Klimaat van S.A., deel 9, 1960)

(iii) Wind

Wind speel 'n rol in die gebied in die opsig dat die gebied so maklik erodeer. Volgens Allison kan wind ook in uitsonderlike gevalle 'n invloed hê op die ontspanningsgebruike van die mere, veral ten opsigte van bootsport. Die mere kan blykbaar redelik onstuimig raak. (Allison, p. 3)

(g) Plantegroei

Die plantegroei van Maputaland word beskou as een van die uitstaande fisiese kenmerke van die gebied. Volgens Moll is die plantegroei so uniek omrede die Mosambiekse vlakte sy uiteinde hier bereik. Die plantegemeenskappe wat hier voorkom word ook nie ten weste van die Lebomboberge aangetref nie. (Moll, p.8) Hy wys ook daarop dat van die ± 600 boomspesies wat in Natal aangetref word, 130 slegs in Maputaland voorkom.

Aan die hand van 'n beplanningsverslag opgestel deur Moll, insake die plantegroei van Maputaland, sal die plantegroei afsonderlik bespreek word, behalwe waar anders vermeld.

Op kaart 5 word die verskillende plantegroeistreke van Maputaland aangedui.

TABEL 7.2 DIE JAARLIKSE REËNVALVERSPREIDING VAN MAPUTALAND SOOS WAARGENEEM BY VERSKEIE STASIES (mm)

| | J | F | M | A | M | J | J | A | S | O | N | D | To-taal | TYDPERK WAARGENEEM (jare) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| MSELENI | 106 | 102 | 123 | 74 | 29 | 44 | 24 | 17 | 33 | 39 | 78 | 111 | 780 | 17 |
| OTOBOTINI | 93 | 101 | 88 | 38 | 22 | 13 | 11 | 11 | 34 | 54 | 96 | 98 | 659 | 39 |
| KWANI | 65 | 83 | 51 | 34 | 18 | 10 | 8 | 12 | 24 | 27 | 89 | 78 | 499 | 5 |
| INGWAVUMA | 126 | 120 | 107 | 54 | 29 | 17 | 17 | 19 | 48 | 71 | 107 | 124 | 839 | 47 |
| NDUMU | 103 | 87 | 99 | 37 | 24 | 13 | 15 | 8 | 30 | 49 | 82 | 76 | 643 | 37 |
| MAPUTA | 138 | 130 | 150 | 71 | 43 | 40 | 40 | 36 | 47 | 67 | 87 | 108 | 957 | 44 |
| KOSIBAAI | 147 | 139 | 108 | 52 | 45 | 33 | 31 | 39 | 63 | 107 | 121 | 96 | 981 | 6 |
| TOTAAL | 778 | 762 | 726 | 360 | 210 | 170 | 146 | 142 | 279 | 414 | 660 | 711 | 5358 | |
| GEMIDDELD | 111 | 109 | 104 | 51 | 30 | 24 | 21 | 20 | 40 | 59 | 94 | 101 | 765 | |
| % VAN TOTAAL | 14,5 | 14,2 | 13,6 | 6,7 | 3,9 | 3,2 | 2,7 | 2,6 | 5,2 | 7,7 | 12,3 | 13,2 | ± 100 | |

BRON: (Weerburo, Departement van Vervoer: Klimaat van Suid-Afrika, deel 9).

(i) Lebombowoude

(i) (i) Beskrywing

Op die kruin van die bergreeks, en veral in die klowe en valleie wat daar voorkom, bestaan 'n baie interessante plantegemeenskap. Hierdie soort plantegroei is die beste verteenwoordig in die gebied tussen Ingwavumadorp en die Ingwavumarivier. Groot bome van 10 tot 35 meter kom voor met kleiner bome en struikgewasse tussenin.

(i) (ii) Bestaande toestand

Ongeveer 10% van hierdie woudtipe is nog in 'n goeie toestand. Die meeste van die plantegroei wat voorgekom het op gelyke terrein is uitgeroei en die grond is in een of ander stadium bewerk. Die enigste redelike groot gebied wat nog onbeskadig is, is die Gwalaweni-woud, terwyl klein stukkies nog waarneembaar is langs die steil hange en valleie.

(ii) Lebombo-bosveld

(ii) (i) Beskrywing

Hierdie veldtipe kom voor op die rotsagtige hange van die bergreeks. As gevolg van verskeie onderliggende faktore soos gronddiepte en topografie, verskil die samestelling van die plantegemeenskap aansienlik van plek tot plek. Oor die algemeen is die plantegroei oop of geslote boomgemeenskappe met goeie en swak grasondergroei, afhangende van die gronddiepte.

Waar die grond uitermate vlak is kom aalwyne algemeen voor asook sekere wildevyspesies.

(ii) (ii) Bestaande toestand

Ongeveer 25% van hierdie veldtipe is nog in ongeskonde toestand. Die grootste skade is gedoen waar relatief

diep gronde voorkom en naby beskikbare water waar mense die grond bewerk. Grasbrande en oorbeweiding het ook bygedra tot die agteruitgang van die veldtipe.

(iii) Gemengde bosveld

(iii) (i) Beskrywing

Op die swaar swart gronde aan die voet van die Lebomboberge kom hierdie plantegroei voor. Dit bestaan uit bome met 'n swak grasondergroei.

(iii) (ii) Bestaande toestand

Bevolkingsdruk is besonder hoog op hierdie streek vanweë die goeie grond. Volgens Moll is die hele gebied op een of ander stadium bewerk, ten spyte van die watertekort wat in die gebied bestaan.

(iv) Ruigtes

(iv) (i) Beskrywing

'n Digte plantegroei ontwikkel op gedeeltes waar die grond gelyk en swak gedreineer is. Waar die plantegroei onversteur is, is dit so ruig dat dit bykans ondeurdringbaar is. Dit bestaan uit plantegroei wat nie besonder hoog is nie, maar wel saamgestel is uit 'n groot verskeidenheid. Die hoogte wissel vanaf 2 meter tot 5 meter.

(iv) (ii) Bestaande toestand

Die grootste gedeelte van hierdie streek val in die Ndumuwildtuin sodat dit uit die aard van die saak beskerm is.

(v) Rooisandbosveld

(v) (i) Beskrywing

Wes van die Pongolarivier, veral in die noordelike gedeelte van Maputaland, kom 'n gemengde plantgemeenskap

voor. Die voorkoms van die grond is rooi en sanderig. Die plantegroei is by uitstek 'n oop tot geslote woudgebied met verspreide ruigtes.

(v) (ii) Bestaande toestand

Dit is redelike goeie beeswêreld, maar swak vir verbouingsdoeleindes. Om dié rede is die veld redelik behou.

(vi) Vloedvlakte-plantegroei

(vi) (i) Beskrywing

Langs die rivier kom groot bome voor van tot 35 meter hoog. Ook algemeen is kleiner boomsoorte wat langs die rivier en op die vloedvlakte voorkom. Op die ou bewerkte lande kom sekondêre plantegroei voor.

(vi) (ii) Bestaande toestand

Die vloedvlakte is die digbevolkste gedeelte van Maputaland. Om die rede is die hele gebied op die een of ander stadium bewerk en is die plantegroei wat voorkom hoofsaaklik sekondêr.

(vii) Sandveldwoude

(vii) (i) Beskrywing

Die gebied wat op die kaart aangedui is as sandveldwoude is eintlik 'n afwisseling van lappe woude en oop woudlandskap met 'n redelike grasondergroei.

Die sandveldwoude self is 'n interessante en unieke soort plantegroei. Die blaredak wissel van tussen 'n hoogte van 10 meter tot 25 meter. Die woude is ruig met baie struikgewasse en kleiner bome onderlangs. Die dele word dikwels gekenmerk deur 'n onverklaarbare oorvloed van hangende lichene (oumansbaard). (Nasionale program vir die Internasionale Bewaringsprojek, p. 5)

(vii) (ii) Bestaande toestand

Ongeveer 15% van hierdie plantegroei is nog in goeie toestand. Suid van die Ingwavuma - Maputapad is die streek redelik verniel, maar ten noorde van die pad is die woude nog in 'n redelike toestand.

(viii) Vaalsand-bosveld

(viii) (i) Beskrywing

Hierdie streek is verwant aan bogenoemde sandveldplantegroeistreek. Die spesiesamestelling verskil egter effens en die struktuur wissel vanaf 'n oop tot 'n geslote woudlandskap, insluitende grasvelde.

Op die hoërliggende gebiede langs die Kosimere, waar hierdie plantegroeistreek voortgesit word, kom ook, soos in die res van die gebied, tropiese plantegroeispesies voor wat nie elders in Suid-Afrika gevind word nie. 'n Goeie voorbeeld van 'n geografie-botaniese raaisel is die voorkoms van geelhout in hierdie tipiese tropiese landstreek. (Nasionale program vir die IBP, p. 4)

(viii) (ii) Bestaande toestand

Ongeveer 10% van die plantegroei is in 'n goeie toestand en verder geld dieselfde soos vir (vii) (ii) hierbo.

(ix) Mosimoeras

(ix) (i) Beskrywing

In sommige dele van die moeras kom werklik moeraswoude voor, maar dié is gewoonlik swak ontwikkel. Waar die moerasse goed gedefinieer is kom digte gemeenskappe voor.

(ix) (ii) Bestaande toestand

Ten spyte van swaar beweiding is min skade aan hierdie plantgemeenskappe aangerig.

(x) Palmveld

(x) (i) Beskrywing

'n Oop grasland tipe plantegroei met lappe van verskillende soorte palmbome wat voorkom. Die palmbome bly klein weens die voortdurende benutting daarvan soos onder (x) (ii) uiteengesit.

(x) (ii) Bestaande toestand

Die palmveld word nie baie dig bewoon nie, maar heelwat beeste word daarop aangehou. Verder word die palmbome gekap vir palmwyn deur die inwoners, en die blare word benut vir vlegwerk (mandjies). Die palmwyn is 'n baie belangrike produk van hierdie streek en 'n belangrike bron van proteïne vir die inwoners.

(xi) Kusgrasland

(xi) (i) Beskrywing

Ooswaarts neem die palmbome af en gaan die palmveld oor in grasland. Nader aan die kus bevat hierdie streek ook baie dwergagtige struikgewasse. Verder ooswaarts kom ook bome voor.

(xi) (ii) Bestaande toestand

Ongeveer 7% van dié tipe plantegroei is nog in goeie toestand. Ten noorde van Maputa is die gebied redelik versteur weens bevolkingsdigtheid, maar ten suide is die toestand aansienlik beter.

(xii) Moeraswoud

(xii) (i) Beskrywing

Hierdie woud is die beste ontwikkel langs die Siyadlarivier ten suide van die Kosimeersisteem. Goed ontwikkelde moeraswoude het 'n geslote blaredak van 15 tot 25 meter hoog, met rankvarings, 'n kenmerk van hierdie

soort plantegroei. Eienaardige dwergvorms van sekere plante kom hier voor, soos byvoorbeeld die Mabola-pruim en waterbessie. (Nasionale program vir die Internasionale Bewaringsprojek, p. 4) Die reusepalm, Raphia Australis, het ook in dié woude aan die noordelike oewer van die Siyadlarivier sy enigste natuurlike voorkoms. Eienaardige groeiwyses soos stutstrukture in die vorm van steunboë en brugwortels is ook kenmerkend van die plantegroei.

(xii) (ii) Bestaande toestand

Baie min van hierdie woudtipes is oor. Die meeste daarvan is uitgeroei, die moerasse gedreineer en die grond verbou solank die organiese materie in die grond gehou het. Omdat die sanderige grond nie lank produktief verbou kan word nie word dit dan gelaat en nuwe moerasse ontbos. Veral rys word in die moerasse verbou.

(xiii) Duinewoude

(xiii) (i) Beskrywing

Op die duine bestaan 'n digte woud van wisselende hoogte. Die grootste verskeidenheid spesies kom agter die duine voor waar hulle beskut is teen die wind en tot 30 meter hoog word. In die gebied kuswaarts van die Sibayemeer is dié tipe woud die beste ontwikkel. Interessant is dat hier 'n aantal plante voorkom wat verder slegs in Wes-Afrika gevind word. Die plantegroei sluit ook egte wilde koffie (Coffea Rocemosa) in. (Nasionale program vir die Internasionale Bewaringsprojek, p. 4)

(xiii) (ii) Bestaande toestand

Net soos in die geval van die moeraswoude is hierdie ook 'n baie kwesbare plantegemeenskap en baie herwinningswerk moes al gedoen word op die duine. Dit is nie soseer om die plantegemeenskap te hervestig nie, maar om winderosie te voorkom. Mooi voorbeelde van die duinewoude kom egter nog voor, veral ten ooste van die Sibayemeer.

By die Kosi-uitmonding kom 'n wortelboomwoud voor, bestaande uit vier egte wortelboomspesies en een tropiese aanverwante spesie. Laasgenoemde spesie asook een van die eersgenoemdes kom nie suid van Maputaland voor nie. Wortelbome het gespesialiseerde respirasiewortels en is aangepas aan periodieke seewater-omspoeling. Hierdie bome vorm nie 'n deel van die duinewoude nie, maar word hier genoem omdat hulle geografies in dieselfde streek voorkom. (Nasionale program vir die Internasionale Bewaringsprojek)

(h) Dierelewe

Net soos in die geval van die plantegroei het die dierelewe in die gebied ook swaar gely onder menslike aktiwiteite. Die voël- en visbevolking in die gebied is nog relatief ongeskonde, maar die groot- en kleinwildgetalle is reeds erg geknou. Op die oomblik kom daar nog in en buite die Ndumuwildtuin vyftien spesies wild voor. Agt spesies wat definitief en drie wat vermoedelik voorgekom het word glad nie meer aangetref nie. (Nasionale program vir die Internasionale Bewaringsprojek, p. 7)

Volgens Player kan die gebied in die breë in vyf fisiografiese streke ingedeel word, waarvolgens die dierelewe in die gebied ook ingedeel kan word. Die streke is kortliks die Lebombo-bergreeks, die vloedvlakte, die gedeelte tussen die vloedvlakte en die Mosimoeras, die palmveld en die duinewoude. (Player, p. 2) Hierdie streke maak egter slegs voorsiening vir die landgedeelte en laat die see buite rekening. Vir besprekingsdoeleindes word die dierelewe as volg beskou:

(i) Groot- en kleinwild

(i) (i) Land- en boombewoners

Die wild in die gebied is hoofsaaklik beperk tot die Ndumuwildtuin. Buite die wildtuin word wel nog enkele wildsoorte (selfs olifante vanuit Mosambiek) aangetref, maar behalwe die blou-ape wat vry algemeen voorkom is dit die uitsondering eerder as die reël.

Rietbokke, rooi duikers en sanibokke word nog in die

Rietbokke, rooiduikers en sunibokke word nog in die omgewings van die mere aangetref. In die duinewoude word ook nog die seldsame samango-ape (cercopithecus albogularis) aangetref. (Nasionale program vir die internasionale Bewaringsprojek) Hierdie ape is groter en donkerder as die blouaap, blougrys van kleur met die ledemate, gesig en die punt van die stert donkerder as die res. (Kenmuir en Williams, p. 31)

(i) (ii) Waterbewoners

Seekoeie en krokodille kom redelik algemeen binne en buite die wildtuin voor. Buite die wildtuin kom die diere voor in die Pongolarivier en die panne op die vloedvlakte, die Kosimeresisteem, veral in die Manzamyama- en Nhlangamere en in die Sibayemeer, hoofsaaklik in die sloepe en inhamme. Veral die seekoeie, maar ook die krokodille vorm 'n belangrike skakel in die ekologiese kringloop van bogenoemde sisteme. (Coke, p. 4; Allison, p. 4) Die seekoeie hou nie alleen die onderwaterplantegroei in toom nie, maar volgens Coke bestaan daar rede om te glo dat die visbevolking floreer in die teenwoordigheid van seekoeie. Aan die ander kant is krokodille vir 'n aansienlike tydperk van hulle lewens grootliks toegewys op 'n visdieet, en omdat hulle selektief visvang, verhoed dit oorbevolking van sekere visspesies. (Coke, p. 5)

Langs die Maputalandse kus kom daar ook twee soorte seeskilpaaie voor, naamlik die leerskilpaaie (dermochelys coriacia) en die karetseeskilpaaie (caretta caretta). Die Maputalandstrande is die enigste broeiplek van die seeskilpaaie in Suid-Afrika. (Nasionale program vir die Internasionale Bewaringsprojek, p. 8) In een stadium is hierdie seldsame diere bedreig deur algehele uitwissing, maar danksy streng wetgewing en beheer word die skilpaaie nou beskerm. (Maputaland Guide Plan, p. 57) Volgens Hughes kan hierdie skilpaaie as 'n werklike toeristebate in die gebied aangewend word mits die beheer reg toegepas word. (Hughes, p. 1) Die seeskilpaaie

kom egter ook nie in noemenswaardige getalle langs die hele kuslyn voor nie, maar slegs van die Mosambiekse grens tot ongeveer teenoor die Sibayemeer. Verder suid kom hulle selde uit om te broei.

(ii) Voëls

'n Groot verskeidenheid voëls word in Maputaland aangetref. In die dreineringsvlakte alleen kom meer as 400 inheemse voëlsoorte voor, en dit sluit verskeie eend- en ander watervoëlsoorte in. (Coke, p. 6) Verder is ook die duinewoude en die berggebied baie ryk bedeeld met voëls. (Player, p. 2)

Die uitstaande kenmerk van die gebied betreffende die voëls is egter die groot getalle watervoëls wat daar voorkom, veral op die vloedvlakte van die Pongolarivier, maar ook op die Kosimere en panne. Volgens Zaloumis is die Pongola-vloedvlakte tussen die Pongolapoortdam en Mosambiek een van die uitstaande watervoëlhabitats in Suid-Afrika, en verder is dit belangrik omdat die enigste verteenwoordigende tropiese natveldhabitats hier is. (Zaloumis, p. 1) Die voëls wat hier voorkom is hoofsaaklik trekvoëls wat tradisioneel hier oorwinter wanneer die panne relatief vlak is en voedsel vanaf die bodem maklik bekombaar is. Voëls wat hier oorwinter sluit in, onder andere, sestien eendspesies asook pelikane en reiers. (Coke, p. 6) Gedurende die wintermaande kan daar letterlik duisende van hierdie voëls op die panne gesien word, en dit is dan ook een van die aantrekkingskragte van die Ndumuwildtuin (Eie waarneming)

(iii) Vis

(iii) (i) Varswaterbewoners

'n Groot verskeidenheid varswatervis word in die gebied aangetref. Die panne op die vloedvlakte bevat 36 spesies wat algemeen voorkom, insluitende babers, tiervis en

verskillende kurpersoorte. (Coke, p. 3) Dit is een van die weinige riviere in Suid-Afrika waar tiervis voorkom, en dan hoofsaaklik net onderkant die damwal.

In die Sibayemeer word 16 verskillende visspesies aangetref, waarvan die belangrikste babers en Mosambiekse kurper is. (Allison, p. 4) Die meer is egter relatief arm aan fauna, hoofsaaklik as gevolg van die tekort aan voedsel omdat die meer nie deur riviere gevoed word nie.

(iii) (ii) Soutwaterbewoners

(a) Die see

Volgens Heydorn en Wallace is die marinelewe langs die kus van Maputaland uniek sowel in samestelling as skoonheid, en hoofsaaklik twee faktore dra hiertoe by, naamlik:

(i) Geen riviere mond uit in die see langs die Maputalandkus nie. Gevolglik is die water helderskoon en is besoedeling minimaal.

(ii) Maputaland is die mees sub-tropiese kusstreek in Suid-Afrika en dit is van toepassing op die waterlewe ook. (Vgl. ook die plantegroei.)

Die koraalriwwe langs die kus is gevolglik ook die habitat van kleurryke tropiese vissies wat nie verder suidwaarts in sulke konsentrasies aangetref word nie. Hengelvis en haaie kom ook volop voor en vorm 'n deel van die onderwatergesig. Die tussengetyesone is ook ryk aan 'n groot verskeidenheid werwellose diere, insluitende oesters en mossels, asook vier kreefspesies. (Heydorn en Wallace, p. 5)

(b) Die Kosimeer

In die meresisteem kom 90 bekende vissoorte voor. (Heydorn en Wallce, p. 5) Hiervan is agt varswater-

spesies wat beperk is tot die Manzamyamameer. Die soutgehalte van die mere speel 'n belangrike rol in die marinelewe van die mere, daarom is die syferwater so belangrik, omdat dit die soutgehalte tot 'n mate beheer. So het dit 'n direkte invloed op die hoeveelheid vis wat die mere binnedring vanaf die see.

'n Ander belangrike aspek is dat die mere baie ryk is aan jong vissies, heelwaarskynlik omdat hierdie mere beskerming en beskutting bied, en sodoende dien dit as 'n aanvullingsbron vir die visbevolking van die see. Onder die vissoorte wat voorkom is 'n hele verskeidenheid hengelspesies, wat die mere 'n baie geskikte hengelterrein maak.

## 7.2 BEVOLKING

Vervolgens sal die bevolkingsituasie kortliks saamgevat word.

### (a) Bevolkingsgetalle

In 1972 was daar 75 000 mense woonagtig in Maputaland (Maputaland Guide Plan, p. 36-40) Indien daar egter voorsiening gemaak word vir trekarbeid en hervestiging word bereken dat die getal ongeveer 115 000 behoort te gewees het in daardie stadium.

### (b) Bevolkingsamestelling

Alhoewel die Thembestam beskou word as die belangrikste stam onder die plaaslike bevolking, is hulle lewenspatroon en gewoontes sterk beïnvloed deur die ander inwoners wat oorwegend Zoeloes is. 'n Kenmerk van die gebied is dan ook die Swazi- en Zoeloe-invloed op die Thembe wat hoofsaaklik die gebied bewoon. (De Clerq, p. 5-7) Alhoewel daar volgens de Clerq van die stamme in die gebied moontlik oorspronklik vanuit Swaziland afkomstig is, vandaar die Swazi-invloed, moes die geografiese ligging van Swaziland ook hiertoe bygedra het. Die Zoeloe-invloed spreek vanself in die opsig dat die Zoeloe reeds daar was toe die Thembe vanuit die noorde daar ingetrek het.

(c) Historiese agtergrond

Soos die geval met so baie Bantoestamme het die inwoners van die gebied 'n kleurryke verlede wat gekenmerk word deur massamigrasie. Gedurende die heerskappy van Tshaka het van die vlugteling-Zoeloes wat onder sy tiranie wou wegkom hulle in hierdie gebied gevestig en sodoende in aanraking gekom met die Thembestam. Die Thembe het op hulle beurt gedurende dieselfde tydperk weggebreek van die suidelike Tsongastam en suidwaarts geëmigreer om hulle uiteindelik in hierdie gebied te vestig. Oorspronklik kom hulle van die omgewing van Delagoabaai in Mosambiek. Deur hulle vrywillig te onderwerp aan Tshaka is hulle deur hom met rus gelaat. (De Clerq, p. 5-7)

(d) Bevolkingsverspreiding

Volgens eie waarneming en volgens Moll is die huidige bevolkings oor die gebied redelik eweredig versprei met konsentrasies langs die riviere en mere en met 'n afname op die droë kusvlakte tussen die dreineringsvlakte en die kusgebied. Na verwagting gaan hierdie patroon egter verander, en wel om die volgende redes:

(i) Grootskaalse hervestiging word in die gebied beoog. Dit wil sê mense van buite die gebied gaan binne die gebied gevestig word.

(ii) Volgens die Maputalandse gidsplan sal die bevolkingsverspreiding totaal verander namate ontwikkeling vorder. Grootskaalse intensiewe landbouprojekte word byvoorbeeld op die dreineringsvlakte beoog, wat groot konsentrasies mense daar gaan saamsnoer. (Maputaland Guide Plan, p. 70-80 en kaart 8)

(iii) Daar is alreeds verwys na sekere wanpraktyke wat deur die inwoners beoefen word (vgl. plantegroei). Dit behels naamlik die vernietiging van plantegroei deur middel van brand en kap om grond vir landboudoeleindes bloot te lê. Op die duinewoude langs die see, om die

mere en in die moerasse by die mere het hierdie praktyke nadelige gevolge vir die gebied. Die sanderige aard van die grond maak dit baie onvrugbaar en slegs waar digte plantegroei bestaan en deur jare 'n bietjie humus in die grond opgebou het kan die grond suksesvol bewerk word. Na 'n seisoen of twee is die grond egter uitgeput en dan word die proses herhaal op nuwe grond en die ontboste gedeeltes word net so laat lê. Behalwe vir die skade aan die plantegroei skep dit nog die verdere nadeel van die sogenaamde "kruipende duine". Dié ontblote sanderige grond word deur die wind gedryf teen die aangrensende plantegroei wat dit nie kan weerstaan nie en winderosie het groot kaalgewaaide vlaktes en duine tot gevolg.

Die probleem is onder die aandag van die KwaZulu-regering gebring en hulle het reeds onderneem om die mense in hierdie gebiede te hervestig. Met ander woorde die vestigingpatroon gaan ook hier aansienlik verander.

## 7.3 EKONOMIESE TOESTANDE

Die algemene lewenstandaard van die inwoners is laag, soos wat by 'n afgeleë agtergeblewe gebied verwag kan word. Die primêre ekonomiese aktiwiteite wat daar bestaan word beoefen by 'n onderhoudspeil, en is hoofsaaklik beperk tot landbou en visvang. Bosbou word egter op 'n aansienlike skaal op 'n ekonomiese geordende wyse beoefen, en is een van die enkele gevorderde ekonomiese aktiwiteite wat in die gebied beoefen word.

### 7.3.1 Ekonomiese Aktiwiteite

#### (a) Landbou

Die grootste gedeelte van die gebied word nie verbou nie, maar benut vir veeboerdery. Die gebied het 'n redelike potensiaal vir veeboerdery, maar tans kom grootskaalse oorbeweiding voor, en dit benadeel die produksie aansienlik. Veevendusies word af en toe gehou om die bedryf op 'n ekonomiese basis te plaas, maar die gehalte van die vee wat aangebied word is baie swak. (Maputaland Guide Plan, p. 30-34)

Oor die algemeen is die gehalte van die grond onvoldoende vir aanplantings. 'n Groot besproeiingskema is beplan in die dreineringsvlakte, maar die implementering daarvan sal nog 'n tyd duur.

Die tuinboupraktyk is hoofsaaklik gegrond op droëlandtoestande, met die gevolg dat die opbrengste gewoonlik swak is, met sommige jare geen oeste nie. Die grondgehalte en verbouingspraktyke dra natuurlik ook by tot die lae opbrengste. Gewasse soos grondbone, mielies en rys word geplant, laasgenoemde in die moerasse.

Alhoewel die tuinboupraktyke in die gebied op die oog af op 'n beperkte skaal plaasvind, vind daar tog onberekenbare skade aan die inheemse plantegroei plaas. Die redes is die volgende:

(i) Weens die swak grondgehalte van groot dele van die gebied moet landerye voortdurend verskuif word omdat die grond uitgeput raak. Dit dui natuurlik op die swak tuinboupraktyke ook, en gee verder die indruk dat daar meer landerye is as in werklikheid. Die verskuiwing van die landerye het elke keer die verwydering van addisionele plantegroei tot gevolg.

(ii) As gevolg van die opgeboude humus wat onder lank gevestigde bome en bosse voorkom is dīt die gebiede wat eerste onder skoot kom.

(iii) Uitstaande plantegroei kom in die humusryke moerasse voor, en die bogenoemde praktyke rig hier groot skade aan.

(b) Bosbou

In die omgewing van die Sibayemeer is reeds 'n begin gemaak met bosbou-aanplantings. Die wenslikheid daarvan uit 'n natuurkundige oogpunt word egter bevraagteken weens die invloed wat sulke uitgestrekte plantasies op die grondwatervlak kan hê. Daar is reeds genoem dat die mere en panne afhanklik is van

die hoë watertafel in die gebied en indien die bosbou-aanplantings 'n negatiewe invloed op die grondwatervlak sou hê kan dit die mere benadeel of selfs tot niet maak.

(c) Visvang

Vis is 'n belangrike voedingsbron vir 'n groot deel van die inwoners van die gebied. In die mere, panne, riviere en ook die see word daar gehengel, skynbaar met voldoende sukses. Daar word gebruik gemaak van, onder andere, handlyne, fuike en viskrale om die vis in die hande te kry.

In die vlak uitmonding van die Kosimeer word daar veral baie suksesvol visgevang deur middel van die viskrale. Vanaf die hoë duine langs die meer vorm hierdie netwerk van viskrale 'n interessante en aanskoulike gesig, en dra dit baie by tot die karakter van die meer. Die krale het egter die praktiese nadeel dat dit die sand opdam wat deur die getyestrominge meegesleur word, en dus bydra tot die toeslikking van veral die monding.

In die Sibayemeer word daar ook baie gebruik gemaak van viskrale. Allison beskryf egter 'n ander interessante metode warop die vis in die hande gekry word. Na swaar reëns word wyfievisse naamlik in die vlakwater langs die kante met spiese en kieries van kant gemaak. (Allison, p. 3)

Die panne langs die Pongolarivier is 'n belangrike bron van vis vir die inwoners (Coke, p. 7), en hulle is baie afhanklik van hierdie vis. Gedurende die vloedseisoene, en ook wanneer die watervlak van die rivier hoog is, is die rivier deur middel van kanale met die panne verbind. Fuike word dan in hierdie smal kanale gestel om die vis te vang wat migreer tussen die panne en rivier, en baie sukses word behaal. Nette word ook gebruik, maar met minder sukses.

Gedurende die droë seisoen, wanneer die panne vlak is, word 'n metode gebruik wat bekend staan as "fonya". Dit word naamlik gedoen deurdat honderde mense met "fonya" mandjies in die

hand die vis aandryf en hulle dan opskep met die mandjies. Dit is 'n metode wat baie goeie vrug afwerp, mits die toestande gunstig is, dit wil sê 'n voorafgaande vloedvrye periode sodat die watervlak van die panne kan daal.

### 7.3.2 Grondbesit

Die hele gebied is tans in staatsbesit. Geen blanke en/of stamgronde kom in die gebied voor nie.

## 7.4 INFRASTRUKTUUR EN DIENSTE

Kaart 6 gee 'n aanduiding van die infrastruktuur en dienste in die gebied. Daaruit blyk dit dat die infrastruktuur swak ontwikkel is, en beperk is tot 'n padstelsel met geen treinspore nie. Dit het egter tot dusver een voordeel vir die gebied ingehou, naamlik dat dit grootliks bygedra het tot die relatiewe ongeskondenheid van sekere dele van die gebied. Groot dele, veral langs die kus, kan slegs per vierwielaangedrewe voertuie bereik word. Die swak ontwikkelde infrastruktuur hou natuurlik ook verder verband met die lae ontwikkelingspeil van die gebied, asook sekere probleemsiektes wat vroeër mense daaruit gehou het soos malaria en slaapsiekte.

(a) Paaie

Geen primêre of teerpaaie bestaan in die gebied nie. Die paaie wat wel bestaan is swak en wel om belangrike redes. In die eerste plek is die grondbehalte in die gebied, veral na die kusvlakte se kant toe, nie baie geskik vir padboudoeleindes nie. Die sanderige grond raak gevolglik baie gou uitgery. Ten tweede word die paaie ook as gevolg van die grondstruktuur maklik beskadig deur wind en reën. Veral deur die moerasgebied word probleme gedurende die reënseisoen ondervind.

Verder kom heelwat tweespoorpaaie voor wat normaalweg onbegaanbaar is per gewone voertuig.

(b) Vliegveld

Digby Maputa is 'n landingstrook wat deur ligte vliegtuie gebruik kan word. Dit kan egter skaars 'n vliegveld genoem word.

(c) Winkels

Klein winkeltjies kom verspreid oor die gebied voor. (Kyk kaart 6). Die artikels is egter duur, en volgens die eienaar van die Maputawinkel dra die vervoerkoste baie hiertoe by.

(d) Hospitale

Sendinghospitale word in die gebied aangetref, maar dit is te betwyfel of hulle aan die behoefte voldoen. Volgens die plaaslike geneesheer by die hospitaal by Maputa is die algemeenste kwale in die gebied bilharzia en ondervoeding. Malaria kom ook af en toe voor.

(e) Skole

Die meeste skole wat hier bestaan was voorheen verbonde aan die sendingstasies maar is nou almal oorgeneem deur die Departement van Onderwys en opleiding. Die skole is egter baie klein en yl versprei, sodat dit moontlik is dat hulle nie voldoen aan die behoefte nie.

(f) Ander dienste

Ander dienste wat in die gebied bestaan is 'n telefoondiens vanaf die belangrikste punte soos Ingwavuma en Maputa, en dan 'n gesondheidsdiens gelewer deur die KwaZulugesondheidsdepartement. Laasgenoemde diens is veral ten opsigte van die bestryding van malaria.

7.5 BEOOGDE ONTWIKKELING IN MAPUTALAND

Tot op hede het nog weinig beplande ontwikkeling in hierdie gebied plaasgevind. Die eerste tree in hierdie rigting is egter reeds geneem deur die opstel van 'n gidsplan vir die gebied deur die KwaZuluowerheid. Van die voorstelle wat uit die plan voortvloei kan op kaart 7 gesien word. Sedert die opstel van hierdie plan het toestande egter reeds aansienlik verander sodat sekere voorstelle heroorweeg sal moet word.

Hieronder val byvoorbeeld die beplande hoofweg na Maputo, wat deur die gebied sal loop, asook die beplande ontwikkeling in die omgewing van die

Kosimere, aangesien die kokosneutaanplantings nie aan die verwagting blyk te voldoen nie. Die genoemde beplande hoofweg is nie 'n voorstel wat in die plan gedoen is nie, maar 'n beplande hoofweg van die Nasionale Paaie-afdeling van die Departement van Vervoer. (Maputaland Guide Plan, p. 130)

Insiggewend egter is die grondgebruiksvoorstelle wat ten opsigte van toerisme gemaak is. (Kyk kaart 7.) Die voorstelle is op meriete gedoen en dit is duidelik dat die gebied oor aansienlike moontlikhede in hierdie opsig beskik. Dit is verder ook insiggewend om daarop te let dat sekere gebiede wat op die oog af na moontlike toerismegebiede lyk nie daarvoor geskik is nie, hoofsaaklik weens die druk op die landbougrond van die gebied. (Kyk byvoorbeeld die vloedvlakte van die Pongolarivier.) Verder is dit ook belangrik om te let op die voorgestelde uitbreiding van die Ndumu-wildtuin. Dit sal egter eers effek hê op die toerismepotensiaal van die gebied wanneer die voorstel uitgevoer is.

Die voorgestelde infrastruktuur in die gebied kan ook 'n direkte bydrae lewer tot die ontwikkeling van 'n toeristebedryf in die gebied. Vir so 'n bedryf sal die infrastruktuur stellig aansienlik verbeter moet word, en indien dit op 'n gemeenskaplike basis met die algemene ontwikkeling van die gebied gaan plaasvind dra dit aansienlik by tot die regverdiging van 'n toeristebedryf. Die regverdiging kan gemaak word op grond van die kostebesparing wat sodoende bewerkstellig word.

# HOOFSTUK VIII

## 8. ANALISE VAN DIE TOERISMEMOONTLIKHEDE VAN MAPUTALAND

Die vraag wat nou ontstaan is tot watter mate die gebied tans voldoen aan die nodige vereistes om 'n lewenskragtige toeristebedryf op die been te bring. Aan die hand van die bevindings uit deel een van die studie, opgeweeg teen die gegewens uit hoofstuk sewe, moet die gebied as toeristeoord geëvalueer word. Terselfdertyd moet dit ook lei tot identifikasie van die dele van die gebied waar die grootste toeristepotensiaal geleë is, veral ook ten opsigte van die natuurlike hoedanighede.

### 8.1 EVALUASIE VAN DIE TOERISMEMOONTLIKHEDE VAN DIE GEBIED

In deel een van die studie is in die algemeen bevind dat daar veral drie basiese fisiese aspekte bestaan wat van belang is by 'n toeristebedryf, naamlik:

(i) die natuurlike hulpbronne wat bestaan en wat nou verbonde is aan die buitelugontspanningskomponent van toerisme,
(ii) die vervoerstelsel en -sisteme waarby veral van belang is die toeganklikheid tot so 'n gebied, en
(iii) die verblyfsfasiliteite wat beskikbaar is vir die gerief van potensiële besoekers.

Aan die hand van hierdie drie aspekte, en in dieselfde volgorde, sal die toerismepotensiaal vervolgens ondersoek word.

#### 8.1.1 Evaluering van die natuurlike hulpbronne

In hoofstuk V is daar vasgestel dat ander ontwikkelende lande in die praktyk gevind het dat die volgende elemente uit die natuur bydra tot hul toeristeaantreklikheid:

(i) Plantegroei
(ii) Dierelewe
(iii) Klimaat
(iv) Strande en see
(v) Mere
(vi) Berge.

Dit moet egter in aanmerking geneem word dat dit nie die individuele elemente is wat toeriste lok nie, maar wel die gesamentlike aantrekkingskrag wat deurslaggewend is.

Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat Maputaland grootliks oor bogenoemde elemente beskik. Die kwaliteit van hierdie natuurlike bates van die gebied moet egter nog ondersoek word alvorens enige gevolgtrekking in die verband gemaak kan word. Om dit te doen moet die natuurlike hoedanighede in verband gebring word met toerisme en die toeristeaktiwiteite wat dit moet bevorder of waarvoor dit as bevorderlik beskou kan word. In hoofstuk IV is aangedui dat die volgende aktiwiteite in orde van gewildheid op hierdie tydstip van belang is vir toerisme:

(i) Plesierritte
(ii) Swem
(iii) Hengel
(iv) Piekniek
(v) Stap
(vi) Perdry
(vii) Bootsport.

Volledigheidshalwe is dit egter nodig om 'n paar opmerkings te maak ten opsigte van hierdie lys van ontspanningsaktiwiteite.

(i) Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat Maputaland moontlikhede bied vir 'n aantal ander aktiwiteite wat nie hier verskyn nie, en wat moontlik kan bydra tot die toeristeaantreklikheid van die gebied. Onderwaterbesigtiging en voëlwaarneming kan dus by die lys gevoeg word.

(ii) Bootsport is in hoofstuk IV slegs uit die oogpunt van snelbote (insluitende waterski) bespreek en met insluiting van ander bootaktiwiteite soos seilbote, kano's en roeibote sou hierdie aktiwiteit waarskynlik meer voorkeur geniet het. Vir die doel van hierdie bespreking sal alle bote in aanmerking geneem word, aangesien die gebied met sy baie wateroppervlaktes waarskynlik moontlikhede in dié opsig bied.

(iii) Met die afstandsfaktor in aanmerking geneem (sien tabel 7.1), sal piekniek buite rekening gelaat word. 'n Aktiwiteit soos kampering, wat in 'n mate verband hou met piekniek, is beskou en het nie as een van die gewilder aktiwiteite na vore getree nie. Verder in die bespreking kan dit egter ook aandag geniet aangesien die gebied moontlik hier ook buitengewone moontlikhede bied.

(iv) Aangesien sekere van die bogenoemde aktiwiteite soos swem normaalweg seisoensgebonde mag wees, is dit 'n aspek wat verdere aandag verdien. Eerstens is dit nodig om te let op die klimaatstoestande in die gebied (sien par. 7.1 (f)). Dié kan kortliks opgesom word as 'n matige winterklimaat en 'n redelike warm somerklimaat. Aktiwiteite wat moontlik seisoensgebonde sal wees is stap (verkieslik buite die warm seisoen) en besigtiging van die seeskilpaaie wat slegs twee tot drie maande te sien is. Die reënval in die gebied is nie besonder hoog nie, maar dit is ook 'n faktor wat by uitsondering 'n invloed op sommige aktiwiteite kan hê. Wat die res van die aktiwiteite betref lyk die klimaat egter dwarsdeur die jaar geskik vir toerismedoeleindes.

As bogenoemde faktore in aanmerking geneem word, toon die gebied die volgende potensiaal ten opsigte van die verskillende aktiwiteite:

(a) <u>Swem- en strandaktiwiteite</u>

(i) <u>Die see</u>

Verskeie potensiële baaiplekke kom langs hierdie kuslyn voor. Dit beteken strande wat breed en gelyk genoeg is vir die gewone strandaktiwiteite soos sonbaaiery en speletjies, asook rotsvrye en stroomvrye seegebied om in te swem. Voorsiening van swemplekke in die gebied is egter aan die volgende addisionele vereistes onderwerp:

(i) (i) Haaie kom in groot getalle voor in hierdie water sodat onbeperkte swemgebied nie beskikbaar sal wees nie, maar slegs plekke waar haainette of ander voorsorg aangebring kan word.

(i) (ii) Die seeskilpaaie plaas ook 'n beperking op die benutting van die strande. Vanaf November tot Februarie lê die diere eiers op die strande (gedurende die nag) en dan sal die baaigebied beperk moet word. Gedurende die res van die jaar sal die strande eger beskikbaar wees vir gebruik.

Afgebakende strande sal egter dwarsdeur die jaar gebruik kan word. Die diere kom slegs gedurende die nag uit om te broei, en die praktyk is dan om soggens die eiers uit die afgebakende gebiede te verwyder en op ander plekke te herbegrawe.

(i) (iii) 'n Ander faktor wat beperkend kan wees, is die afstand van die verblyfsfasiliteite na die see. Onbeperkte ontwikkeling is nie wenslik nie, met ander woorde, indien die fasiliteite byvoorbeeld by die Kosimere voorsien word sal die baaigeriewe in dieselfde omgewing moet wees.

(i) (iv) Die kwesbaarheid van die duine moet ook in aanmerking geneem word. Voetpaadjies teen die duine kan gevaarlike vatplek bied vir winderosie.

Ten spyte van hierdie beperkings is die grootste gedeelte van die kuslyn wel geskik vir swem, mits die nodige voorsorg getref word.

(ii) <u>Die Kosimere</u>

Die meresisteem bied nie baie goeie swemgeleentheid nie, behalwe by die uitmonding. Die oewers van die mere is naamlik ontoeganklik en groot dele is moerasagtig, en waar dit wel bereik kan word is die bodem modderig.

(iii) <u>Die Sibayemeer</u>

By hierdie meer bestaan geleentheid vir swem, maar met sekere belangrike voorbehoude:

(iii) (i) Bilharzia kom voor in die watergrasbegroeide oewers van die meer, hoofsaaklik die sloepe, maar in die oop deel van die meer bestaan daar geen gevaar nie.

(iii) (ii) Dieselfde geld ook vir die seekoeie en krokodille wat hier voorkom. (Allison, p. 4)

Langs die oostelike oop deel van die meer is die water helderskoon en die bodem sanderig, en hier behoort toestande gunstig te wees om swemplek te voorsien.

(iv) <u>Panne en riviere</u>

Die panne en riviere is swaar besmet met bilharzia en nie geskik vir swemdoeleindes nie. Die Pongolarivier neig ook om modderig te wees sodat dit glad nie aan te beveel is vir swemdoeleindes nie.

(b) <u>Hengel</u>

Die gebied is welbekend vir sy hengelpotensiaal, en dit behoort 'n sterk toeristeaantrekkingskrag te word.

(i) <u>Die see</u>

'n Groot verskeidenheid hengelvissoorte kom hier voor, en goeie vangste word gemaak vanaf die strande asook op die diepsee. Ook hier is egter sekere beperkende en bevorderlike faktore teenwoordig ten opsigte van die hengelpotensiaal.

(i) (i) Die seeskilpaaie sal strandhengelaars beperk tot sekere tye van die jaar.

(i) (ii) Die koraalagtigheid van die kuslyn skep 'n probleem vir hengelaars vanaf die strande deurdat hulle hoeke vassit, en verder ook, volgens amptenare van die Oseanografiese Instituut, om die volgende redes:

(a) Visgerei wat afbreek aan die rotse knou die natuurlike onderwaterskoonheid van die koraalriwwe.

(b) Die nylonsoorte vislyn ontbind nie onder water nie en behalwe vir die feit dat dit onooglik is, is dit ook gevaarlik vir duikers wat die onderwaternatuurskoon wil besigtig, deurdat hulle vasgevang kan word in die lyne.

(i) (iii) Die kusgebied is deur die KwaZuluregering aanbeveel as 'n marinereserwe. (Maputaland Guide Plan, p. 150) Die rede hiervoor is nie slegs die uitstaande natuurlike hoedanigheid van die kuslyn nie, maar ook die feit dat daar geen sodanige reserwe langs die Natalse kuslyn bestaan waar vis- en ander dierelewe onverstoord kan voortplant en sodoende aanvul wat uit die see gehaal word nie. So 'n marinereserwe plaas nie 'n algehele beperking op hengel nie, maar behels die volgende:

(a) Hengel sal wel toegelaat word met die uitsondering van sekere kwesbare plekke langs die kuslyn.
(b) Geen nylonlyn sal gebruik mag word nie, of as alternatief kan hengel beperk word tot die gebiede waar nie koraal voorkom nie. In die geheel gesien behoort hierdie faktore egter nie veel afbreuk te doen aan die hengelpotensiaal van die kuslyn nie, en behoort hengel 'n belangrike toeristeaantreklikheid te wees.

(i) (iv) Diepseehengel kan 'n belangrike aantreklikheid in die gebied word. By Sordwanabaai ten suide van die gebied word dit beskou as een van die belangrikste aantrekkingskragte van toeriste. 'n Beperkende faktor is egter die beskikbaarheid van landingsplekke. Die kuslyn leen hom tot 'n groot mate ook nie vir die daarstelling van sulke fasiliteite nie.

(ii) <u>Die mere</u>

In teenstelling met die Kosimeer, wat ryk is aan 'n verskeidenheid van hengelvis, is die Sibayemeer nie baie geskik vir hengeldoeleindes nie, omdat daar nie

baie vis voorkom nie.

By die Kosimeer moet die volgende beperkende faktore in aanmerking geneem word betreffende hengel:

(ii) (i) Die mere is nie baie geskik vir hengel van die oewer af nie, en bote is feitlik essensieel.

(ii) (ii) Bootverkeer tussen die mere mag nie toegelaat word nie, hoofsaaklik weens die gevaar van botsings, en die eroderende uitwerking van golwe (veroorsaak deur bote) op die oewers van die kanale, asook die belemmering van vismigrasie tussen die mere. (Sien 8.1.1 (d) (i)(iv).) Om dié rede, asook weens die gevaar van seekoeie en krokodille in die Manzamyamameer, sal dit beter wees indien hengel beperk word tot die groot Nghlangameer.

(ii) (iii) Omdat die mere so 'n gunstige broeiterrein vir die vis is en daar dus baie jong vissies voorkom, sal daar 'n minimum grootte vasgestel moet word wat gevang mag word ten einde die jong vissies te beskerm.

(ii) (iv) Geen nette mag toegelaat word nie.

(iii) Rivier en panne

Die rivier en panne behoort uitstekende hengelgeleentheid te bied, veral ten opsigte van tiervis, maar ook ten opsigte van die ander varswatervissoorte wat volop voorkom. Die probleme wat hier oorbrug moet word is die volgende:

(iii) (i) Die wenslikheid van 'n groot aantal toeriste in die gebied moet kritiese oorweging geniet. Behalwe vir die natuurlike elemente soos die vis en voëls wat daar voorkom, word ook intensiewe landbouontwikkeling op die vloedvlakte verwag, wat botsend met die toerismepoten-

siaal kan wees. (Maputaland Guide Plan)

(iii) (ii) Onderskeid moet getref word tussen panne waar gehengel mag word en dië wat vir die watervoëls gelaat gaan word (wat op sigself ook 'n toeristeaantreklikheid kan wees). Volgens Coke is die beste panne om in te hengel vir tiervis, die Tete-, Menga- en Mhlolopanne.

(c) Besigtiging

In 'n gebied soos Maputaland wat oor 'n wye verskeidenheid natuurlike aantrekkingskragte beskik kan besigtiging 'n baie belangrike element in die toeristemoontlikhede van die gebied wees. Alhoewel besigtiging as sodanig 'n passiewe ontspanningsvorm is, gaan dit gepaard met belangrike aktiewe ontspanningsaktiwiteite soos stap, plesieruitstappies per boot of motor, onderwaterduik en selfs perdry. As daar verder in aanmerking geneem word dat toeriste mense van buite die gebied is, dan vorm besigtiging waarskynlik die hoofdoel van bogenoemde aktiwiteite, sodat plesierritte byvoorbeeld nie alleen om die ry gaan nie, maar eerder om plekke te besoek en die gebied te besigtig. Dieselfde geld vir duik, wat nie soseer gaan om onderwater swem as om besigtiging nie.

Vanweë die nou verband wat daar tussen besigtiging en hierdie aktiwiteite bestaan word hulle hier gesamentlik ondersoek. Dit beteken nie dat byvoorbeeld stap nie as aktiwiteit in sy eie reg beskou word nie, maar eerder dat dit in verband gebring word met die natuurlike verskynsels van die gebied.

(i) Stap

Faktore wat die stapmoontlikhede in die gebied bevorder is die volgende:

(i) (i) Die ongereptheid en yl bevolktheid van die gebied maak dit baie geskik vir staptoere. Voeg hierby die feit dat die hele gebied tans in staatsbesit is en dat staproetes

oor 'n wye area beplan kan word. Laasgenoemde aspek sal waarskynlik mettertyd verander, maar volgens die "Maputaland Guide Plan" sal groot dele staatsbesit bly, waar staproetes beplan kan word.

(i) (ii) Die verskeidenheid natuurlike verskynsels wat ingesluit kan word in die roetes. Die gesamentlike aantrekkingskrag van hierdie verskynsels behoort byval te vind by voornemende stappers.

Daar bestaan egter ook sekere struikelblokke wat in ag geneem moet word. In die eerste plek is nie alle dele van die gebied begaanbaar nie, nie eens te voet nie. Die moerasse byvoorbeeld kan probleme skep, veral gedurende die reënseisoen. Ten tweede mag die hitte voornemende stappers ontmoedig gedurende die warm seisoen. 'n Verdere probleem is die vatbaarheid van die gebied vir winderosie, veral langs die kus. Voetpaadjies, veral oor die duine langs die see, sal deeglik oorweeg moet word.

Dele waarin gestap kan word is die volgende:

(i) (a) Die berggebied is redelik begaanbaar te voet, en dit, tesame met die besigtigingsmoontlikhede, insluitende plantegroei, voëls en die omgewing, behoort byval te vind. Hier is veral twee dele wat uitgesonder kan word vir stapdoeleindes, naamlik die Ingwavumapoort-omgewing en in die omgewing van die Gwalaweniwoud. (Sien plantegroeikaart.)

(i) (b) Op die dreineringsvlakte kan ook gestap word, maar hier is die moontlikhede beperk. Beperkte staproetes om die panne, rivier, watervoëls en plantegroei te besigtig kan voorsien word, maar die beplande landbouontwikkeling in die gebied, asook die verwagte toenemende bevolkingsdigtheid gaan die stapmoontlikhede hier beperk. (Maputaland Guide Plan, kaart 8)

(i) (c) Die omgewing van die Kosimeer en veral langs die Siyadlarivier en die Manzamyamameer is geskik vir stap. Die gebied beskik oor uitstaande natuurskoon en veral geleide toere waartydens stappers toegelig kan word omtrent die natuurverskynsels wat daar voorkom kan baie interessant wees. Dieselfde geld natuurlik ook in die ander gebiede, maar in hierdie omgewing veral sal baie interessante natuurverskynsels vir die leek ongemerk verbygaan.

(i) (d) Staptoere op die strand langs, buite die broeiseisoen van die skilpaaie, kan ook die belangstelling prikkel. Hierdie roetes kan moontlik besienswaardige dele agter die duine insluit, soos die broodbome wat veral ten suide van die Nhlangameer voorkom.

(i) (e) 'n Interessante staptoer wat hier georganiseer kan word, is om snags die seeskilpaaie te gaan bekyk gedurende die tydperk November tot Februarie, wanneer hulle broei. Volgens Hughes van die Oseanografiese Navorsingsinstituut is sulke georganiseerde staptoere om die skilpaaie te besigtig nie alleen moontlik nie, maar ook wenslik, ten einde simpatie te skep vir die bewaringspoging van die diere. (Hughes, p. 2) Hierdie toere sal natuurlik uit beperkte hoeveelhede mense bestaan en onder geleide moet geskied.

Die toere kan onderneem word van die Kosi-uitmonding af tot ongeveer by die Sibayemeer: die gebied waar die skilpaaie in noemenswaardige getalle voorkom.

(ii) <u>Besigtigingstoere per motor</u>

Weens die ontoeganklikheid van groot dele van die gebied is dit tans moeilik om al die besienswaardige plekke te bereik. Plekke wat egter mettertyd ingesluit kan word in georganiseerde of ongeorganiseerde plesierritte is die volgende:

(ii) (a) Die berggebied, veral die Ingwavumapoort.

(ii) (b) Die Ndumuwildtuin.

(ii) (c) Ritte deur die kusgebied kan insluit roetes langs die mere, see, strande en duine. Wat vir (i) hierbo gegeld het, geld ook tot 'n groot mate hier. Alhoewel die kusgebied uiters geskik is vir sulke toere is die wenslikheid daarvan te betwyfel, tensy dit op 'n georganiseerde basis plaasvind.

(iii) <u>Besigtigingstoere per boot</u>

Plesiervaarte en besigtigingstore op die mere hou ook interessante moontlikhede in. Dit sal egter verkieslik georganiseerde toere moet wees om die volgende redes:

(iii) (i) Dit kan gevaarlik wees in plekke, veral waar seekoeie voorkom.

(iii) (ii) Die nou kanale tussen die mere (by Kosimeer) kan net 'n beperkte aantal bote dra om redes wat in 8.1.1(d) hieronder uiteengesit word.

(iii) (iii) Groot verkeer in sekere dele sal die atmosfeer bederf, en die wilde diere wat voorkom verwilder. Roetes wat hierlangs beplan word kan die volgende plekke insluit:

(iii) (a) Op die Kosimere vanaf die Nhlangameer, deur die kanaal na die Manzamyamameer en dan vir etlike kilometers al langs die Siyadlariviertjie op. Tydens so 'n vaart kan seekoeie, krokodille, ape en 'n groot verskeidenheid water- en landvoëls gesien word, asook plate waterlelies en digbegroeide oewers, hoofsaaklik moeraswoude, insluitende die rare Rafia palmwoud wat uniek hier voorkom. Onder geleide kan besoekers ook toegelig word omtrent die interessante verskynsels wat hier voorkom.

(iii) (b) Ritte op die Nhlangameer kan ook baie interessant wees.

(iii) (c) Die Sibayemeer bied nie dieselfde moontlikhede vir bootuitstappies as bogenoemde meer nie, maar ook hier kan boottoere onderneem word. In die inhamme van die meer kom krokodille en seekoeie voor wat besigtig kan word.

Alhoewel bogenoemde aktiwiteite (stap, motor- en boottoere) afsonderlik bespreek is, kan interessante uitstappies gereël word wat kombinasies van hierdie aktiwiteite behels. Besoek aan die waterskilpaaie kan byvoorbeeld insluit 'n bootrit oor die meer (vanaf die kampeerterrein ten weste van die meer) na die see suid van die uitmonding waar die diere voorkom, en dan 'n staptoer op die strand langs om die diere te besigtig. Dieselfde geld ook vir die ander besienswaardighede, wat moontlik per motor bereik kan word en dan verder te voet ondersoek kan word.

(iv) <u>Onderwaterbesigtiging</u>

In teenstelling met die gekortwiekte hengelmoontlikhede langs die kuslyn, pas onderwaterbesigtiging uitstekend aan by die voorgestelde marinereserwe en die koraalagtige kuslyn.

Die skilpaaie is egter ook hier 'n probleem gedurende die broeitydperk. Dit geld egter alleenlik vir die strande en nie vir die see self nie.

Soos reeds genoem is die onderwaterlewe van hierdie kuslyn uniek in Suid-Afrika en behoort dit 'n besondere aantrekkingskrag te wees. Die kombinasie van helderskoon water, koraalriwwe, tropiese en ander veelvoudige vissoorte asook seeskilpaaie van hierdie gebied is reeds wyd bekend by onderwaterduikers.

Die moontlikheid vir onderwaterbesigtiging deur middel van bote met glasbodems is ook genoem deur amptenare

van die Natalse Parkeraad. Sodoende kan groeptoere onderneem word. Die probleem is egter om 'n geskikte landingsplek langs die kuslyn te vind. Op die oomblik bestaan daar nie so 'n plek nie en moontlike landingsplekke wat ontwikkel kan word is skaars langs hierdie kuslyn.

(v) Voëlwaarneming

Daar is alreeds verwys na die groot verskeidenheid en hoeveelheid voëls wat in die gebied voorkom. Behalwe dat dit as addisionele aantreklikheid op die verskillende bogenoemde toere sal dien, kan dit op sigself ook 'n aantreklikheid wees. Alhoewel daar oor die hele gebied baie voëls voorkom, is die volgende dele besonder goed bedeeld met voëls:

(v) (i) Die Pongolavloedvlakte en panne. (Insluitende die Ndumuwildtuin). Hierdie is die gebied waar die meeste voëls die maklikste waargeneem kan word. Daar moet egter op gewys word dat baie van die watervoëls wat in die gebied voorkom, trekvoëls is wat slegs in die gebied oorwinter.

(v) (ii) Die duinewoude en die gebied rondom die meer beskik oor 'n groot verskeidenheid voëls.

(v) (iii) Die moerasse en panne op die kusvlakte het ook 'n redelike voëlbevolking.

(v) (iv) Ook die bergreeks word beskou as ryk aan voëls (Player). Die probleem met laasgenoemde twee terreine is die relatiewe onbegaanbaarheid daarvan. Voëlwaarneming kan wel beoefen word, maar nie sonder moeite nie.

(d) Bootaktiwiteite

Vanweë die baie bevaarbare wateroppervlaktes in die gebied kan die verskillende bootaktiwiteite soos roei, ski en seil moontlik 'n groot bydrae lewer tot die toeristeaantreklikheid van

die gebied. Daar moet op gelet word dat onder "bootaktiwiteite" alle bote ingesluit is, en nie slegs snelbote nie.

(i) Die Kosimere

Die groep mere lyk op die oog af baie geskik vir bootaktiwiteite, maar 'n aantal faktore beperk die potensiaal van die mere naamlik:

(i) (i) Kragbote op hierdie mere sou onvanpas wees. Indien dit die enigste beskikbare wateroppervlak in die gebied was, sou sulke aktiwiteite wel toegelaat kon word, maar met inagneming van die natuurlike eienskappe van die mere sal kragbote onwenslik wees. Behalwe vir die wildlewe wat dit sal versteur, sal dit ook die rustige atmosfeer wat daar bestaan skend, en sodoende bots met ander aktiwiteite soos hengel, voëlwaarneming en besigtiging in die algemeen. Dit kan ook gevaarlik wees om byvoorbeeld met snelbote tussen die diere (veral seekoeie) te vaar.

(i) (ii) Bote sal wel toegelaat moet word (byvoorbeeld vir hengeldoeleindes, amptelike gebruik en georganiseerde uitstappies) maar daar kan òf spoedbeperkings ingestel word, òf die enjinkapasiteit kan beperk word.

(i) (iii) Uit bogenoemde is dit duidelik dat geen waterski hier sal kan plaasvind nie, enersyds weens die beperking van die bote en andersyds omdat dit ook onvanpas sou wees.

(i) (iv) Bootverkeer deur die kanale tussen die mere sal beperk moet word tot amptelike bote en bote op georganiseerde uitstappies. Die rede hiervoor is die volgende (Heydorn en Wallace, p. 7):

(a) Die gevaar van botsings. Die kanale is baie nou en kronkelend, sodat hierdie gevaar wesenlik bestaan.

(b) Die gevaar van beserings aan die plaaslike vissers wat somtyds borsdiepte in die kanale visvang of jag met spiese.

(c) Besoedeling deur die bootenjins is nie wenslik nie. Veral die kanale na die Manzamyamameer beskik oor 'n besonderse plantegroei (insluitende waterlelies) wat deur besoedeling geraak kan word.

(d) Voortdurende bootverkeer se golwe sal die oewerplantegroei mettertyd beskadig en dit ontwrig die migrasie van vis tussen die mere.

(i) (v) Die gebruik van roei- en seilbote, asook kano's moet beperk word tot die Nhlangameer, vanweë die gevaar van seekoeie en krokodille in die res van die sisteem.

Alhoewel die bootaktiwiteite op die Kosimere dus gekortwiek word deur bogenoemde faktore hou dit egter ook sekere voordele vir die aktiwiteite in. Dit skakel naamlik die probleem van botsende aktiwiteite op dieselfde wateroppervlak tot 'n mate uit. Die "stil" bootaktiwiteite, asook die hengelaars, sal onversteurd en sonder ernstige gevaar van botsings hulle aktiwiteite kan beoefen.

(ii) Die Sibayemeer

In teenstelling met die Kosimere is die Sibayemeer op die oog af 'n beter terrein vir die beoefening van bootsport. Alleenlik die sloepe en inhamme huisves noemenswaardige dierelewe en die dele word nie benodig vir bootsport nie. Die groot wateroppervlak is diep en helderskoon met die enigste beperking die onstuimigheid van die meer wanneer die wind sterk waai. (Allison)

'n Verdere voordeel is dat kragbote en ski hier toegelaat kan word sonder inagneming van ander botsende aktiwiteite soos by die Kosimere. Indien daar 'n verdere behoefte bestaan vir die beoefening van die stil bootaktiwiteite kan daarvoor ook voorsiening temaak word,

weens die groot oppervlakte van die meer. Besoedeling van die meer bly egter 'n wesenlike probleem; nie soseer weens die benutting van die water vir byvoorbeeld drinkwater nie, maar eerder as gevolg van die toerismepotensiaal van die meer.

(iii) <u>Die panne en riviere</u>

Weens die beperktheid van hierdie wateroppervlaktes is die potensiaal ten opsigte van bootaktiwiteite ook beperk. Alhoewel daar sommige van die panne is wat bevaarbaar is gedurende sekere tye van die jaar, is hulle ook nie aan te beveel vir meganies-aangedrewe bote nie. Ten eerste is daar die wisselende watervlak van die panne sowel as die rivier, sodat daar periodes is wanneer hulle nie bevaarbaar is nie. Ten tweede is hierdie gebied belangrike hengelwaters vir die plaaslike bevolking en 'n baie belangrike bron van voeding vir hulle, wat bederf gaan word deur bootaktiwiteite. In die derde plek is daar die dierelewe en veral die watervoëls wat verstoor gaan word indien die aktiwiteite hier plaasvind.

Aan die ander kant mag hierdie gebied geskik wees vir roeibote en veral ook vir kanovaart. Die gevaar van krokodille en seekoeie bestaan natuurlik ook hier en dit kan 'n struikelblok in die weg van hierdie aktiwiteite wees.

8.1.2 <u>Evaluering van die vervoerstelsels in en om die gebied</u>

Uit hoofstuk 4 (p. 41) het die volgende belangrike aspekte van toeristevervoer aan die lig gekom:

(i) Lugvervoer is baie belangrik vir langafstandreise.

(ii) Padvervoer speel ook 'n belangrike rol, veral wat binnelandse toerisme betref.

(iii) See- en spoorvervoer speel wel 'n rol, maar nie so belangrik as bogenoemde nie.

Indien hierdie drie aspekte van vervoer in verband gebring word met die bestaande vervoerstelsel in die gebied soos blyk uit die vorige hoofstuk, kan tot die volgende slotsom gekom word:

(i) Daar is geen bestaande vliegveld of lughawe in of naby Maputaland nie. By Maputa is daar wel 'n landingstrook waar ligte vliegtuie kan land.

Ten tweede is die gebied afgeleë en soms ver vanaf die binnelandse toeristebronne sodat lugvervoer moontlik 'n belangrike vorm van vervoer gaan wees om toeriste na die gebied te bring.

In die derde plek impliseer dit tegelykertyd dat ook buitelandse toeriste grootliks van lugreise na die gebied gebruik sal maak, alhoewel padvervoer natuurlik ook moontlik is.

(ii) Die padstelsel in die gebied is swak ontwikkel en selfs die beste paaie is van sekondêre aard. Daar bestaan groot dele (veral langs die kus en in die berge) wat slegs per vierwiel-aangedrewe voertuig bereik kan word.

Die meeste toeriste in die gebied, insluitende Suid-Afrikaanse toeriste, kan per motorvoertuig in die gebied verwag word, en daarom is die paaie tans 'n ernstige tekortkoming in die toeristepotensiaal van die gebied.

In teenstelling met die paaie binne die gebied self, is die gebied maklik bereikbaar tot sover as Mkuzi wat op die Natalse Noordkuspad geleë is.

(iii) Daar bestaan geen spoorverbindings met die gebied nie, en die naaste huidige aansluiting is tans by die Mkuzi-stasie. Alhoewel hierdie soort vervoer klaarblyklik nie so 'n belangrike rol speel as eersgenoemde twee nie, kan die belangrikheid daarvan ook nie buite rekening gelaat word nie.

(iv) Besoek aan die gebied per skip is tans ook nie moontlik nie omdat daar geen vasmeergeriewe langs die kuslyn bestaan nie. Die kuslyn leen hom ook nie vir die skepping van sulke fasiliteite nie, veral weens die rotsagtigheid van die see.

### 8.1.3 Evaluering van die verblyfsgeleenthede in die gebied

Daar bestaan tans weinig verblyfsgeleenthede in die gebied. Besoekers uit Suid-Afrika kan van die KwaZuluregering toestemming verkry om slegs twee plekke vir vakansiedoeleindes te besoek, naamlik die Nhlangameer en die Ndumuwildtuin. Geen vorm van verblyf word vir vakansiegangers toegelaat of voorsien buite die twee plekke nie, en dit sluit die verskillende vorms van kampering in.

In die Ndumuwildtuin word dieselfde geriewe voorsien wat gewoonlik in wildtuine aangetref word, naamlik hutte met was- en kosmaakfasiliteite.

By die Nhlangameer word slegs 'n kampeerterrein met die basiese geriewe voorsien.

Beide die plekke staan tans onder die bestuur van die Natalse Parkeraad, en volgens hulle amptenare bestaan daar selde onbespreekte plekke by enige van die twee, veral gedurende vakansietye. Player van die Natalse Parkeraad skryf dat "As a general rule all camps are oversubscribed by 100% on the first booking day." (Player, p. 4)

## 8.2 TOERISME EN DIE EKONOMIE VAN DIE GEBIED

Om die toerismepotensiaal van die gebied ekonomies na werklike waarde te kan evalueer, moet daar as agtergrond gekyk word na die ontwikkelingspotensiaal van die gebied.

(i) Die landboupotensiaal van die gebied is besonder laag, soos geblyk het uit die vorige hoofstuk. Groot dele van die gebied sal inderdaad beter daaraan toe wees sonder enige landbou-aktiwiteite, weens die swak grondstruktuur en die gevaar van erosie.

(ii) Daar bestaan wel 'n matige bosboupotensiaal. Die aktiwiteit kry egter sterk teenkanting weens die negatiewe effek wat die

aangeplante bosse op die natuurlike omgewing, en in besonder die varswatertoevoer van die mere, het. Die bosboupotensiaal is ongelukkig geleë in dieselfde omgewing as die mere.

(iii) Daar bestaan sover bekend geen ekonomies ontginbare minerale in die gebied nie.

(iv) Dit is moeilik om in te sien dat daar binne afsienbare tyd noemenswaardige nywerheidsontwikkeling in die gebied gaan plaasvind.

Dit is dus duidelik dat die ontwikkelingsmoontlikhede van die gebied tans baie beperk is, hoofsaaklik weens die gebrek aan basiese natuurlike hulpbronne, maar ook weens die ontoeganklikheid en afgeleënheid van die gebied. Daarteenoor word toerisme ook gekortwiek deur laasgenoemde twee faktore, maar met die belangrike verskil dat die basiese natuurlike hulpbronne wel beskikbaar is. Op suiwer ekonomiese en fisiese gronde is dit dus logies om te aanvaar dat toerisme na die vatbaarste ekonomiese aktiwiteit in die gebied lyk. In hoofstuk twee is daar vasgestel dat 'n lewenskragtige toeristebedryf geweldige ekonomiese voordele en ontwikkeling vir 'n agtergeblewe gebied kan inhou. Terselfdertyd kan dit bydra tot die beskerming van die gebied se besondere natuurverskynsels wat dan nie botsend hoef te wees met die ekonomiese oorwegings nie maar tog 'n wesenlike bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van die gebied.

## 8.3 TOERISME EN DIE INWONERS VAN DIE GEBIED

In hoofstuk 2 paragraaf 2.4 is die rol van toerisme in die ontwikkeling van agtergeblewe gebiede bespreek. Die faktore wat daar ter sprake was, het vanselfsprekend nie alleen betrekking op die gebied nie, maar ook op sy inwoners. Om die toerismepotensiaal van die gebied dus na waarde te skat is dit vanpas om die genoemde faktore, en ook ander wat hier betrekking het, van toepassing te maak op die plaaslike inwoners. Dit is verder ook duidelik dat indien die inwoners die volle voordeel wil trek uit die toeristebedryf dit ook 'n optimale bydrae van hulle kant af sal verg. Dit is hierdie wisselwerking wat hier ter sprake is.

### 8.3.1 <u>Bydrae van die inwoners tot 'n toeristebedryf</u>

In breë trekke bestaan daar drie wyses waarop die plaaslike inwoners by

'n toeristebedryf betrek sal word. Eerstens as 'n bron van arbeid in die bedryf, tweedens as ondernemers in die bedryf en derdens deur middel van tradisionele gewoontes en handelinge as toeristeaantreklikhede. Laasgenoemde twee kan beskou word as primêre bydraes en eersgenoemde as sekondêr van aard.

8.3.1.1 Primêre bydraes

(i) Ondernemerskap

Hier word eerstens gedink in terme van tuisnywerhede. Die vervaardiging van ornamente, mandjies en aandenkings kan 'n groot bedryf word in so 'n toeristegebied.

Ten tweede kan hierby ingesluit word enige ander ondernemings wat deur die mense tot stand gebring word en wat direk in verband staan met die toeristebedryf. Hierby kan byvoorbeeld ingesluit word die beskikbaarstelling van verblyfsgeleenthede.

(ii) Toeristeaantrekkingskragte

Tradisioneel is die inwoners van die gebied baie afhanklik van vis as voedselbron. Weens die beskikbaarheid van vis, en weens die belangrikheid daarvan as voedselbron het twee interessante visvangmetodes ontstaan. Hierdie metodes lewer goeie resultate en kan interessante toeristeaantreklikhede word.

(ii) (i) "Fonya"-visvang, waaraan soms honderde mense tegelykertyd deelneem, vind hoofsaaklik gedurende die droë seisoen plaas wanneer die water in die Pongolarivierpanne vlak is. Die "fonya" is 'n gevlegde mandjie wat gebruik word om vis mee te skep. Die deelnemers dra elk so 'n mandjie, en deur 'n lang ry te vorm word die vis van een kant van 'n pan na die ander kant gedryf en dan voortdurend met die mandjies geskep. So 'n "visdryf" word deur die hoofmanne beveel wat dan ook 'n dag en datum vasstel. (Coke en Pott, p. 3)

(ii) (ii) Die ander belangrike metode wat toegepas word is die viskrale in die Kosimere se uitmonding. Die krale op sigself is 'n aantreklikheid en nie soseer die manier van visvang nie.

(ii) (iii) Tradisionele krale

Player skryf dat: "There is no doubt that there is scope for the exhibition of the less uninhibited day to day activities of the local ethnic groups and something along the lines of the open air museum at Livingston or Zimbabwe." (Player, p. 4)

8.3.1.2 Sekondêre bydraes

Die beskikbaarheid van 'n plaaslike arbeidsmag en ondernemings is van belang vir die toeristebedryf. Ook hier kan onderskei word tussen twee sektore waarin die bydraes gelewer word.

(i) Direkte bydraes

Hiermee word eerstens bedoel die arbeid wat opgeneem word in die sektore wat direk in verband staan met toerisme, soos byvoorbeeld die hotelbedryf. Hier kan ook ingesluit word die arbeid benodig in die ontspanningsgebiede en vir bewaring.

Tweedens sal die rol van ander ondernemings ook sterk na vore tree. Daar kan byvoorbeeld gedink word aan die landbou en bosbou. Die toeristebedryf sal 'n nuwe vraag na voedselprodukte en hout laat ontstaan. Dit geld ook vir die klein- en groothandelsondernemings.

(ii) Indirekte bydraes

Die verskillende sektore aanverwant aan toerisme soos die bou- en konstruksiebedrywe sal 'n groot arbeidsmag verg. Dit kan ook beskou word as 'n bydrae tot die toeristebedryf.

8.4 IDENTIFIKASIE VAN POTENSIËLE TOERISMEGEBIEDE IN MAPUTALAND

Nadat die toerismemoontlikhede in die gebied as geheel gewaardeer is, behoort dit moontlik te wees om die dele af te sonder waar die poten-

siaal hoofsaaklik gekonsentreer is. Uit die voorafgaande bespreking kan die hieropvolgende gevolgtrekking gemaak word: (Sien kaart 8)

(i) Die oorweldigende potensiaal van die gebied is geleë langs die kuslyn, insluitende die mere. Hierdie gebied beskik ook, behalwe vir die basiese natuurlike hulpbronne, oor die verdere voordele dat daar weinig mededinging van ander nywerheidsektore, insluitende landbou, om grondgebruik verwag kan word, en ook dat daar 'n besondere lae bevolkingsdigtheid veral langs die kuslyn is. Verder is daar ook geen privaat grondeienaars nie.

(ii) Die Pongolarivier en -panne beskik oor 'n matige potensiaal, veral ten opsigte van die watervoëls en vis wat daar voorkom. In teenstelling met die kusgebied hierbo genoem bestaan hier egter faktore wat die toerismepotensiaal verminder naamlik:

(ii) (a) Die beste landbougrond in die hele gebied kom hier voor, en volgens die "Maputaland Guide Plan" kan groot landbouontwikkeling hier verwag word. Die vloedvlakte gaan grootliks onder besproeiing gebring word deur kanale vanaf die Pongolapoortdam.

(ii) (b) Die vloedvlakte is tans ook een van die digbevolkste dele van die gebied.

(ii) (c) Toerismeontwikkeling hier sal in direkte kompetisie staan met die Ndumuwildtuin, omdat dieselfde toestande daar heers as op die vloedvlakte. Uitbreiding van die wildtuin kan eerder oorweeg word.

(iii) Die berggebied beskik oor 'n redelike lae toerismepotensiaal wat beperk is tot die Ingwavumapoort en die Gwalaweniwoud. Indien die gebied egter in die geheel beskou word kan hierdie deel ook 'n bydrae tot toerisme lewer, alhoewel dit op sigself miskien nie 'n toeristeoord sou regverdig nie.

## 8.5 BELEID TER ONTWIKKELING VAN MAPUTALAND SE TOERISMEHULPBRONNE

In 'n artikel wat in die Maart 1972-uitgawe van I.U.O.T.O. se maandelikse tegniese bulletin verskyn het, word daar gewys op die gevaar wat die gebrek aan 'n beplanningsbeleid vir die toerismebedryf inhou. Die oorsprong van die probleem lê klaarblyklik daarin dat korttermynvoordele ten koste van langtermynvoordele aanvaar word.

Gegrond op die voorafgaande besprekings in hoofstuk sewe en tot dusver in agt kan 'n ontwikkelingsbeleid vir Maputaland tot stand gebring word wat gemik is op die optimale langtermynbenutting van die hulpbronne.

### 8.5.1 Bevorderlike faktore vir die ontwikkeling van toerisme in Maputaland

Behalwe vir die algemene invloedsfaktore van toerisme wat in hoofstuk drie volledig bespreek is en wat per slot van rekening ook in die gebied geld, bestaan daar nog 'n aantal faktore wat eie is aan die gebied en wat ontwikkeling kan kortwiek of bevorder. Die toestande in die gebied is reeds volledig geskets en daarom word die faktore net kortliks herbeklemtoon.

(i) Natuurlike hulpbronne

Dit het duidelik uit die besprekings geblyk dat die gebied, of dele daarvan, oor 'n wye verskeidenheid natuurlike toerismehulpbronne van hoë gehalte beskik. Hierdie aspek word verder beklemtoon deur die feit dat hierdie hulpbronne nog in 'n groot mate in 'n ongeskonde toestand bestaan.

(ii) Verder is dit ook belangrik om daarop te let dat dié dele van die gebied waar die belangrikste toerismehulpbronne geleë is vir weinige gebruike, hetsy landbou of andersins, geskik is. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die gebrek aan natuurlike hulpbronne wat nodig is vir ander soorte ontwikkeling. 'n Toeristebedryf staan dus nie in veelseggende direkte mededinging om grondbenutting in dié dele nie, en so ook nie ten opsigte van ekonomiese regverdiging nie.

(iii) Daar bestaan slegs staatsgronde in die gebied wat die ontwikkeling van 'n toeristebedryf kan vergemaklik. Die gebiede in die vorige hoofstuk uitgesonder vir toerisme is ook besonder yl bewoon.

(iv) Alhoewel toeganklikheid van die gebied as 'n beperkende faktor beskou word, wat dit wel ook is, is dit 'n aspek wat ook uit 'n ander hoek beskou kan word. Met inagneming van onlangse verwikkelinge in Mosambiek, is Maputaland naamlik tans die naaste kuslyn aan die Transvaal, Vrystaat en 'n deel van Natal. Ten spyte van die ontoeganklikheid is dit 'n faktor wat kan bydra tot die ontwikkeling van 'n toeristebedryf in die gebied.

### 8.5.2 Beperkende faktore op die ontwikkeling van toerisme in Maputaland

Ten spyte van die bogenoemde bevorderlike faktore bestaan daar ook 'n aantal tekortkominge wat 'n toeristebedryf in die gebied kan kortwiek en waarvan in hierdie stadium kennis geneem moet word. Ook hierdie faktore is addisioneel tot dié wat in hoofstuk drie genoem is.

(i) Politieke beperkings

Enige sinvolle beplanning kan net geskied binne die raamwerk van die vasgestelde owerheidsbeleid. Dit is so dat Maputaland 'n deel vorm van KwaZulu en dus onderworpe is aan baie definitiewe riglyne wat deur die regering neergelê is.

(ii) Kwesbaarheid

'n Aspek wat 'n wesenlike uitwerking sal hê op die toerismeontwikkelingsbeleid is die delikaatheid van die gebied. Die omvang van die ontwikkeling in die gebied is byvoorbeeld 'n aspek wat baie noukeurig oorweeg sal moet word ten einde beskadiging van die hulpbronne te voorkom. Indien die beperkende elemente in hierdie geval afsonderlik beskou word, is hulle die volgende:

(ii) (i) Plante- en dierelewe

Die reeds bedreigde plant- en dieregemeenskappe in die

gebied sal beskerm en met oorleg benut moet word ten einde verdere skade te voorkom.

(ii) (ii) Oppervlaktegesteldheid

(a) Die swak oppervlaktegesteldheid van die gebied, veral in die omgewing van die kus, hou 'n wesenlike gevaar in vir die toeristeaantreklikheid van die gebied omdat dit maklik vertrap en erodeer.

(b) Die mere wat die belangrikste toeristeaantreklikhede in die gebied is, is uitsluitlik van dië vleie en moerasse afhanklik vir varswatervoorsiening, waarsonder hulle ekologies nie kan voortbestaan nie.

(ii) (iii) Sommige van die potensiële toeristebronne word tans nog in 'n mate deur die inwoners benut. Alhoewel dit moontlik as 'n tydelike beperking beskou kan word, sal beperkte ontwikkeling nodig wees om die mense nie van hulle lewensbrood te ontneem nie (byvoorbeeld visvangs in die mere). Aan die ander kant sal dit ook bydra tot die toeristeaantreklikheid van die gebied. Die primitiewe dog doeltreffende visvangmetodes van die inwoners is heel interessant om te aanskou.

(iii) Finansies

Die KwaZuluregering sal genoegsame fondse tot sy beskikking moet hê om sekere basiese dienste te kan voorsien, byvoorbeeld infrastruktuur. Daar word gesê dat "Tourism may be said to occupy an intermediate position between private industry and public services, in that some costs, such as transportation are borne by the consumer, while others such as infrastructure costs, are borne to a considerable extent by the government." (Nedbank, p. 3)

(iv) Toeganklikheid

Die gebied is tans nog baie ontoeganklik en dit kan ook as 'n tydelike beperkende faktor gesien word op die ontwikke-

ling van 'n toeristebedryf in die gebied.

### 8.5.3 Kompromis

Om enigsins 'n kompromis te kan tref tussen die beperkende en bevorderlike faktore van 'n toeristebedryf in die gebied moet die volgende aspekte in aanmerking geneem word: (Sien hoofstuk VI)

(i) Oorhoofse beplanning is nodig waardeur toerismegebiede op meriete geïdentifiseer word. Dit is reeds gedoen in die vorige hoofstuk van hierdie studie, en ook in 'n wyer verband deur die "Maputaland Guide Plan".

(ii) Detailbeplanning binne hierdie toerismegebiede waardeur grondbenutting en toeristeaktiwiteite gereël kan word. Die inhoud van so 'n plan sal grootliks bepaal word deur die ontwikkelingsbeleid wat gevolg word. Die volgende riglyne behoort vorm te gee aan so 'n plan vir Maputaland:

#### 8.5.3.1 Ontwikkelingsriglyne

Weens Maputaland se beperkte ontwikkelingspotensiaal, sal die gebied swaar leun op sy toeristehulpbronne om die ekonomie te stimuleer, met ander woorde om die maksimum inkome vir die gebied te verdien. Om daartoe in staat te wees is in paragraaf 2.3.1 besluit dat toerisme as "uitvoerproduk" benut word om maksimum produktiwiteit te bevorder. In hierdie stadium lyk dit na 'n konflik tussen die ekonomiese strewes van die gebied en beide die reeds bespreekte tekortkominge van die toerismehulpbronne en die finansiële bronne wat die KwaZuluregering tot sy beskikking het. Daar moet dus na alternatiewe gesoek word wat bevredigende oplossings bied vir hierdie oënskynlike dilemma.

(a) Beperkte ontwikkeling

Die kwesbaarheid van die toerismehulpbronne van die gebied kan gedeeltelik oorkom word deur die ontwikkeling te beperk. Dit impliseer dat minder mense die gebied sal kan besoek. Die alternatief is dus geleë in die kwaliteit van die toeristeaantrekkingskragte in teenstelling met kwantiteit, wat dikwels as voorwaarde vir toerismeontwikkeling geld.

Kortom kom dit neer op die ontwikkeling van 'n eksklusiewe toeristebedryf, waar minder mense getrek sal word wat meer sal bestee ten einde te vergoed vir die gebrek aan getalle. Wat die bedryf self betref, impliseer dit die volgende:

(i) Om enigsins te vergoed vir die gebrek aan groot getalle mense sal die koste vir toeriste relatief hoog moet wees, en die geleenthede om geld te bestee, volop. Dit beteken dat besoekers beperk sal wees tot die hoër inkomstegroepe.

(ii) Die verblyfs- en ander fasiliteite sal noukeurig beplan en voorsien moet word om die regte atmosfeer te skep en terselfdertyd in die behoeftes van hierdie meer gesofistikeerde besoekers te voldoen. Die verblyfstruktuur hou ook nou verband met die ekonomie van die bedryf, aangesien hotelverblyf byvoorbeeld die ekonomiese oogmerke van 'n toeristebedryf baie beter sal bevorder as in die geval van kampeerterreine.

(iii) Ook die soort ontspanningsaktiwiteite wat aangebied word sal moontlik afwyk van die gewone patroon. In paragraaf 4.3 is daar reeds melding gemaak van hierdie verskynsel, naamlik dat voorkeur- en werklike deelname aan sekere ontspanningsoorte verskil, en in hoofstuk drie word dit toegeskryf aan sulke faktore soos inkome, opvoedingspeil, ensovoorts, wat faktore is wat hier 'n aansienlike rol kan speel.

(iv) Private kapitale beleggings behoort aansienlik hoër te wees as by normale ontwikkeling as gevolg van die standaarde wat gestel word. In die geval van Maputaland mag die owerheidsbesteding ook hoër wees weens die ongereptheid van die gebied, en die gebrek aan owerheidsdienste wat voorsien sal moet word. Aan die ander kant mag die koste wat normaalweg deur die owerhede onderneem word laer wees, aangesien die infrastruktuur in die gebied deur beplanning beperk word. Ontoegank-

likheid kan byvoorbeeld baie bydra tot die eksklusiwiteit van die gebied.

(b) Algemene ontwikkeling

Die bogenoemde bespreking handel oor die direkte implikasies wat beperkte ontwikkeling vir die gebied inhou. Ongelukkig is die laaste woord egter nog nie gespreek nie en bestaan daar 'n verdere probleem in die weg van hierdie soort ontwikkeling. KwaZulu beskik oor 'n baie beperkte kusgebied wat tot die beskikking van sy inwoners gestel kan word vir ontspanningsdoeleindes. Omdat die duur vakansiegeriewe wat hierbo in vooruitsig gestel is, tans buite bereik van die oorgrote meerderheid van die bevolking is, sal daar verdere voorsiening gemaak moet word. Dit behels die volgende:

(i) Gedeeltes van die toeristehulpbronne sal afgestaan word vir gewone benutting wat binne die bereik is van almal wat belangstel.

(ii) Verkieslik sal die gebied wat die minste kwesbaar is vir benutting hiervoor afgestaan word.

(iii) Dit beteken ook dat 'n derde faktor buiten die genoemde ekonomiese strewes en bewaringsnoodsaaklikheid, druk uitoefen op die benutting van die gebied. 'n Balans tussen die ekonomiese, natuurkundige en sosiologiese faktore moet dus gevind word.

(iv) Die soorte ontspanningsgeriewe wat aangebied word, behoort in die algemene smaak te val soos in hoofstuk vier bepaal.

(c) Beskermingsriglyne

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit dus dat daar beperkte sowel as algemene benutting van die toeristehulpbronne van Maputaland gaan plaasvind. Hieruit spruit nog twee probleme voort wat deur middel van die beleid in die beplanningsproses opgeklaar moet word, naamlik:

(1) Hoe gaan mense in sekere dele van die gebied deur middel van beplanning beperk word en

(2) watter addisionele bewaringsmaatreëls gaan deur die beplanningsproses in werking gestel word?

(i) Beperkingsmaatreëls

Soos in hoofstuk ses beskryf kan die volgende maatreëls aangewend word:

(i) (a) 'n Hoë prysstruktuur wat buite die bereik van die algemene publiek val.

(i) (b) Beperking deur middel van toeganklikheid. Maputaland se toeristegebiede is nog tot 'n groot mate ontoeganklik en deur dit so te hou kan mensegetalle beperk word.

(i) (c) Beperkte voorsiening van verblyfsgeleentheid. Dit kan 'n effektiewe maatreël wees omdat die gebied buite bereik van dagbesoekers is.

(ii) Beskermingsmaatreëls

Die bogenoemde beperkingsmaatreëls is natuurlik op sigself ingestel as 'n beskermingsmaatreël, en verder kan die gebied ook op die volgende wyse beskerm word:

(ii) (a) Grondbenutting deur middel van gebruiksonering en

(ii) (b) die voorkoming van die oorbenutting van die bron deur die gebruikskapasiteit te bepaal.

(d) Finansiering

Finansiering, en in hierdie geval hoofsaaklik owerheidsfinansiering, blyk 'n wesenlike struikelblok in die weg van die ontwikkeling van 'n lewenskragtige toeristebedryf in Maputaland te wees. Normaalweg sou dit ook buite die bestek van hierdie studie val om te probeer voorskryf op watter wyse so

'n bedryf gefinansier behoort te word. Deur beplanning kan egter 'n groot bydrae gelewer word om (i) onkostes te besnoei en (ii) om 'n ekonomiese lewenskragtige bedryf op die been te bring. Riglyne wat hier in die beplanningsproses van waarde kan wees is die volgende:

(i) <u>Konsentrasie van ontwikkeling</u>

Soos uit die vorige besprekings geblyk het is die toerismepotensiaal nie eweredig oor die hele gebied versprei nie, maar hoofsaaklik gekonsentreer in die kusgebied. Afgesien van die potensiaal is daar in hierdie deel ook ander ekonomiese voordele verbonde wat reeds genoem is (Sien par. 8.4(i)). Bogenoemde bespreking impliseer die volgende:

(i) (i) In plaas van 'n ekstensiewe toeristebedryf oor die hele gebied kan 'n intensief ontwikkelde bedryf in die kusgebied gekonsentreer word. Dit voorkom uitgestrekte infrastruktuur en voorsiening van halfbenutte fasiliteite, waardeur koste aansienlik behoort te daal.

(i) (ii) Ontwikkeling kan ook binne die kusgebied gekonsentreer word op sekere voorafbeplande punte in die vorm van ontwikkelingskomplekse. Behalwe vir die ekonomiese voordele wat dit inhou kan dit ook bydra om die gebied natuurkundig te beskerm, asook om ordelike ontwikkeling te bevorder deur middel van beplanning.

Alhoewel die Ndumuwildtuin buite hierdie gebied val kan dit natuurlik ook ingereken word by die toerismepotensiaal van die gebied. Die wildtuin self is egter reeds beplan en ten volle ontwikkel en kan as gegewe beskou word.

(ii) In die tweede plek kan koste deur middel van beplanning bespaar word deur die bestaande infrastruktuur in aanmerking te neem. Alhoewel die infrastruktuur tans klaar-

blyklik ontoereikend is, kan byvoorbeeld deur die padnetwerk sover moontlik langs bestaande roetes te beplan, 'n bydrae gelewer word. Dit is waarskynlik goedkoper om 'n bestaande pad te verbeter as om 'n nuwe een te bou.

(iii) Om in sekere dele van die gebied die ontwikkeling te beperk behoort ook goedkoper te wees as die gewone soorte ontwikkelings. Die toegangsroetes en ander fasiliteite wat voorsien moet word in sulke gebiede, kan in hulle beperktheid of selfs afwesigheid, 'n belangrike bydrae lewer om die regte atmosfeer te skep in die gebied en terselfdertyd koste besnoei.

(iv) Privaatbeleggings kan ook die finansiële las op die owerhede verlig. Behalwe vir die voorsiening van die gewone toeristefasiliteite (byvoorbeeld verblyf) kan groot privaatbeleggers ook bydraes lewer deur die aanlê van byvoorbeeld privaatvliegvelde.

(e) Slotsom

In die gebied bestaan bevorderlike sowel as beperkende faktore betreffende 'n toeristebedryf. Ten einde 'n kompromis te tref is die volgende maatreëls noodsaaklik:

(i) Voorlopig moet die ontwikkeling van 'n toeristebedryf beperk word tot die kusgebied.

(ii) In sekere dele moet ontwikkeling en mensegetalle beperk word.

(iii) Ander dele wat minder kwesbaar is moet ontwikkel word vir groter getalle mense.

(iv) Maatreëls moet ingestel word waarvolgens

(a) die getalle in (i) hierbo beheer kan word en
(b) waardeur die gebied as geheel beskerm kan word.

(v) Deur die beplanningsproses moet owerheidsbesteding sover moontlik tot 'n realistiese minimum beperk word, en dit sluit onder andere in die konsentrasie van ontwikkeling langs die kusgebied.

# DEEL III

## HOOFSTUK IX

### 9. BEPLANNING

Die beplanning van die gebied sal algeheel berus op gevolgtrekkings wat uit die voorafgaande besprekings gemaak word. Inderdaad sal dit 'n logiese uitvloeisel uit die beskikbare data wees wat sal lei tot die beplanning en uiteindelik tot die optimale benutting van die gebied en sy beskikbare hulpbronne.

Die eerste stap in hierdie rigting is om vas te stel wat die beplanningsbehoeftes in hierdie gebied is. Dit is in hierdie stadium van belang om daarop te let dar daar deurgaans in die besprekings en in besonder in die vorige twee hoofstukke klem gelê is op die beskerming van die hulpbronne. Dit het dan ook geblyk uit die besprekings dat die Maputalandse kusgebied ten spyte van sy klaarblyklike hoë toerismepotensiaal besonder kwesbaar is. Daarom is dit in die eerste plek van belang dat na die natuurlike behoeftes van die gebied omgesien word.

Ten tweede is dit nodig om te begryp dat hierdie natuurlike hulpbronne van min belang is indien hulle nie benut kan word nie. Daarom moet daar ook naas die oorwegings van beskerming voorsiening gemaak word vir benutting van die bronne, in hierdie geval die toeristebehoeftes.

Bogenoemde twee aspekte hou verband met mekaar omdat hulle verskillende beskouinge van dieselfde probleem verteenwoordig, naamlik die optimale langtermynbenutting van die gebied en sy bronne. Aangesien die natuurlike hulpbronne gegewe en dus moeilik veranderbaar is moet die toeristebehoeftes sover moontlik hierby aangepas word. Daarom is dit nodig dat die natuurlike hulpbronne van die gebied eers in besonderhede geanaliseer word om te bepaal in watter vorm dit geskik is vir toerisme.

Om reg te laat geskied aan die beplanningsvereistes, soos hierbo uiteengesit, moet die benutbaarheid van die bronne bepaal word deur dit aan die volgende proses te onderwerp:

(i) Die natuurlike hulpbronne moet vasgestel, onderskei en ontleed word.

(ii) Die behoefte aan bewaring, oftewel die graad van kwesbaarheid van elke hulpbron moet vasgestel word.

(iii) Elke hulpbron moet geëvalueer word volgens die kwesbaarheid of, omgekeerd, die benutbaarheid daarvan.

(iv) 'n Geskikte gebruik of gebruike moet aan die hulpbron gekoppel word volgens die bevindings van die ontleding daarvan.

Die toepassing van hierdie stappe behoort aan te toon dat die toerismepotensiaal van 'n gebied deur twee groepe van omstandighede bepaal word, naamlik:

(i) Oorwegings van bewaring wat die behoud van die natuurlike hulpbronne behels, wat die basis van die toerismepotensiaal uitmaak, en wat herwinning insluit.

(ii) Oorwegings van benutting van die natuurlike hulpbronne binne sodanige perke as deur (i) hierbo bepaal.

Daar is reeds vasgestel dat die toeristebehoeftes in 'n groot mate by die beskikbare natuurlike hulpbronne aangepas moet word weens die onveranderbaarheid van laasgenoemde. Deur dus die gebied te onderwerp aan die ontledingsproses soos hierbo uiteengesit kan as resultaat 'n grondbenuttingsplan tot stand kom, na aanleiding waarvan die toerismemoontlikhede beplan kan word. Dan alleen sal reg kan geskied aan die natuurlike behoeftes wanneer 'n toerismeontwikkelingsplan opgestel word.

## 9.1 VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKSPLAN VIR DIE MAPUTALANDSE KUSGEBIED

Die resultaat van die metode wat in hoofstuk 6.1.1 volledig bespreek is is op planne 1 tot 4 weergegee. Weens die omslagtigheid van die metode sal die toepassing op die gebied nie volledig bespreek kan word nie.

### Stap 1. Onderverdeling van die gebied

Ten einde die analise te vergemaklik is die gebied onderverdeel in vier dele, en later weer saamgevoeg om 'n geheelbeeld weer te gee. Die onderverdeling is as volg: (Sien kaart 9)

(i) Die noordelike kusstrook

As gevolg van die lang kuslyn wat gedek moet word is dit in twee dele verdeel, naamlik 'n noordelike en suidelike deel. Hierdie dele sluit in die see, strande, duine en ook 'n gedeelte agter die duine. Die noordelike gedeelte beslaan die noordelike helfte van die kuslyn, met uitsluiting van die Kosimeregebied.

(ii) Die suidelike kusstrook

Die res van die kusgebied behalwe die Sibayemeer en omgewing is hier ingesluit.

(iii) Die Sibayemeer

Hierdie gedeelte bestaan uit die meer en sy onmiddellike omgewing.

(iv) Die Kosimere

Die deel beslaan die Kosimere en omgewing, insluitende die moeraswoude en Siyadlarivier. Verder sluit dit ook in die kusstrook aangrensend aan die meregebied.

Stap 2. Hulpmiddels by die analise van die gebied

Verskeie hulpmiddels is benodig en aangewend by die ontleding van die moontlike grondgebruike in die gebied. Dit sluit in:

(i) Terreinopnames.
(ii) Lugfoto's.
(iii) Samesprekings met inwoners en amptenare van die gebied.
(iv) Naslaan van literatuur.
(v) Verslae op versoek opgestel deur kenners en wetenskaplikes. Hier is veral die natuurlike hoedanighede van die gebied ontleed en weergegee op so 'n wyse dat dit in die beplanningsproses gebruik kan word. Die verslae sluit kortliks die volgende in:

(v) (i) Plantegroei.
(ii) Dierelewe, insluitende verslae oor voëls, landdiere,

waterdiere, seeskilpaaie en onderwaterlewe in die algemeen in die see en mere.

(iii) Hidrologiese aspekte van veral die mere en die moerasse.

(iv) Geologie.

(v) Klimatologiese aspekte.

Stap 3. Grondgebruike in die gebied (Vgl. paragraaf 6.1.1 (i) p. 64.

In die gebied sal waarskynlik nie behoefte bestaan vir meer as vyf potensiële grondgebruike nie. Hulle is ontwikkelingsgebied, aktiewe en passiewe ontspanningsgebied, herwinningsgebied en bewaringsgebiede. Vir elkeen van die gebruike is 'n potensiaalplan afsonderlik opgestel, behalwe vir herwinningsgebiede wat as gegewe beskou is en op elke plan so aangedui word. Die afsonderlike grondgebruiksplanne is dan weer saamgevoeg om 'n algemene plan weer te gee.

Stap 4. Grondgebruiksplan vir die gebied

A. Die kusgebied

Omdat hierdie gebied so uitgestrek is, is dit vir karteringsdoeleindes in twee gedeel. Vir besprekingsdoeleindes sal dit egter as 'n eenheid beskou word. (Sien planne 1 en 2.)

1. Bewaring

Die sensitiwiteit van die duinegebied blyk duidelik uit die hoeveelheid herwinningsgebiede wat veral aan die seekant van die duine voorkom. Waar die duine vir enige gebruik anders as bewaring aangewend word sal met groot sorg toegesien moet word dat dit erosie nie verder sal bevorder nie. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die kwesbaarheid van die duine, tesame met die wetenskaplike waarde verbonde aan die plantegroei wat daarop voorkom, dat die duine beskerm moet word.

2. Ontwikkeling

Alhoewel die gebied agter die duine geskik is vir ontwikkeling, sal dit met sorg moet geskied. Die gebied was onderworpe aan wanpraktyke van die inwoners (vandaar die groot her-

winningsgebiede) maar verkeerde ontwikkelingspraktyke kan dieselfde gevolge hê.

Daar sal byvoorbeeld versigtig te werk gegaan moet word om toegang na die strande te voorsien. Voetpaadjies, veral ook oor die duine, kan baie bydra tot die erosieprobleem. Dit is 'n aspek wat aandag verdien.

## 3. Aktiewe en passiewe ontspanning

Die potensiaal van die gebied in hierdie opsig is hoofsaaklik geleë in sy strande en see. Daar is egter 'n paar punte wat beklemtoon moet word:

(i) Die strande is nie oral geskik vir ontspanning nie, hoofsaaklik weens die feit dat dit plek-plek rotsagtig en ontoeganklik is. Die potensiaal van die see daarenteen, wat ook baie koraalagtig is, word nie hierdeur benadeel nie, omdat dit steeds geskik is vir hengel en diepseeduik.

(ii) Die gebied agter die duine (herwinningsgebiede uitgesluit) kan ook aangewend word vir ontspanning indien 'n behoefte sou bestaan vir aktiwiteite soos perdry, waarvoor hierdie deel heeltemal geskik is.

(iii) Die seeskilpaaie word nie gesien as 'n onoorkomelike struikelblok in die weg van die benutting van die strande en see nie, maar slegs as 'n tydelike beperking gedurende hulle broeiseisoen. Staptoere gedurende die broeiperiode kan 'n baie belangrike ontspanningsaktiwiteit word, mits dit onder toesig en in georganiseerde groepe geskied. Verder is dit belangrik dat die strande, wanneer dit vir ontspanningsdoeleindes aangewend word, nie besoedel moet word nie.

(iv) Die skilpaaie kom hoofsaaklik noord van die Sibayemeer voor, en suid van die meer geld bogenoemde nie. Hier kan die strande vryelik benut word.

(v) Haaie kom voor en baaiplekke sal beperk moet word weens die veiligheidsmaatreëls wat daargestel moet word.

4. Herwinning

Dit is veral hierdie gebied wat swaar getref word deur die erosieprobleem. Daadwerklike pogings word deur die Departement van Bosbou aangewend om die gebiede te herwin en daarom word dit voorlopig afgesonder van die ander gebruike.

B. Die Sibayemeergebied

Hierdie gebied was aansienlik eenvoudiger om te ontleed as die kuslyn sowel as die Kosimeregebied. Die rede hiervoor is dat die vernaamste natuurlike hoedanighede van die gebied hoofsaaklik beperk is tot die wateroppervlakte, terwyl die omgewing waarin dit voorkom relatief homogeen en minder kompleks is. Daar bestaan dan ook gebiede om die meer wat geeneen van die genoemde gebruike by uitstek pas nie en wat as sodanig aangetoon is. (Sien plan 3.)

1. Bewaring

Slegs 'n klein gebied wes van die meer het beskerming nodig. Dit is hoofsaaklik weens die plantegroei wat daar voorkom, en wel om die wetenskaplike waarde daarvan.

2. Ontwikkeling

Die grootste gedeelte van die gebied buiten die meer self is geskik vir ontwikkeling. Daar moet egter weer eens klem gelê word op die feit dat besoedeling deeglik in gedagte gehou moet word by veral ontwikkeling van verblyfsfasiliteite.

3. Aktiewe en passiewe ontspanning

Die ontspanningsaktiwiteite sal hoofsaaklik beperk wees tot die wateroppervlakte. Die gedagte is dat hierdie meer en die Kosimere mekaar sover moontlik moet aanvul ten einde 'n verskeidenheid van ontspanningsoorte te kan aanbied. Soos wat

daar voorheen reeds op gewys is verskil die geaardhede van die mere sodanig dat hulle mekaar uitstekend kan aanvul.

Die Sibayemeer is besonder geskik vir 'n ontspanningsoord, maar ook hier sal versigtig te werk gegaan moet word om die meer ten beste te benut. Dit beteken dat daar onderskeid gemaak moet word tussen die verskillende aktiwiteite wat hier gaan plaasvind.

(a) Die bootsporte, insluitende snelbote en waterski moet beperk word tot die oop wateroppervlakte van die meer.

(b) Die inhamme moet benut word vir besigtigingstoere en hengel. Die dierelewe in die meer, soos die seekoeie en krokodille, word hoofsaaklik in hierdie inhamme aangetref en daarom is dit wenslik om nie die rus te versteur met snelbote en ander aktiwiteite nie. Dit kan ook gevaarlik wees vir sulke bote.

(c) Die verskillende bootsporte moet geskei word, met ander woorde, verskillende gebiede moet toegeken word aan die motorbote aan die een kant en die stil bote, insluitende seilbote, kano's en roeibote, aan die ander kant.

(d) Voorsiening vir swemgeriewe sal ook gemaak moet word aan die groot oop wateroppervlakte. Hier kom naamlik nie bilharzia voor nie, en die meer bied ook uitstekende moontlikhede vir 'n baaiplek, veral vir kinders. Die gebied kan afgebaken word ten einde te voorkom dat ander aktiwiteite, soos bote, daar toegang het.

## C. Die Kosimeregebied

Hierdie gebied sal heel waarskynlik die belangrikste bydrae tot 'n toeristebedryf in die gebied lewer. As eenheid beskik dit oor 'n verskeidenheid

van toeristeaantrekkingskragte van gehalte wat nie elders in die gebied 'n gelyke het nie. (Sien plan 4.)

1. Bewaring

In dië gebied is groot dele wat daadwerklik bewaar sal moet word. Dit is veral die groot moeraswoude wat hier voorkom wat onder kwaai druk is. Moll skryf dat hierdie kwesbare plantgemeenskap heel waarskynlik meer as al die plantegroei in die gebied bedreig word deur uitwissing. (Moll, p. 24) Dit is veral die wetenskaplike en uniekheidswaarde verbonde aan die moeraswoude wat dit belangrike bewaringsgebiede maak.

2. Ontwikkeling

Groot dele van die gebied weg van die mere en see af is geskik vir ontwikkeling. Ook in hierdie gebied sal ontwikkeling met sorg moet geskied, ten einde erosie te voorkom.

3. Aktiewe ontspanning

Soos in die geval van die kusgebied beskik die strand en see hier ook oor 'n goeie ontspanningspotensiaal, en geld dieselfde voorwaardes wat voorheen gestel is ook hier.

Wat die mere betref is die aktiewe ontspanningsmoontlikhede beperk tot die twee groter mere, maar ook nie sonder voorbehoude nie. Hierdie voorbehoude is die volgende:

(i) Die meer is nie geskik vir die verskillende motorbootsporte nie. In teenstelling met die Sibayemeer is hierdie mere geskik vir stiller aktiwiteite soos hengel en besigtigingsuitstappies.

(ii) Hengel sal een van die belangrikste aktiwiteite op die meer wees. Die hengelpotensiaal van die mere is welbekend en is ook beskryf deur Heydorn en Wallace. Dit sal egter die gebruik van motorbote noodsaaklik maak, maar deur die beperking van die motorkapasiteit kan hierdie probleem oorbrug word. Indien slegs klein stadige motors toegelaat word vir hengeldoel-

eindes kan dit inpas by die omgewing. Roeibote kan ook gebruik word wanneer die afstand na die hengelplekke nie te groot is nie.

(iii) Die kanale tussen die mere moet gesluit word vir alle bootverkeer anders as dié van die amptenare in beheer. (Vgl. paragraaf 8.1(d)(i)(iv), p. 114)

(iv) Alhoewel die meer oënskynlik baie geskik is vir die stil bootaktiwiteite wys Heydorn en Wallace daarop dat die gevaar van seekoeie en krokodille hierdie aktiwiteite sal belemmer. Hulle beveel aan dat indien hierdie aktiwiteite toegelaat word dit beperk word tot die heel groot meer (Nhlangameer).

4. Passiewe ontspanning

Die mere bied goeie moontlikhede vir passiewe ontspanning, veral in die vorm van besigtiging. 'n Groot aantrekkingskrag kan wees georganiseerde bootuitstappies op die mere om die dierelewe en plantegroei, en die natuurskoon in die algemeen, te besigtig. Veral die klein Manzamyamameer en die Siyadla-inloop bied uitstekende geleentheid vir sulke toere.

Ook op land bestaan daar potensiaal vir georganiseerde sowel as ongeorganiseerde besigtigingsuitstappies.

5. Herwinning

Daar bestaan 'n paar gebiede in hierdie deel wat dringende herwinning vereis, en daar bestaan ook ander wat reeds herwin is, soos 'n gebied op die duine net suid van die uitmonding van die mere.

Herwinning van die moeraswoude is 'n moontlikheid wat ook ondersoek kan word. Indien die bewaringsmaatreëls soos voorheen uiteengesit nie doeltreffend tot die herstel van die woude lei nie, kan die moontlikheid van daadwerklike herwinning oorweeg word.

## 9.2 TOERISMEONTWIKKELINGSPLAN VIR DIE MAPUTALANDSE KUSGEBIED

Uit hoofstukke sewe en agt het dit geblyk dat die gebied oor weinig toeristefasiliteite beskik, hetsy infrastruktuur, ontspannings- of ander fasiliteite. Dit het verder ook geblyk dat die gebied relatief ongeskonde en ongerep is, hoofsaaklik weens die afgeleëntheid en die ontoeganklikheid daarvan. Ten einde hierdie ongeskonde toestand te behou en ordelike ontwikkeling en voorsiening van die nodige toeristefasiliteite te verseker is die daarstelling van 'n toerismeontwikkelingsplan noodsaaklik.

Daar bestaan 'n onbepaalde verskeidenheid ontwikkelingsalternatiewe sover dit toerisme aangaan. Alvorens beplan kan word moet vasgestel word watter alternatief die gepaste in die gebied sal wees. Die besluit sal eie aan die gebied wees, en behalwe vir die inagneming van die faktore wat in hoofstuk drie bespreek is sal dit ook afhang van 'n aantal faktore wat hieronder bespreek word. Verder sal die besluit ook beïnvloed word deur die ontwikkelingsriglyne wat in paragraaf 8.5.3.1 neergelê is. Die faktore wat in die breë sal bepaal watter soort ontwikkeling gewens in die gebied is is die volgende:

(i) <u>Natuurkundige faktore</u>

(i) (i) Die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne is moontlik die oorwegende faktor.

(ii) Die benutbaarheid van die beskikbare bronne, in teenstelling met bronne wat bestaan maar weens byvoorbeeld kwesbaarheid nie oor benuttingspotensiaal beskik nie.

(iii) Die soort en gehalte van die toeristeaantrekkingskragte wat voorkom.

(iv) Die verskeidenheid en verspreiding van die hulpbronne sal ook 'n invloed uitoefen op die ontwikkelingspatroon.

(v) Die huidige toestand van die hulpbronne moet in aanmerking kom. Beskadigde natuurverskynsels kan moontlik herwin word en vir toeriste beskikbaar gestel word.

(ii) <u>Sosiologiese faktore</u>

(ii) (i) Dit is belangrik om te bepaal vir wie beplan moet word. Daar moet onderskei word tussen individue, groepe of

klasse, wat elkeen, of in verskeie kombinasies, almal 'n invloed sal hê op die soort ontwikkeling.

(ii) Verder is dit ook belangrik om mensegetalle in aanmerking te neem. Gewenste hoeveelhede mense sal 'n faktor wees wat 'n invloed sal hê op die soort ontwikkeling wat sal geskied. Dit hang nou saam met die vakansiebehoefte wat bestaan.

(iii) <u>Geografiese faktore</u>

(iii) (i) Die ligging van die gebied ten opsigte van die toeristebronne (oorsprong) sal implikasies vir die gebied inhou. Ontspannings-, verblyfs- en vervoerpatrone sal hierdeur geraak word.

(ii) Die grootte en beskikbaarheid van die gebied moet in aanmerking kom.

(iii) Die verspreiding van die hulpbronne sal ook 'n invloed uitoefen.

(iv) <u>Ekonomiese faktore</u>

(iv) (i) Daar moet vasgestel word watter rol die toeristebedryf in die ekonomie van die gebied moet speel. Dit sal nie alleen 'n invloed hê op die soort ontwikkeling nie maar ook op die omvang daarvan. Faktore soos die stimulering van inkome en buitelandse valuta, asook werkverskaffing, sal belangrike oorwegings wees.

(ii) Bestaande ontwikkeling in die gebied moet ook in aanmerking kom. Dit behoort egter nie 'n belangrike faktor in die gebied te wees nie.

(iii) Die beskikbaarheid van owerheids- en privaatkapitaal sal 'n belangrike invloed hê by veral die aanvangsfase van 'n toeristebedryf. Owerheidsbesteding kan aansienlik wees in 'n toeristebedryf en volgens Galeotti is dit

die voordeligste vir owerheids- sowel as privaatbeleggers om ontwikkelings te konsentreer. (Galeotti, p. 21).

(iv) Die ekonomiese benutting van aangebode geriewe. Sorg moet gedra word dat fasiliteite wat voorsien is ekonomies lewensvatbaar is.

Al bogenoemde faktore is, alhoewel afsonderlik bespreek, baie nou verbonde aan mekaar en hulle gesamentlike inslag sal die uiteindelike soort ontwikkeling bepaal. Hulle interafhanklikheid word geïllustreer deur die feit dat ekonomiese oorwegings byvoorbeeld geen gronde sou gehad het sonder geskikte geografiese, sosiologiese of natuurkundige toestande nie. Anders gestel sou die natuurkundige toestande in hierdie geval in 'n heel ander lig beskou gewees het indien daar nie ekonomiese oorwegings aan gekoppel was nie.

Op grond van die genoemde faktore en in besonder weens die grootte van die gebied, die verskeidenheid en gehalte van die hulpbronne en weens ekonomiese oorwegings blyk dit dat die gebied onderverdeel en vir die volgende soorte ontwikkelings aangewend moet word:

A. Gebied van beperkte ontwikkeling

In hierdie geval kan so 'n gebied beskou word as 'n gebied waar die natuurverskynsels in 'n onaangetaste vorm aan toeriste gebied word. Dit impliseer beperkte ontwikkeling en mensgetalle en 'n geselekteerde ontspanningspatroon. Gemeet aan die faktore hierbo genoem kan die volgende beskou word as aspekte wat aanleiding gegee het tot die besluit:

(i) Die groot verskeidenheid natuurlike aantrekkingskragte van hoë gehalte maak dit geskik vir hierdie soort ontwikkeling. Die kombinasies van plantegroei, see, mere en dierelewe in 'n ongeskonde toestand behoort byval te vind by toeriste. Dit is nie net die natuurlike aantreklikheid van hierdie verskynsels wat van belang is nie maar daar is ook tot 'n groot mate 'n uniekheidswaarde aan verbonde wat interessantheid aan die gebied verleen.

(ii) Die kwesbaarheid en ongeskondenheid van die gebied maak dit wenslik dat minder mense en ontwikkeling toegelaat moet word.

(iii) Ekonomies is hierdie alternatief aanvaarbaar weens die gehalte van die toeristeaantreklikheid wat hier voorkom. 'n Eksklusiewe bedryf waar minder mense bereid is om meer te betaal ten einde te vergoed vir die gebrek aan getalle lyk na die oplossing. Dit impliseer natuurlik dat die ontwikkeling en aanbieding van die toeristeaantrekkingskragte van hoogstaande gehalte sal moet wees.

(iv) Bestaande ontwikkeling is minimaal, wat dit moontlik maak om deur die regte beplanning die gebied van die begin af reg te ontwikkel.

(v) Die beskikbaarheid van owerheidskapitaal sal 'n belangrike rol speel by die ontwikkeling van die gebied. Beperkte ontwikkeling sal minder owerheidsbelegging verg en in die opsig kan dit moontlik deurslaggewend wees.

(vi) Die grootte van die gebied en die verspreiding van die hulpbronne maak dit moontlik dat ten minste 'n gedeelte afgestaan kan word vir beperkte ontwikkeling.

B. Algemene ontwikkelingsgebied

Hiermee word bedoel ontwikkeling wat meer in die algemene smaak en behoeftes van toeriste sal voorsien. Faktore soos beskerming van die hulpbronne en ontspanningsoorte soos besigtiging sal steeds van toepassing wees, maar meer gemik op groter mensegetalle en gewone vakansiefasiliteite. Die nodigheid van so 'n soort ontwikkeling kan as volg gemotiveer word:

(i) Die oorwegende faktor hier was die feit dat KwaZulu oor min ander kusgebied beskik waar sy mense kan gaan vakansie hou. Gesien in die lig van die hoë koste en beperkte mensegetalle verbonde aan ongerepte gebiede moes voorsiening gemaak word hiervoor. Die middelklas Zoeloes is op hierdie stadium nog nie finansieel sterk genoeg om daar vakansies te bekostig nie en daarom moet daar vir hulle voorsiening gemaak word.

(ii) Geografies, en weens die verspreiding van die hulpbronne, is dit moontlik om 'n gedeelte (die suidelike deel) van die gebied af te staan aan sulke ontwikkeling.

(iii) Hierdie gedeelte van die gebied is ook minder kwesbaar en beter geskik om meer mense te verdra.

(iv) Hierdie deel is die naaste geleë aan die res van KwaZulu en ook aan die toeristesentra.

(v) Wat die inkomste uit hierdie soort ontwikkeling betref, vergoed die groter getalle mense in teenstelling met die ongerepte gebied, vir die laer vakansiekoste.

### 9.2.1 Die Plan

Die ontwikkelingsvoorstelle wat in hierdie plan vervat is val binne die raamwerk van die voorgestelde grondbenuttingspatroon wat voorheen bespreek is. Dit is egter belangrik dat so 'n ontwikkelingsplan (veral by die implementering daarvan) buigbaar moet wees en daarom moet dit volgens omstandighede aangepas kan word, sover moontlik binne die riglyne wat deur die grondgebruikspotensiaal en ontwikkelingsbeleid neergelê is.

Om op dié stelling uit te brei, moet beklemtoon word dat die verskillende terreine slegs tentatief op die plan aangedui is. Die ontwikkelingsplan dui eerder omgewings aan as vasgestelde terreine en slegs na deeglike terreinondersoeke sal bepaal kan word waar 'n spesifieke gebruik gevestig sal word. Dit geld veral vir infrastruktuur en die oprigting van strukture.

Weens die uiteenlopende behoeftes in die twee voorgestelde ontwikkelingsgebiede sal hulle vir beplanningsdoeleindes sover moontlik geskei word. Dit is egter nodig dat 'n geheelbeeld van die plan deurentyd behou word omdat die twee gebiede mekaar moet aanvul. Sodoende sal oorvleueling of leemtes in die plan tot 'n groot mate uitgeskakel word.

#### 9.2.1.1 Gebied van beperkte ontwikkeling

Alhoewel die Maputalandse kusgebied as geheel tot 'n groot hoogte kwes-

baar is, is daar alreeds gewys op die beperkte kuslyn van KwaZulu, en ander gepaardgaande probleme, wat meebring dat slegs die heel kwesbaarste gedeelte vir so 'n gebied behou kan word. (Sien kaart 10).

Die benutting van hierdie gebied behels die volgende:

(i) Ontwikkeling

Die omvang van die gewenste ontwikkeling in die gebied sal waarskynlik eers uit ondervinding bevredigend vasgestel word, en sal direk saamhang met die mensegetalle wat toegelaat gaan word. Die aard van die ontwikkeling is egter in hierdie stadium van groter belang en dië kan wel voorgeskryf word om by die aard en atmosfeer van 'n natuurlike gebied te pas. Vervolgens sal die verskillende fasette van ontwikkeling wat nou ook, soos voorheen, hoofsaaklik betrekking het op infrastruktuur, en die ontwikkeling van buitelugontspanningsfasiliteite uitsluit, afsonderlik ontleed en geëvalueer word.

(i) (i) Kompleksontwikkeling

Daar bestaan verskeie goeie redes (wat hieronder bespreek word) waarom ontwikkeling in die gebied sover moontlik gekonsentreer moet word in komplekse. Dit sluit in die verblyfs- en binnenshuise ontspanningsfasiliteite asook die inkopie- en administratiewe sentra. Die redes vir so 'n konsentrasie is die volgende:

(a) Onbeheerde of lintvormige ontwikkeling langs die mere en kuslyn sal onvanpas wees in 'n beperkte ontwikkelingsgebied. Dit sal die atmosfeer wat 'n oorwegende faktor in so 'n gebied is tot 'n groot mate skend indien daar mensgemaakte strukture oor die gebied versprei is.

(b) Beheerde ontwikkeling is baie belangrik in die gebied en dit sal makliker verkry word deur ontwikkeling te konsentreer.

(c) Die lewensvatbaarheid van toerisme kan ook bevor-

der word deur die ontwikkeling te konsentreer. Dit sal nie alleen vir private beleggers soos winkeliers aantrekliker moontlikhede bied nie, maar owerheidsbesteding in die vorm van infrastruktuur en dienste behoort ook bevoordeel te word. Sodoende kan waarskynlik beter dienste en ontwikkeling voorsien word met die beskikbare kapitaal.

(d) Georganiseerde uitstappies sal 'n uiters belangrike rol speel, en dië kan makliker georganiseer word vanuit so 'n kompleks. Dit sal ook die administrasie in die gebied in die algemeen vergemaklik.

(e) Weens die kwesbaarheid van die gebied se natuurlike hulpbronne is dit ook nodig dat uitgestrekte ontwikkeling sover moontlik vermy word. Ekstensiewe ontwikkeling sal nie alleen lei tot die ontsiering van die gebied nie, maar ook tot die onvermydelike vernietiging van baie hulpbronne deurdat uitgestrekte padstelsels en strukture ruimte vereis.

(f) Die belangrikste rede bly egter nog steeds dat die gebied in sy natuurlike hoedanigheid behoue moet bly, en daarom so min as moontlik versteur moet word.

Die gedagte is dan om in hierdie gebied 'n sentrale punt te ontwikkel waarvandaan toeriste die gebied kan benut, hetsy georganiseerd of andersins. Die terrein waar die kompleks opgerig gaan word is uiters belangrik en moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Omdat die toeristehulpbronne van hierdie kompleks af benut moet word moet die terrein in die eerste plek sentraal geleë wees ten opsigte van die hulp-

bronne. In hierdie verband beteken sentraal nie noodwendig ewe ver van al die bronne af nie, maar eerder gerieflik ten opsigte van die toeristeaantreklikhede wat daar te bied is.

(b) Ten tweede moet die ontwikkeling geskied op grondgebied (kyk grondbenuttingsplanne) wat geskik is vir ontwikkelingsdoeleindes.

(c) Daar moet ook genoeg ruimte beskikbaar wees vir uitbreidings indien nodig.

(d) Die bestaande padstelsel in die gebied moet in aanmerking geneem word sodat so min moontlik steuring plaasvind met die aanlê of verbetering van toegangsroetes.

(e) Die omgewing waarin die kompleks opgerig gaan word moet sodanig wees dat dit die regte atmosfeer daarstel.

'n Geskikte terrein wat aan die bogenoemde vereistes voldoen is geleë in die omgewing van die bestaande kampeerterrein, maar 'n entjie verder van die meer af. (Sien plan 5.) 'n Verdere voordeel van hierdie terrein is dat dit afgesonder is van die kwesbaarste gedeeltes van die gebied sodat beheer in dié opsig makliker uitgeoefen behoort te kan word.

Soos reeds gesê is, sal die werklike terrein eers vasgestel word na 'n deeglike terreinondersoek, insluitende 'n geologiese ondersoek. Dit sal ook afhang van die strukture wat opgerig gaan word, of dit hoë geboue of enkelverdiepings gaan wees. Die terrein wat hier aangedui word dui slegs die geskikste omgewing aan vir 'n kompleks en 'n paar honderd meter verskuiwing in enige rigting behoort nie verskil te maak nie.

(i) (ii) Paaie

(a) Toegangsroetes

Daar bestaan tans twee toegangsroetes waarlangs die ongerepte gebied bereik kan word. (Sien kaart 6.) Die toestand van die paaie is swak en onvoldoende om as toeristeroetes te dien. Die volgende voorstelle word in hierdie verband gedoen:

(a) (i) Dat een van die twee toegangsroetes sodanig verbeter word dat dit geskik is om as die verbindingsroete tussen die Republiek (Jozini) en Maputa te dien. Die verkose roete vir hierdie doel is die een van Jozini af in die rigting van die Sibayemeer na Maputa en wel om die volgende redes:

1. Die eerste gedeelte van die roete (tot by die Sibayemeer) kan as gemeenskaplike roete vir beide die voorgestelde gebiede dien en sodoende kan die aanvanklike koste besnoei word.

2. Die pad oor Ingwavuma na Maputa is soms gedurende die reënseisoen onbegaanbaar. Die rivier oorstroom die brug en in die omgewing van die Mosimoeras kan ook probleme ontstaan.

3. Laasgenoemde roete kan as alternatief behou word.

(a) (ii) Van Maputa na die voorgestelde kompleksterrein bestaan daar tans 'n moeilik begaanbare tweespoorpad. Hier bestaan daar ook twee moontlikhede, naamlik:

1. Eerstens kan dië toegangspad tot by die kompleks gebring word, wat beteken dat besoekers die kompleks per motorvoertuig kan bereik.

2. Ten tweede kan die pad onbegaanbaar gelaat word soos dit is, en sal daar vervoer gereël moet word

vanaf Maputa vir voornemende besoekers.

Alhoewel laasgenoemde voorstel baie goed sou inpas by die gebied in gedagte, sal dit baie komplikasies meebring vir die besoekers sowel as vir die administrasie. Mense wat byvoorbeeld hulle eie bote wil saambring sal probleme ondervind, en die bykomende vervoerorganisasie sal nog 'n ekstra las op die owerhede plaas, wat reeds hulle hande sal vol hê om toeriste te organiseer. Om dié rede sal dit klaarblyklik die beste wees om die gebied oop te stel tot by die voorgestelde kompleks.

(a) (iii) Alhoewel dit noodsaaklik is om voldoende toegang tot die gebied te hê is dit ook belangrik dat die roetes die regte atmosfeer moet skep en handhaaf. Die paaie moet so aangelê wees dat die gevoel van ongerepte gebied en afgeleënheid deurgaans teenwoordig is. Dit impliseer dat die paaie nie noodwendig teerpaaie hoef te wees nie en dat 'n kronkel- in plaas van 'n reguit pad byvoorbeeld die gevoel van afstand beklemtoon.

(b) Sekondêre paaie

Buiten die toegangsroetes en strate binne die kompleks sal weinig aandag gegee hoef te word aan paaie in hierdie gebied. Geringe verbeteringe aan bestaande bospaaie behoort voldoende te wees, aangesien slegs amptelike voertuie binne die gebied toegelaat sal word. Uitstappies sal dan ook hoofsaaklik georganiseer en onder toesig geskied.

(i) (iii) Lughawens

'n Aspek wat van belang sal wees in die gebied is die voorsiening van landingsfasiliteite. Oorweging moet egter geskenk word aan die moontlikheid dat een lughawe vir die twee onderskeie gebiede onder bespreking aangelê word en wel om die volgende redes:

1. Die koste vir die aanlê van 'n lughawe of vliegveld kan aansienlik wees, en kan sodoende besnoei word.
2. Die afstand tussen die twee gebiede is so klein dat een lughawe aanvanklik beide kan bedien.
3. Dit is te betwyfel of die hoeveelheid mense wat die beperkte ontwikkelingsgebied gaan besoek voldoende sal wees om 'n lughawe te regverdig.

In die lig van laasgenoemde aspek is dit ook wenslik dat so 'n lughawe in die omgewing van die algemene ontwikkelingsgebied geleë moet wees. Gereelde vervoer na die ander gebied kan dan voorsien word.

(i) (iv) Spore

Daar bestaan verskeie redes hoekom spoorvervoer nie ernstige oorweging in hierdie gebied geniet nie, naamlik:

1. Uit hoofstuk vier blyk dit dat spoorvervoer 'n afnemende rol speel in toeristevervoer.
2. Die getal mense wat in die gebied toegelaat gaan word regverdig nie die addisionele koste nie.
3. Dit sal verdere druk plaas op die beskikbare ruimte in die gebied en inbreuk maak op die atmosfeer.
4. Soos in die geval met lughawens kan moontlik 'n gemeenskaplike aanleg met die suidelike gebied oorweeg word.

(ii) Buitelugontspanning

Die voorgestelde ontwikkelingskompleks moet as aanknopingspunt dien by die voorsiening van 'n ontspanningspatroon vir die gebied. Dit is vanuit die kompleks dat werklike deelname aan ontspanning sal geskied. Daar kan basies voorsiening gemaak word vir aktiwiteite op die meer (georganiseerd of ongeorganiseerd), uitstappies om die mere en langs die kus, en strandfasiliteite, wat alles binne bereik van die kompleks is.

Die hieropvolgende voorgestelde benutting van die ontspanningshulpbronne weerspieël nie noodwendig die totale ontspanningspotensiaal van die gebied nie. Dit poog eerder om 'n gebalanseerde ontspanningspatroon weer te gee wat inpas by die voorafgaande benuttingsriglyne wat neergelê is. So byvoorbeeld is strande wat geskik is vir baaiplekke veelvoudig langs die kuslyn, maar slegs dié wat die beste inpas by die algemene ontspanningspatroon word aanbeveel. Dit geld ook vir sommige van die ander ontspanningsoorte.

(ii) (i) Swem- en strandaktiwiteite

Verskeie bruikbare baaiplekke kom langs die kus voor. Behalwe vir die gewone vereistes van 'n breë strand en rotsvrye see is baaiplek in hierdie gebied ook nog aan die volgende addisionele vereistes onderworpe: (Vgl. par. 8.1.1.(a)(i), (ii) en (iii), pp. 103 en 104)

(a) Afstand vanaf die voorgestelde kompleks speel 'n rol, aangesien die kompleks afgeleë is ten opsigte van 'n groot deel van die kuslyn.

(b) Haaie is volop in hierdie gebiedswaters en voorsiening sal getref moet word vir die beveiliging van die swemplekke.

(c) Die seeskilpaaie (gedurende broeiseisoen) moet ook in aanmerking geneem word.

Die strand en see noord van die uitmonding lyk na 'n geskikte plek vir die voorsiening van 'n swemgebied. Wat die res van hierdie gedeelte van die kuslyn betref is dit te betwyfel of daar veel meer swemgeriewe voorsien hoef te word. Toegang tot die gebied suid van die uitmonding sal beperk wees, hoofsaaklik tot georganiseerde uitstappies, en by sulke uitstappies kan miskien swemgeleenthede ingesluit word. Omdat die hoeveelhede mense wat toegelaat gaan word in die gebied egter beperk is, behoort een strandgebied voldoende te wees.

(ii) (ii) Hengel

Wat die hengel betref bestaan daar veral 'n paar probleme waarvoor voorsien moet word.

(a) Alhoewel die mere uiters geskik is vir hengeldoeleindes is dit belangrik dat hengelaars beperk word tot die Nhlangameer (Vgl. 8.1(b)(ii)(ii), p. 107)

(b) Om die rustige atmosfeer te behou is dit nodig dat die grootte van bootenjins, en terselfdertyd bootsnelheid, binne sekere perke gehou word. Dit sal ook die veiligheid op die meer bevorder waar ander bootaktiwiteite soos seil en kanovaart ook sal plaasvind. (Vgl. par. 8.1.1 (d)(i) p. 114)

(c) 'n Verdere probleem ontstaan langs die kuslyn. Die rotsagtige geaardheid van die see veroorsaak dat baie visgerei in die water afbreek en dit het probleme tot gevolg. (Vgl. par. 8.1.1 (b)(i)(ii), p. 105)

(d) Die seeskilpaaie beperk ook hengelaars tot bepaalde tye van die jaar, of tot bepaalde afgebakende hengelplekke, soos ook die geval met die swemplekke is.

(e) Die kusgebied is deur die KwaZuluregering aanbeveel as marinereserwe. (Vgl. par. 8.1.1 (b)(i)(iii), p. 106

Hengelplekke in hierdie gebied sal dus binne sekere perke wees, en vir hengeldeelname buiten dié op die plan aangedui sal daar na die suidelike streek gegaan moet word.

(ii) (iii) Besigtiging

Besigtiging gaan 'n belangrike rol speel by die benutting van die gebied. Dit is juis weens hierdie

potensiaal van die gebied, wat nou verband hou met die natuurverskynsels wat daar voorkom, dat ontwikkeling beperk word.

(a) Staptoere

Alhoewel stap op sigself 'n belangrike vorm van ontspanning is, hou dit in hierdie geval verband met besigtiging, en kan dit moontlik eersgenoemde insluit. Besigtigingstaptoere kan die volgende roetes insluit:

(a) (i) 'n Uiters interessante gebied om in te stap is langs die Siyadlarivier en die Manzayamameer. Die gebied beskik oor 'n uitstaande natuurskoon, en veral onder geleide kan interessante staptoere hier gereël word.

(ii) Staptoere bedags langs die see, veral ten suide van die uitmonding. Dit sal egter buite die broeiseisoen van die skilpaaie moet geskied. Dit kan ook staptoere in die gebied agter die duine insluit, wat ook die moeite werd sal wees.

(iii) Staptoere snags langs die see met die doel om die seeskilpaaie te besigtig. Dit behoort groot aftrek te geniet weens die besonderheid daarvan. Dit sal egter streng onder geleide moet geskied, en is soos in bogenoemde geval (a) (ii) seisoensgebonde.

Hierdie genoemde roetes wat ook aangedui is op die plan lewer egter ook 'n probleem op. Dit is naamlik dat die terrein waaroor gestap moet word meestal ver van die kompleks is, en om dit te oorkom bestaan daar verskeie moontlikhede.

(aa) Per motorvoertuig, wat sal meebring dat die toere georganiseer sal moet word aangesien gewone voertuie nie hierdie gebied kan bereik nie. Stap- en motorbesigtigingstoere (kyk onder) kan moontlik

gekombineer word.

(bb) Per boot, waardeur al die beplande roetes maklik bereik kan word. Kombinasies van boot- en staptoere kan hier ook 'n oplossing wees.

(cc) 'n Derde moontlikheid is om te stap. Deur te stap na die bestemmings word ook nuwe interessante moontlikhede geskep, naamlik staptoere wat langer as 'n dag duur en herbergstasies insluit in die vorm van hutte waar oornag kan word. So 'n staptoer kan op so 'n wyse georganiseer word dat dit al die beplande roetes insluit en oor verskeie dae strek. Daar kan dan gereël word dat so 'n groep by die eindpunt gehaal word, of dat sirkelroetes gestap word wat weer by die kompleks eindig.

(b) Motortoere

Georganiseerde uitstappies per motor kan geskied langs die voorgestelde paaie, om die mere en langs die kus. Dit kan dan ook 'n besoek aan die suidelike gebied insluit.

(c) Boottoere

Besigtigingstoere op die mere hou baie moontlikhede in. Veral in die rigting van die Siyadlariver is daar baie besienswaardighede, insluitende seekoeie, krokodille, voëls, ape en plantegroei.

(d) Onderwaterbesigtiging

In teenstelling met die gekortwiekte hengelmoontlikhede in die see, bestaan daar volop potensiaal vir onderwaterbesigtiging. Die hele kuslyn hou groot moontlikhede in in dié opsig, en dit val goed saam met die gedagte van 'n marinereserwe. Dit kan ook ingesluit word by die program van besigtigingstoere in die gebied.

(e) Voëlwaarneming

Weens die groot verskeidenheid voëls wat daar oor die hele gebied voorkom, maar veral op die panne, mere en in die woude kan dit ook ingesluit word as besigtigingsmoontlikheid. Alhoewel dit vanselfsprekend as addisionele aantreklikheid op die genoemde toer sal dien, kan dit op sigself ook 'n aantreklikheid wees.

(ii) (iv) Bootaktiwiteite

Soos reeds besluit is sal dit wenslik wees om alle ongeorganiseerde bootaktiwiteite tot die groot meer te beperk. Hier bestaan voldoende wateroppervlak om die verskillende bootaktiwiteite (snelbote uitgesluit) te huisves.

9.2.1.2 Ontwikkelingsgebied

Die benutting van hierdie gebied gaan in vele opsigte verskil van dië van die vorige. Aandag moet eers egter gegee word aan 'n paar aspekte alvorens op 'n benuttingspatroon besluit word.

1. Alhoewel daar in die algemeen bevind is dat hierdie gebied minder kwesbaar is as die ongerepte gebied, beteken dit nog nie dat onbeheerde ontwikkeling toegelaat mag word nie. In dië opsig moet veral aandag gegee word aan die volgende:

1.1 Die gebied is in alle opsigte net so kwesbaar vir winderosie as in die vorige geval. Veral die duinegebied sal beskerm moet word, en in dië opsig sal veral voet- en ander paaie oor die duine aandag verg.

1.2 In die tweede plek kom die bes gedefinieerde duine en duinewoude in dië gebied voor, nl. ten ooste van die Sibayemeer. Die beskerming van hierdie gebied is noodsaaklik, veral in die lig van die groot getalle mense wat die gebied gaan besoek.

1.3 Die Sibayemeer is 'n afgeslote wateroppervlak met geen waarneembare uitvloei nie en daarom is dit besonder kwesbaar vir besoedeling. Omdat die meer ondergronds gevoed word sal veral aandag aan die rioleringstelsels in die omgewing van die meer geskenk moet word, maar ook aan alle ander vorms van potensiële besoedeling. Die onbesoedelde inhoud van die meer is tans een van sy kenmerkendste eienskappe, en maak dit feitlik uniek in dié opsig vir hierdie soort meer in Suid-Afrika.

2. Juis omdat hierdie gebied deur baie mense besoek en benut gaan word sal meer aandag aan die beskerming daarvan gegee moet word.

3. Ten derde moet daar in aanmerking geneem word dat daar net suid van die gebied, naamlik by Sordwanabaai reeds 'n vakansieoord bestaan. Dit sal veral van belang wees vir die plasing van gebruike, en ook van die omvang van benutting van die gebied. Sordwanabaai kan redelik groot hoeveelhede mense ontvang en behoort in dié opsig heelwat druk van die gebied self af te neem.

(i) <u>Ontwikkeling</u>

Die ontwikkelingsvoorstelle in hierdie gebied sal daarop gemik wees om:

(a) 'n groot hoeveelheid mense te akkommodeer en
(b) in die algemene vakansiebehoeftes van die gemiddelde inkomstegroep te voorsien.

Dit is uitsluitlik om hierdie redes dat dié gebied te onderskei is van die reeds bespreekte gebied.

(i) (i) <u>Kompleksontwikkeling</u>

Alhoewel meer mense hierdie gebied gaan besoek is dit steeds wenslik dat alle ontwikkeling in komplekse moet geskied. Die redes hiervoor stem grootliks ooreen met

wat in paragraaf 9.2.1.1 (i) (i) aangevoer is, alhoewel al die redes nie hier van toepassing is nie. Die vrae wat beantwoord moet word is eerstens hoeveel komplekse nodig sal wees en tweedens waar hulle gevestig moet word. Die aantal komplekse sal verder afhang van:

(a) die hoeveelheid mense wenslik in die gebied wat, soos reeds voorheen besluit, eers uit ondervinding bepaal sal kan word en

(b) die omvang van die komplekse.

Daar is egter 'n ander faktor wat hier 'n oorwegende rol speel, naamlik beskikbare terreine wat ook die aantal komplekse kan beperk, selfs tot so min as een of twee. Gedagtig aan die terreinvereistes in paragraaf 9.2.1.1(i) (i) neergelê kan die gevolgtrekking gemaak word dat geskikte terreine in hierdie gebied beperk is en wel om die volgende redes:

(aa) Die gebied se grootste ontspanningspotensiaal is geleë in die see en die meer, sodat ontwikkeling ten opsigte daarvan strategies geleë moet wees. Alhoewel daar geskikte terreine in die binneland is kom hulle om hierdie rede nie in aanmerking nie.

(bb) Volgens plan 2 is 'n groot deel van die strand ten suide van die Sibayemeer nie baie geskik vir ontspanningsdoeleindes nie. Die strande is rotsagtig, en voldoen nie aan die vereistes vir baaigebied nie. Die see is wel nog geskik vir hengel en duik maar ontwikkeling moet verkieslik binne bereik van swemgeriewe wees.

(cc) Verder is dit volgens plan 2 duidelik dat die duine in die gebied reeds aansienlike erosieskade opgedoen het, en toegang tot die see en benutting

van die strande, wat die erosiepotensiaal vergroot, sal met sorg oorweeg moet word.

(dd) Die duine is goed ontwikkel en toegang sal voorsien moet word waar die duine klein is, sodat die see te voet bereik kan word.

(ee) Indien die komplekse so geplaas word dat beide die Sibayemeer en die see vanaf dieselfde kompleks benut kan word sal dit baie bydra tot die verskeidenheid ontspanningsgeleentheid wat daar te bied is.

(ff) Die komplekse wat in hierdie gebied aansienlike hoeveelhede mense moet huisves moet verkieslik nie te naby die ongerepte gebied geplaas word nie. Besoeke aan die genoemde gebied kan moontlik gereël word, maar 'n groot aantal mense op die kant van die gebied sal onwenslik wees.

Met dié vereistes in gedagte is daar twee moontlike terreine wat oorweging geniet. Die aangewese terrein blyk te wees tussen die Sibayemeer en die see. (Kyk plan 5.) Hierdie terrein is strategies geleë, met relatief maklike toegang tot die see. In hierdie omgewing sal die ontwikkeling ook tot redelik naby die see kan geskied weens die klein duine. Dit sal wenslik wees om die moontlikheid te ondersoek om een groot kompleks in hierdie omgewing op te rig, en dan nie enige verderes te oorweeg nie.

'n Alternatief is om 'n tweede kompleks naby die bestaande fasiliteite by Sordwanabaai te vestig. Dit sal dan beskou kan word as 'n uitbreiding van die bestaande geriewe.

Dié twee terreine lyk na die geskikste in hierdie stadium. Indien die owerhede dit wenslik ag en indien die

druk op hierdie twee komplekse dit vereis kan verdere uitbreiding aan die hand van plan 2 oorweeg word.

(i) (ii) Paaie

(a) Toegangsroetes

Die twee komplekse wat moontlik ontwikkel gaan word is bereikbaar langs bestaande weë alhoewel dië aansienlik verbeter sal moet word.

(aa) Daar is reeds voorgestel dat 'n gemeenskaplike toegangsroete die Sibayemeer- en ongerepte gebied se komplekse met Jozini moet verbind.

(bb) Die huidige roete na Sordwanabaai behoort gebruik te word om die tweede voorgestelde kompleks te bereik.

(b) Sekondêre paaie

Langs bestaande roetes binne die gebied kan al die voorgestelde gebruike in die gebied bereik word. Die komplekse is so geleë dat die meeste ontspanningsfasiliteite te voet bereik kan word, en vir verdere deelname is genoegsame paaie beskikbaar.

(i) (iii) Lughawens

Daar is in paragraaf 9.2.1.1 (i) (iii) besluit dat landingsfasiliteite in hierdie gebied voorsien sal word wat beide gebiede bedien. Redes hoekom dit in die omgewing van die Sibayemeerkompleks geplaas moet word is die volgende:

1. Dit gaan heelwaarskynlik die grootste kompleks in die hele gebied wees, en daarom is dit redelik om te glo dat die behoefte aan 'n lughawe hier die grootste gaan wees.

2. Dit is sentraal geleë ten opsigte van die ander twee komplekse.

3. In hierdie omgewing is die terrein geskik vir die aanlê van landingsfasiliteite. Hier is ook genoeg ontwikkelingsterrein beskikbaar.

'n Geskikte terrein vir die aanlê van 'n lughawe word op plan 5 aangedui.

(i) (iv) Spore

Die aanleg van 'n spoorverbinding na die gebied moet aandag geniet. Die volgende oorwegings steun so 'n voorstel:

1. Die hoeveelheid mense wat die gebied gaan besoek mag sodanig wees dat dit 'n spooraanleg regverdig.

2. Die inkomstegroep waarvoor beplan word kan baat daarby vind. Hier word veral aan die mense van KwaZulu gedink.

3. Die bestaande en beoogde bosbouaanleg kan hierby ingeskakel word.

Die aanleg van 'n spoorlyn sal egter aan omstandighede en die beskikbaarheid van kapitaal onderworpe wees. Die ontwikkeling in die gebied sal waarskynlik aanvanklik nie die koste verbonde regverdig nie, maar gaandeweg soos die behoefte toeneem kan meer aandag gewy word aan die saak.

(ii) Buitelugontspanning

Op die oog af lyk die ontspanningspatroon in hierdie gebied identies aan dië in die ongerepte gebied. Die onderskeid lê egter hoofsaaklik in 'n klemverskuiwing vanaf die eksklusiewe, waar aktiwiteite soos besigtiging en belewing die hoofrol speel, na die algemene, met die klem op byvoorbeeld swem en bootsport. Die bedoeling is dan ook dat die twee gebiede mekaar moet aanvul in hierdie opsig, anders sou 'n skeiding nodeloos wees.

Dit moet verder ook duidelik gestel word dat indien daar verdere behoefte aan toerismefasiliteite sou ontstaan, hierdie gebied aangewese sou wees om die grootste deel daarvan te absorbeer. In die ongerepte gebied sal 'n versadigingspunt baie gouer bereik word, waar die gebied eenvoudig net nie meer mense sal kan ontvang en nog sy beeld behou nie.

(ii) (i) Swem en strandaktiwiteite

Daar bestaan 'n aantal faktore wat die voorsiening van swem en strandaktiwiteite begunstig, in teenstelling met die geval in die ongerepte gebied. Hierdie faktore is die volgende:

(a) Die see is baie nader en toeganklike van die voorgestelde ontwikkelingskomplekse. Die hoë duine wat kenmerkend is van hierdie kusgebied is hier plek-plek bykans afwesig en kan dus makliker oorkruis word.

(b) Die seeskilpaaie kom slegs by uitsondering in noemenswaardige getalle in hierdie gebied broei. Wanneer hulle wel voorkom is dit hoofsaaklik noord van die Sibayemeer. Met die nodige organisasie is dit dus 'n faktor wat heeltemal uitgeskakel en om dié rede buite rekening gelaat kan word.

(c) As alternatief kan die Sibayemeer ook goeie swemgeleenthede bied. Die skoon water en sandbodem behoort veral vir kinders geskik te wees.

Die een nadeel wat ook in hierdie gebied bestaan is egter die voorkoms van haaie. Daarom sal die baaigebiede beperk moet word tot beskermde strande.

(ii) (ii) Hengel

Alhoewel die see in die gebied baie geskik is vir

hengel, geld dieselfde probleme hier wat in paragrawe 9.2.1.1 (ii) (ii) (c) en (e) beskryf is. Dit behoort egter nie onoorkomelike struikelblokke te wees nie, en bykans die hele kuslyn is geskik vir hengeldoeleindes.

Indien landingsfasiliteite geskep kan word of indien daar van Sordwanabaai se bestaande geriewe gebruik gemaak kan word, kan diepseehengel 'n belangrike aantreklikheid in die gebied word. (Vgl. par 8.1.1 (b) (i) (iv) p. 106)

Wat die Sibayemeer betref kan dit nie beskou word as goeie hengelwaters nie. Daar kom wel vis voor, maar om reeds verklaarde redes is die meer relatief arm aan vis.

(ii) (iii) Besigtiging

Alhoewel hierdie gebied nie oor dieselfde besigtigingspotensiaal as die ongerepte gebied beskik nie, bestaan daar nog steeds heelwat besigtigingsmoontlikhede. Hieronder tel die volgende:

(a) Die see en strande.

(b) Die duine oos van die Sibayemeer wat oor die bes ontwikkelde duine en duindeplantegroei in die hele gebied, insluitende die ongerepte gebied, beskik.

(c) Die Sibayemeer en omgewing.

(aa) Staptoere

Staproetes in die gebied kan die volgende insluit:

(i) Stap op die strand langs die see.

(ii) Goedbeplande roetes in en om die duine. Hier moet veral aandag geskenk word aan die erosieprobleem wat kan ontstaan.

(iii) Stap in die binnelandse gebied, veral langs die meer.

(iv) In oorleg met die owerhede in die ongerepte gebied kan moontlik ook staptoere na hierdie gebied onderneem word, veral om die seeskilpaaie te besigtig. Die wenslikheid hiervan sal egter eers ondersoek moet word.

(b) <u>Boottoere</u>

Plesieruitstappies op die meer, waartydens seekoeie, krokodille en watervoëls in die afgeleë dele van die meer besigtig kan word, is 'n besliste moontlikheid in die gebied. Hierdie uitstappies sal egter onder toesig moet geskied en sal dus georganiseerd moet wees.

(c) <u>Onderwaterbesigtiging</u>

Feitlik die hele kuslyn bied groot moontlikhede in dié opsig. Voorsiening vir hierdie aktiwiteit kan afsonderlik gemaak word van die swemplekke, aangesien juis die strande wat rotsagtig en ongeskik is vir swem die beste moontlikhede vir besigtiging bied.

(d) <u>Voëlwaarneming</u>

Feitlik oor die hele gebied kom 'n groot verskeidenheid voëls voor. Dit is egter veral op die duine en om die meer waar die grootste potensiaal in dié opsig geleë is.

(ii) (iv) <u>Bootaktiwiteite</u>

In dié opsig kan die Sibayemeer 'n belangrike leemte in die ontspanningspatroon van die gebied aanvul. Dit is veral belangrik as in aanmerking geneem word dat die Kosimeresisteem nie werklik geskik is vir bootaktiwiteite nie.

Weens die groot oppervlakte van die meer kan daar voorsiening gemaak word vir al die onderskeie bootaktiwi-

teite, insluitende snelbote en waterski, roeibote, seilbote en kano's. Dit mag wenslik wees om die stil bote van die snel- en skibote te skei om veiligheidsredes, maar dit is wel moontlik weens die groot wateroppervlak.

'n Verdere voordeel van die meer is dat dit nie baie ryk is aan waterlewe nie, behalwe in die inhamme en sloepe waar die bote in elk geval nie toegelaat sal word nie. Die gebrek aan waterlewe is nie net voordelig vir die bootaktiwiteite nie, maar dra ook by om botsende aktiwiteite soos hengel of besigtiging en byvoorbeeld snelbote te vermy.

# HOOFSTUK X

## 10. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die opdrag soos in paragraaf 1.1 omskryf is uitgevoer en uitspruitend uit die feite wat sodoende aan die lig gekom het kon die hieropvolgende gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

### 10.1 GEVOLGTREKKINGS

1. Toerisme kan 'n belangrike element wees in die ekonomieë van ontwikkelde sowel as ontwikkelende lande, en is 'n ekonomiese faktor op nasionale sowel as internasionale gebied.

2. In die geval van ontwikkelende lande (wat hier betrekking het) kan dit veral 'n ekonomiese rol speel op die volgende terreine:

   2.1 As verskaffer van inkome en werkgeleentheid.
   2.2 As bron van buitelandse valuta.
   2.3 As belangrike afsetter van die vermenigvuldigerproses.
   2.4 As verspreider van ekonomiese aktiwiteit na onontwikkelde streke wat dikwels slegs geskik is vir toerismeontwikkelings.

3. Daar bestaan verskeie veranderlike invloedsfaktore wat meebring dat die bedryf voortdurend moet aanpas by veranderende omstandighede.

4. Dit is veral die gesamentlike aanslag van hierdie faktore wat die gang van toerisme as sulks bepaal, en nie soseer die invloed van elk van die faktore afsonderlik nie.

5. Met bogenoemde faktore in ag genome blyk dit dat:

   (i) hotelverblyf in hierdie stadium die belangrikste vorm van verblyf vir toeriste is. Die sterkste mededinger hier

is kampering, insluitende woonwaens.

(ii) Binnelandse toeriste toon 'n toenemende vraag na lugvervoer vir langerafstandreise, en daar is 'n toename te bespeur by padvervoer vir die nader reise.

(iii) Plesierritte, swem, hengel, piekniek, stap, perdry en die verskillende bootsporte blyk op hierdie stadium die gewildste buitelugontspanningsaktiwiteite te wees.

(iv) Uit verskeie agtergeblewe gebiede wat beskou is blyk dit dat die volgende hulpbronne as natuurlike toerismehulpbronne byval vind:

(iv) (i) Plantegroei
(iv) (ii) Dierelewe
(iv) (iii) Klimaat
(iv) (iv) Strande en see
(iv) (v) Berge

6. Toerismehulpbronne, hetsy natuurlik of andersins, moet benut word te midde van deeglike voorafbeplanning, wat 'n kompromis behoort te sluit tussen benutting en beskerming.

7. Maputaland is 'n gebied wat as gevolg van die afgeleënheid daarvan asook sekere fisiese tekortkominge soos min of minderwaardige natuurlike hulpbronne nog baie onderontwikkel is. Die gebied was tot op hede nog nie geskik vir die meer konvensionele vorms van ontwikkeling soos industrialisasie of selfs 'n noemenswaardige landboubedryf nie.

8. Te midde van hierdie tekortkominge bestaan daar egter verskeie natuurlike hulpbronne wat vir 'n toeristebedryf tot groot hulp kan wees. Juis die feit dat die gebied tot op hede ongeskik was vir ander vorms van ontwikkeling, het bygedra tot die ongeskondenheid en ongereptheid daarvan.

9. Die gebied beskik oor al die natuurlike toerismehulpbronne wat hierbo genoem is as bewese aantreklikhede.

10. Die gebied kan ook al die gewilde ontspanningsoorte soos hierbo uitgesonder huisves.

11. Afgesien van die bestaande hulpbronne, wat ook eers ontwikkel sal moet word, sal die hele gebied insluitende die ekonomie, infrastruktuur en vervoerstelsels aangepas moet word om 'n toeristebedryf te akkommodeer.

## 10.2 AANBEVELINGS

1. Dat daar in Maputaland 'n toeristebedryf gevestig word.

2. Dat so 'n bedryf langs die kusgebied gevestig word omrede:

   (i) Die oorgrote meerderheid hulpbronne daar gekonsentreer is en

   (ii) om finansiële redes deurdat owerheids- en private kapitaalbeleggings besnoei kan word indien die ontwikkeling gekonsentreerd is.

3. Dat die kusgebied in twee dele ontwikkel word, naamlik:

   (i) 'n Beperkte ontwikkelingsgebied waar die klem sal val op 'n eksklusiewe toeristebedryf waaraan 'n hoë kostestruktuur verbonde sal wees. Dit sal die noordelike gedeelte behels.

   (ii) 'n Algemene toeristeoord in die suidelike helfte van die gebied. Die gebied sal ontwikkel word om in die meer algemene vakansiebehoeftes van mense te voorsien.

4. Dat ontwikkeling in die bogenoemde gebiede as volg geskied:

   (i) Verblyfsfasiliteite en ander dienste moet binne komplekse gevestig word.

(ii) Primêre paaie in die gebied moet aangelê of verbeter word soos aangedui op die ontwikkelingsplan. Dit sluit in 'n toegangsroete van Jozini na die kompleks in die noordelike deel, en die bestaande roete na Sordwana-baai om die tweede kompleks te bereik.

(iii) Bestaande sekondêre paaie met geringe verbeteringe behoort voldoende te wees om alle ontspanningsfasiliteite in die gebied binne bereik van besoekers te plaas.

(iv) 'n Lughawe of vliegveld by die suidelike kompleks sal voorlopig voldoende wees om die gebied te bedien.

(v) Al die onderskeie buitelugaktiwiteite moet beperk word tot die terreine wat op die ontwikkelingsplan daarvoor aangedui is. Dit sal bestaande gebruike sowel as oorbenutting en beskadiging van die hulpbronne voorkom.

## BRONNELYS

### Boeke

Beazley, E. Designed for Nature. Faber and Faber, London 1969.

Burton, T.L. Recreation research and Planning. Allen and Unwin, London 1970.

Clawson, The crisis in outdoor recreation. Publication. Washington 1959.

Dorst, J. Before nature dies. Collins London. 1971.

Douglas, R.W. Forest Recreation. Pergamon Press, New York. 1969.

Encyclopaedia Britannica. "Ethiopia" Encyclopaedia Britannica. Vol. 8 1971. Benton, Londen.

"Kenya" Encyclopaedia Britannica. Vol. 13 1971. Benton Londen.

"Tunisia" Encyclopaedia Britannica. Vol. 22 1971. Benton Londen.

Hance, W.A. The Geography of Modern Africa. Columbia University Press. New York, 1964.

Isard, W. Ecologic-Economic analysis for regional development. New York. The Free Press 1972.

Kenmuir, D, en Williams, R. Wild Mammals. Longman Rhodesia, Beatrice Road, Salisbury 1975.

King, L.C. South African Scenery. Edenburg 1942.

McHarg, I.L. Design with nature. Natural History Press New York, 1969.

Norval, A.J. The Tourist Industry. Pitman and Sons London. 1936.

O'Conner, A.M. An Economic Geography of East Africa. Bell and Sons. London. 1967.

Patmore, J.A. Land and Leisure in England and Wales. Dickonson University Press, Cranbury New Jersey, 1971.

Peters, M. International Tourism. Hutchinson and Co., Londen 1969.

Popovic, V. Tourism in Eastern Africa. Mans Donau Duitsland. 1972.

Schultze, C.L. National Income Analysis. Prentice-Hall Inc. Englewood Cliffs, New Jersey. 1967.

### Tydskrifte

Africa "Tunisia" Africa 1969/70.

Archer, B. "Methods of calculating tourist regional expenditure." Journal of the Royal Townplanning Institute 5b(1) Januarie 1972.

Bischoff, C.P. Volkshandel XXV11 (7) September 1966.

Butros, G. "Tunisia's economic path" Africa, Desember 1972.

Butler, W.S. "Planning for tourism" Journal of the Townplanning Institute. 14 Mei 1968.

Eckbo, G. "The landscape of Tourism." Landscape. 18(2) 1969.

Fortune "East Africa's Tourist Boom Begins." Fortune LXXX111(6) Junie 1971.

Galeotti, E. "Industrialization of Tourism in the developing areas." Travel Research Journal. International Union of Travel Organizations.

Georgulas, N. "Tourist destination Features." Journal of the Townplanning Institute. 56(10) Desember 1970.

Geroudét, M. "Tourism and Transport: Interdependence and repercussions." World Travel. 86 Nov/Des. 1968/Jan. 1969.

Harvey, L.G. "Want Tourists? Plan for them." Modern Government. Mei/Junie 1968.

Hill, A. "Tourism in Africa" African Development. Oktober 1971.

Horwood, O. "Toerisme lê goue eiers in Suid-Afrika." Die Vaderland. 5 Junie 1973. Toespraak deur sen. O. Horwood.

International Tourism Quarterly. "The role of tourism in economic development." International Tourism Quarterly 2. 1973.

"Regional report no. 7 North Africa." International Tourism Quarterly 4. 1972.

X International Union of Travel Organizations. Technical Bulletin Febr. 1972<br>Maart 1972<br>April 1972

X International Union of Travel Organizations. "25 Years of Tourism." World Travel. 96 Aug/Sept. 1970.

Jaakson, R. "Recreation Zoning and Lake Planning." Townplanning Review. 43(1) Jan. 1972.

Maunders, W.J. "A human classification of climate." Weather. 17 1962.

Milliman, J.W. "Can people be trusted with natural resources?" Land Economics XXXX111 (3) 1962.

New Press Agency. "Need for African tourism harmony." New Press Agency. 316 Maart 1972.

Rian, A. "The promotion of domestic tourism." World Travel. 87 Febr/ Maart 1969.

Schultz, M.C.T. "Tourism" Journal for Public Administration. 1 (4) April 1966.

Southern African Financial Mail. "Tourism: Is scenery enough" S.A. Financial Mail. 9. 14 Junie 1963.

Steyn, J.N. "Bewaringsmodel vir ontspanningshulpbronne." Suid-Afrikaanse Geograaf IV (2) April 1973.

Tobé, E.I. "Planning for leisure in Sweden." Long Range Planning. Sept. 1971.

Weather Bureau. (Department of Transport.) Climate of South Africa. Part 9 1960.

Weather. 17 Oktober 1971.

World Travel. "Development of tourism in recent years." World Travel.89 Aug/Sept. 1969.

"New light on the multiplier effect in analysing the impact of tourism spending." World Travel 89 Sept/Okt. 1969.

"25 Years of tourism" World Travel. 96 Aug/Sept. 1970.

"A realistic appraisal of tourism resources" World Travel. Special issue 103 Okt. 1971.

"Priority given to infrastructure" World Travel Special issue 103 Okt. 1971.

"Holidays past, present and future" World Travel. Special issue 103 Okt. 1971.

"Tomorrow's tourism will feature mass consumption." World Travel. Special issue 103 Okt. 1971.

"Protection of tourist resources in the general interest." World Travel. Special issue 103 Okt. 1971.

"Tourism and national economic development" World Travel. 83 April/Mei/Junie 1968.

Verslae en Geskrifte

Allison, J. Report on the utilization of lake Sibaye. Ongepubliseerde verslag vir die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling 1974.

Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling. Maputaland Guide Plan 1973.

Departement van Beplanning. The Drakensberg catchment reserve. Staatsdrukker 1970.

Board of the Travel and Tourist Industry (Republic of the Philippines) and the Philippine Tourist and Travel Association, Inc. Statistics on Travel and Tourism 1957 - 1966 Manila 1967.

Coke, M. Utilization of the Pongola floodplain pans. Ongepubliseerde verslag vir Departement van Bantoe-Administrasie en-Ontwikkeling. 1974.

Coke, M en Pott, R. The Pongola floodplain pans. Verslag vir die Natalse Parkeraad. Julie 1970.

Countryside Commission. The coastal heritage. Her majesty's stationary office. London 1970.

California public outdoor recreation plan committee. California public outdoor recreation plan part 11. 1960.

Clement, H.G. The future of Tourism in the Pacific and Far East. U.S. Department of Commerce 1961.

De Clercq, J.L.W. Die viskrale van Kosibaai as kultuurverskynsel. Universiteit van Zoeloeland. Reeks 3, Vakkundige redes.

Heydorn, A.E.F. Progress, Conservation and Communication. Ongepubliseerde verslag gelewer aan die kustak van die Wildlife Society.

Heydorn, A.E.F. en Wallace, J.H. The role of the fauna of the Kosi lake system and the Associated coastal regions in terms of the possible proclamation of a nature reserve. Ongepubliseerde verslag vir die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling 1974.

Hughes, G.R. The possible role of sea turtles on the utilization of the Maputaland coast. Ongepubliseerde verslag vir die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, 1974.

I.A.N.U.S. team. Ethiopian Tourist Development Plan. Angeli Editore. Milano, 1969.

Kleinhans, M.J. Recreation planning in Maputaland. Ongepubliseerde verslag vir die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, 1974.

Metra International Group. Euro tourism - International study of tourism and its future. 35 Boulevard Brune, Parys. 1965.

Moll, E. Vegetation of Maputaland. Ongepubliseerde verslag vir die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling. 1974.

Nasionale program vir die Internasionale Bewaringsprojek. Gesamentlike CT/projek aqua voorstelle vir die bewaringsgebied in Noord-Zoeloeland. Ongepubliseerde verslag.

Nedbank Group of Companies. Statsinform. Nedbankgroep 1972.

Organisation for economic co-operation and development. (O.E.C.D.) Tourism in O.E.C.D. member countries. O.E.C.D. Parys 1970.

Organisation for economic co-operation and development. International Tourism policy in O.E.C.D. countries 1971.

Page, D. Sentraal-Weskus ontwikkelingstreek beplannings verslag. Departement streeksbeplanning, Stellenbosch, 1972.

Phiri, J.R. "The impact of tourism and its development on essential wilderness qualities of wild areas." Proceeding sarcuss symposium on Nature conservation as a form of land use. Corongosa National Park, Mocambique. Sept. 1971.

Player, I. Planning in Maputaland. Ongepubliseerde verslag vir die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling 1974.

Schadlbauer, F.G. Die toerisme moontlikhede van die Hoër Oranje-streek. Instituut vir Sosio-Ekonomiese Navorsing. Universiteit van Oranje-Vrystaat 1972.

Schultz, M.C.T. A discussion of the part Tourism can play in Western Cape development and how Tourism can be encouraged. Lesing gelewer voor die Suid-Kaapse ontwikkelingsvereeniging. 1965.

Stads- en Streeksbeplanningskommissie. A south coast survey of areas of scientific value and outstanding beauty. Aug. 1971 Direkteur, Stads- en Streeksbeplanning. Natalse Provinsiale Administrasie.

The Canada Land Inventory. Land capability classification for outdoor recreation. Department of Regional Economic Expansion. Report No. 6, 1969.

Tinley, K.L. The ecology of the Kosi lake system. Ongepubliseerde verslag.

Travis, A.S. Recreation Planning for the Clyde. Scottish Tourist Board, Edinburgh.

United Nations. "Elements of tourism policy in developing countries." United nations conference on trade and development.

United Nations economic and social council. Economic commission for Africa. Tourism in Africa 1972. 5 Maart 1973.

Van Riet, W. "Introductory thoughts on the need for a landscape approach as a pre-requisite to any form of land use in conservation area as a defence against the destruction to the wilderness atmosphere." Proceeding sarcuss simposium on Nature conservation as a form of land use. Gorongosa National Park Mocambique. September, 1971.

Zaloumis, N. The utilization of the wild duck of Maputaland. Ongepubliseerde verslag vir die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling 1974.

Verhandelinge

Hugo, M.L. Ontspanningsbehoeftes by die Bantoe. Doktorale-verhandeling 1975.

Muller, E.C.C. Toerisme vs. Bodembenutting. M.A.-verhandeling Nov. 1970.

Steyn, J.N. Die Suid-Afrikaanse Toeristebedryf. Geografiese patrone en invloede op regionale ontwikkeling. Doktorale verhandeling Desember 1972.

Van der Merwe, A.J. 'n Geografiese studie van Opelugontspanning in Transvaal. M.A.-verhandeling Des. 1965.

V.d. Westhuizen, N.J.G. Ontspanning en Toerismebeplanning vir Noord-Transvaal. M.Sc.-verhandeling 1974.

Kaarte

Loxton, Hunting and Associates. "Bioclimatic regions of Maputaland." The natural resources of Maputaland. Kaart 2 1970. Ongepubliseerde opname gedoen vir die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling.

"Physiographic regions of Maputaland." The natural resources of Maputaland kaart 4, 1970. Ongepubliseerde opname vir die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling.